

DIE ONDERWYS VAN BLANKES IN WATERBERG,  
1850 - 1950

deur

GILLIAUME JACOBUS MARTINS, B.A., B.Ed,

ter verkryging van die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die Fakulteit van Opvoedkunde

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOER ONDERWYS.

Promotor: Prof. dr. J.J.Snyman.

Lawley.  
1957.

## VOORWOORD.

In hierdie verhandeling het ek gepoog om 'n oorsig te gee van die onderwys van blankes in die Waterbergse distrik aan die hand van historiese bronne.

Alhoewel Waterberg die grootste distrik in die Zuid-Afrikaanse Republiek was, was dit tog uiters yl bewoon. Hoewel baie groot gapings in die bronne bestaan, veral tot die jare 1870, was die bestaande bronne tog voldoende om hierdie verhandeling te kon saamstel.

Van statistiese gegewens kon, veral wat die vroeëre tydperk betref, nie veel gebruik gemaak word nie, omdat die distrik oorspronklik so groot was en met verloop van jare in so 'n mate versnipper is, dat dit maklik verwarrend kon inwerk op die oorsig van die ontwikkeling van die onderwys. In die latere tydperk, toe die distrikte in Transvaal egter meer gekonsolideerd en duidelik afgebaken is, kon meer van statistieke gebruik gemaak word.

Langs hierdie weg wil ek 'n woord van besondere dank uitspreek teenoor die personeel van die Argief, die personeel van die Waterbergse Skoolraad en die personeel van die Staatsbiblioteek, wat my behulpzaam was met die verkryging van die nodige bronne en dokumente. In hierdie verband wens ek ook my dank te betuig aan die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek vir gewaardeerde hulp.

Verder wens ek my dank te betuig aan die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap vir finansiële bystand aan my verleen.

Ten slotte 'n woord van innige dank en waardering aan prof. J.J. Snyman, my promotor, onder wie se besielende leiding ek die voorreg gehad het om die M.Ed.-studie te voltooi.

LAWLEY.  
1957.

INHOUDSOPGAWE.HOOFSTUK 1.HISTORIESE AGTERGROND.

Bladsy.

1. Die eerste blanke nedersetting in Waterberg.....	1
2. Algemene toestande in die Waterbergse gebied....	2
3. Die ontwikkeling op kerklike gebied.....	3
a. Algemeen .....	3
b. Die Gereformeerde Kerk.....	4
c. Die Nederduits Hervormde Kerk.....	5
d. Die Ned. Geref. Kerk.....	5
4. Die bepaling van distriksgrense en die stigting van dorpe.....	6

HOOFSTUK 11.ONDERWYS IN WATERBERG TOT 1881.

1. Toestande in Waterberg tot 1871.....	16
a. Maatskaplike toestande.....	16
b. Behoefte aan onderwys.....	16
c. Faktore wat meegewerk het tot vertraging van die onderwys in Waterberg.....	17
(i). Ekonomiese faktore.....	17
(ii). Geestelike agteruitgang.....	17
2. Onderwys onder Burgers, 1870 - 1877.....	18
a. Nuwe gees in 1871.....	18
b. Onderwystoestande aan die begin van die Bur- gerstydperk.....	18
c. Onderwys in Waterberg.....	19
d. Redes waarom daar onder die Burgerstydperk so min wykskole in Waterberg was.....	20
(i) Die onderwysstelsel van Burgers was te gesekulariseerd.....	20
(ii) Nypende armoede.....	20
(iii) Afkeer aan ingevoerde Hollanders.....	21
3. Onderwys gedurende die Eerste Anneksasietydperk, 1877 - 1881.....	21
a. Shepstone annekseer die Z.A.Republiek.....	21
b. Dr. Vacy Lyle as Kommissaris aangestel.....	22
c. Goewermentskole in Waterberg.....	23
(i) Probleme om onderwysers te bekom.....	23
4. Samevatting.....	25

HOOFSTUK 111.ONDERWYS ONDER Ds.S.J.DU TOIT EN H. STIEMENS.

1. Onderwys onder ds. S.J.du Toit.....	27
a. Ds. S.J.du Toit as Superintendent benoem.....	27
b. Wet nr. 1 van 1882.....	27
c. Ontwaking op onderwysgebied in Waterberg, 1881.	28
d. Inspeksie-rapporte, 1883 - 1890.....	31
(i) Algemeen.....	31
(ii) Oor die skoolvakke.....	33
2. Onderwys onder Stiemens, 1888 - 1891.....	34
a. Bedanking van ds. Du Toit as Superintendent...	34
b. Stiemens as waarnemende Superintendent.....	35
c. Stigting van nuwe skole in Waterberg, 1888 - 1890 .....	36
3. Kerkrade se aandeel aan die onderwys.....	38
4. Samevatting.....	40
a. Gebrekkige onderwys tot + 1888.....	40
b. Skoolorganisasie: Leermiddele en ameublement..	40
c. Onderwysers en subsidies.....	41
d. Inspeksies.....	41
e. Taalmedium.....	42

HOOFSTUK 1V.ONDERWYS IN WATERBERG ONDER N. MANSVELT, 1891 - 1898.

1. Mansvelt as Superintendent.....	43
a. Toestande op onderwysgebied met sy indiens- treding.....	43
b. Herformulering van die onderwyswetgewing.....	43
c. Vooruitgang in Waterberg onder Mansvelt.....	44
2. Stigting van skole en n oorsig van die inspeksie- rapporte.....	45
a. Stigting van skole.....	45
b. Inspeksierapporte, 1892 - 1899.....	47
(i) Inspekteur C.G.de Jonge, F.zn., se rapporte..	47
(ii) Inspekteur J.Nieuwenhuize se inspeksierap- porte, 1895 - 1898.....	50
(iii) Inspekteur H.Visscher se inspeksierapporte	51
c. Algemene opmerkings.....	52
(i) Leermetodes en leervakke.....	52
(ii) Gees van die onderwys.....	52
(iii) Onderwysers.....	<del>52</del> 53
(iv) Skoolgeboue en ameublement.....	54

d. Privaatonderwys in Waterberg onder Mansvelt....	54
e. Stand van die onderwys, 1891 - 1898.....	55
f. Onderwys in Waterberg gedurende die jare 1899 - 1902.....	56
3. Samevatting.....	57

### HOOFSTUK IV.

#### ONDERWYS ONDER KROONKOLONIE- EN SELFBESTUUR, 1900 - 1910.

1. Onderwys onder Kroonkoloniestuur, 1902 - 1906...	59
a. Sargant as Direkteur van Onderwys in Transvaal.	59
b. Nuwe ordonnansies en regulasies oor onderwys...	59
(i) Skoolkommissies.....	60
(ii) Vakindeling.....	60
(iii) Invoer van onderwysers.....	61
c. Skole in Waterberg geopen, 1902 - 1906.....	61
d. Inspeksierapporte van J.A.Richey, 1903 - 1906...	63
(i) Algemeen.....	63
(ii) Skoolvakke.....	63
(iii) Inspeksierapport van S.O.Purves.....	64
e. Die C.N.O.-beweging, 1904 - 1906.....	65
(i) Ontevredenheid onder die Boerevolk.....	65
(ii) Ontstaan van die C.N.O.-beweging.....	66
(iii) Stigting van C.N.O.-skole in Waterberg.....	67
2. Onderwys onder Selfbestuur, 1906 - 1910.....	69
a. Die nuwe onderwyswet van 1907.....	69
b. Vordering op onderwysgebied in Waterberg, 1907 - 1910.....	70
(i) Eerste Adviserende Skoolraad, 1906 - 1907.....	70
(ii) Die eerste skoolraad onder die Smutswet.....	72
c. Inspeksierapporte, 1907 - 1910.....	74
(i) Mnr. S.O.Purves as inspekteur van onderwys in Waterberg.....	74
(ii) Mnr. H.P.Mills as inspekteur van onderwys in Waterberg.....	74
(a) Ouers se houding teenoor die onderwys....	74
(b) Bevinding van inspekteur Mills oor die skoolvakke.....	75
d. C.N.O.-skole onder Selfbestuur, 1906 - 1910...	76
e. Samevatting.....	77
(i) Die posisie van die onderwys onder Kroonkolo- nie- en Selfbestuur in Waterberg, 1902 - 1910.	77
(a) Stand van skole.....	77
(b) Die onderwyspersoneel.....	78
(c) Geboue en uitrusting.....	80
(ii) Die opvatting van die skoolraad en inspekteur Mills oor sentralisasie.....	80
(iii) Inspeksies.....	81

HOOFSTUK VI.ONDERWYS ONDER PROVINSIALE BESTUUR, 1910 - 1950.

1. Geleidelike ontwikkeling in die onderwys.....	82
a. Fundamentele reëlings i.v.m. die onderwys.....	82
b. Wysiginge in die Smutswet en nuwe skoolregulasies rakende die onderwys in Waterberg.....	82
c. Beleid van die skoolraad.....	83
(i) Teenoor privaatskole.....	83
(ii) Die Skoolraad en voortsettingsklasse.....	84
(iii) Skoolrade en sentralisasie.....	85
(a) Sentralisasie tussen die jare 1910 en 1918...	85
(b) Sentralisasie tussen die jare 1918 en 1932...	90
(c) Die laaste fase van sentralisasie in die jare 1932 - 1950.....	92
2. Inspeksierapporte vanaf 1910 tot 1950.....	98
a. Gebrek aan kontinuïteit in die onderwys in Waterberg teen 1910.....	98
b. Stabiliteit in die onderwys, 1920 - 1950.....	98
3. Hoër onderwys in Waterberg.....	100
a. (i) Die Hoërskool van Nylstroom.....	100
(ii) Buiteaktiwiteite van die Nylstroomse hoërskool	102
(iii) Akkommodasie.....	103
b. Die Junior-hoërskool, Warmbad.....	104
c. Die Piet Potgieter-hoërskool, Potgietersrust.....	105
d. Die Lord Milner-skoolplaas.....	106
4. Algemeen.....	106
a. Skoolmediese dienste in Waterberg.....	106
b. Vrywillige onderwysorganisasies in Waterberg....	107
(i) Die Spaarsaamheidsbeweging.....	108
(ii) Jeugbewegings.....	108
(iii) Die Kadetafdeling.....	109
(iv) Sportorganisasies.....	109
(v) Skoolfunksies en kermisse.....	109

HOOFSTUK VII.SAMEVATTING EN SLOT.

1. Onderwys onder die Z.A.Republiek, 1850 - 1900....	110
a. Die eerste jare in Waterberg, 1850 - 1872.....	110
b. Ontwaking op die gebied van die onderwys.....	111
(i) Onder president Burgers.....	111
(ii) Oplewing en belangstelling in die onderwys onder ds. S.J. du Toit.....	111
(iii) Reorganisasie van die onderwys onder Mansvelt	113
(a) Hervormings op onderwysgebied.....	113

(b) Leermetodes en inspeksies.....	113
(c) Groei en ontwikkeling.....	113
2. Die naoorlogse periode van onderwysreëlings, 1902 - 1950.....	114
a. Die onderwysstelsel van lord Milner.....	114
b. Die C.N.O.-skole.....	114
c. Die periode van aanpassing.....	115
(i) Veranderinge op onderwysgebied.....	115
(ii) Nuwe aanpassings.....	115
(a) Konsentrasie op onderwysgebied.....	115
(b) Nuwe skole geopen.....	116
(c) Inspeksie.....	116
(d) Skoolmediese dienste.....	117
3. Slot.....	117
a. Die stand van onderwys in Waterberg, 1950.....	117
(i) Stand van skole.....	117
(ii) Die peil van die onderwys in Waterberg teen 1949.....	118
(iii) Leerkragte, hulle leermiddels en -metodes..	118
(iv) Geboue en terreine.....	119
b. Konsentrasie in die onderwys teen 1950.....	119
(i) Koshuise.....	119
(ii) Vervoerskemas.....	119
(iii) Sentrale skole.....	120
c. Die toestand in Waterberg in 1950 gesien teenoor toestande in 1850.....	120

DIE ONDERWYS VAN BLANKES IN WATERBERG, 1850 - 1950.HOOFSTUK I.HISTORIESE AGTERGROND.1. Die eerste blanke nedersetting in Waterberg.

Alhoewel gegewens uiters skaars is en daarom gevolglik heelwat van oorlewering gebruik gemaak moes word, is tog daarin geslaag om met 'n redelike mate van sekerheid vas te stel dat van die vroegste blanke nedersetting in die Waterbergse gebied plaasgevind het op die plaas Tweefontein, die eiendom van die oue heer Jan du Plessis de Beer, geleë tussen die teenswoordige dorpe Nylstroom en Warmbad <sup>1)</sup>. Hierdie okkupasie het plaasgevind min of meer in die jaar 1850. In verband hiermee dien daarop gelet te word dat die huidige poskantoor en spoorwegstasie op die plaas Tweefontein dan ook bekend staan as Eersbewoond.

Ongeveer dieselfde tyd het die heer Jan Adriaan Pieter Grobler hom gevestig op die plaas Noodshulp aan die Platrivier, maar hy het later verhuis na die plaas Roodepoort, waar die warm bron (die huidige Warmbad) geleë is <sup>2)</sup>.

In die jare 1850/60 het die Van Heerden-familie van Roodepoort af getrek en hulle gaan vestig aan die Kransberge, in die later Zwagershoekwyk van die Waterbergse distrik. Die naam Zwagershoek dui as vanselfsprekend aan dat dit so te sê 'n familieplaas was, waar ons dan, behalwe die Van Heerden-familie, ook die Swanepoel- en Van der Walt-familie <sup>3)</sup> aantref.

'n Ander streek van Waterberg wat reeds vroeg bewoon was, was die plaas Nylsoog, waar die Nylrivier ontspring. Hier het die families De Beer en Van Staden hulle gevestig <sup>4)</sup>.

Die nedersetting van blankes in Waterberg het egter in die beginjare geensins stelselmatig en planmatig geskied nie. Die meeste blankes wat hulle in die streek gevestig het, was grootwildjagters. Die wêreld was nog ongerepte wildernis, waar baie soorte wild en ook roofdiere gewemel het.

- 
1. Meegedeel: Mnr. Joost Heystek.
  2. Meegedeel: Mnr. C.S. van H. Grobler.
  3. Ibid.
  4. Meegedeel: Mnr. C.S. van H. Grobler.



Die gevolg was dat die vernaamste bron van inkomste dan ook die opbrengs van die jag was. Gaandeweg het meer blankes hulle in die streek gevestig, maar vergeleke met die ander distrikte van Transvaal, was Waterberg destyds maar baie yl bewoon.

## 2. Algemene toestande in die Waterbergse gebied.

Die feit dat die Waterbergse distrik in die vroeëre jare so stadig ontwikkel het, moet daaraan toegeskryf word dat dié noordelike streek van die mees noordelike Boerestaats onderhewig was aan die inwerking van verskeie ongunstige faktore.

Die groot probleem vir die eertydse bewoners van Waterberg was onteenseglik die malariakoors. Gedurende die laat somerseisoen is talle inwoners dan ook platgetrek deur die „koortssiekte“<sup>1)</sup>. Baie van die inwoners het, by gebrek aan mediese dienste, dan ook aan malaria beswyk. Die malariakoors was byna epidemies van omvang. Wat die toestand verderger het, was die feit dat in die noordelike distrikte geen mediese dokter was nie. Hiermee gepaard gaan die feit dat kommunikasie tussen Waterberg en Pretoria gedurende die reëntyd baie bemoeilik is deur uitgestrekte turfvlaktes tussen die twee plekke. Die inwoners van Waterberg moes dan ook maar hulle toevlug tot Boerestate neem, wat per slot van rekening nie veel teen die koors beteken het nie. Om die toestand tog effens te probeer verlig, het mev. Clara Tamsen, eggenote van die eerste winkelier te Nylstroom, en die Duitse sendelinge in die gebied die meeste dokterswerk verrig met onvoldoende voorrade geneesmiddels<sup>2)</sup>.

’n Ander faktor wat die ontwikkeling van Waterberg veral in die vroeëre jare gestrem het, was die Bawendastam. Die naturelle, veral die stamme van Makapaan en Mapela, deur ivoorhandelaars van wapens en ammunisie voorsien, het die lewe vir die vroegste bewoners daar moeilik gemaak<sup>3)</sup>. Moord, roof en diefstal het dan ook voorgekom, sodat die Boere altyddeur op hulle hoede moes wees teen kafferaanvalle, soos later sal blyk uit die bespreking van die aanleë van nuwe dorpe.

---

1. R 2200/91; R 3822/91.

2. Meegedeel: Komdt. A. Tamsen.

3. Almanak van die Gereformeerde Gemeentes in S.A., 1954, 136.

Weens die feit dat die streek ook nog 'n gebied was wat deur die tsetsevlug geteister was, is dit dan algemeen aanvaar dat Waterberg moes beskou/word as hoofsaaklik jagveld.

Aangesien die meeste van die vroegste bewoners van Waterberg groot-wildjagters was, het hulle gedurende die wintermaande op uitgebreide jagtogte na die „bosveld" gegaan. Die opbrengs van die jagtogte het dan gedien as ruilmiddel. Die handel was feitlik uitsluitlik ruilhandel. Die enigste handelaar in Waterberg was die heer Emil Tamsen, wat as ses-tienjarige seun uit Duitsland na Suid-Afrika gekom het en reeds op een-en-twintigjarige leeftyd sy winkel op die plaas Tweefontein in die distrik Waterberg geopen het. Die heer Tamsen het feitlik die hele handel in Waterberg in sy hande gehad. Gaandeweg het hy sy handel uitgebrei deur smouswaens die gebied in te stuur, sodat daar weldra takke (of liever handelsentra) op die plaas Sandrivierspoort, Moorddrift, Naboomspruit en Skilpadfontein was. Nadat Nylstroom gestig is, is die saak daarheen verskuif. Behalwe die opbrengs van die jagtogte het die handelware ook bestaan uit planke en hout wat die Boere in die Houtbos gesaag het. Hierdie geelhoutplanke is dan per transportwa vervoer - soms onder moeilike omstandighede - en as ruilmiddel gebruik <sup>1)</sup>.

### 3. Die ontwikkeling op kerklike gebied.

#### a. Algemeen.

Na die vestiging van die Voortrekkers in die gebied noord van die Vaalrivier is die eerste kerkraad in die Transvaal in 1842 deur die Volksraad saamgestel. Dit was die Kerkraad van Potchefstroom, wat die hele gebied deur die Voortrekkers in Transvaal bewoon, omvat het <sup>2)</sup>. 'n Algemene kenmerk van die gemeentes in die Transvaal gedurende hierdie tyd was hulle herderloosheid. In 1847 het die Kaapse Sinode di. A. Murray sr., P.K. Albertyn en oudl. B. Pienaar gestuur om die gemeentelede aan die Modder- en Rietriviere te besoek. Ook Potchefstroom is besoek, maar die ou vaders het van die begin af alle kragte aangewend om vry te bly van die Kaapse Sinode <sup>3)</sup>, omdat die vrees daar was dat die deputasies

---

1. Meegedeel: Komdt. A. Tamsen.

2. Oosthuizen: Algemene en S.A. Kerkgeskiedenis, 61.

3. Du Toit: Handleiding vir die studie van die Kerkgeskiedenis, 125.

van predikante, byvoorbeeld in 1847 en 1848, optree as agente van die Britse Regering.

Die gevolg was dat alle moontlike planne in die werk gestel is om leraars uit Holland te kry. Na vele pogings en mislukkings het 'n predikant vir die Trekkers eindelik op 5 Augustus 1852 in Kaapstad aangekom, nl. ds. Dirk van der Hoff. Sy koms was te danke aan die beywering van Prof. Lauts in Nederland om vir die gemeentes in Transvaal 'n predikant te verkry. In Mei 1853 het ds. Van der Hoff in Potchefstroom aangekom <sup>1)</sup>. Aangesien hy die eerste permanente leraar in Transvaal was, moes hy aanvanklik die hele Transvaal bedien <sup>2)</sup>.

In hierdie tyd het die kerklike lewe ook onder die partyskappe op politieke gebied gely. Andries Pretorius en Hendrik Potgieter het 'n onafhanklike kerk in die onafhanklike staat begeer, terwyl Lydenburg daarvoor was om ingelyf te word by die Kaapse Sinode <sup>3)</sup>. Dit het gelei tot botsings, sodat Lydenburg in 1854 afgeskei het van die Kerk in die Republiek en vir die dienste van ds. Van der Hoff bedank het.

In 1857 is die grondwet van die Republiek opgestel, en volgens hierdie grondwet word die Hervormde Kerk nou die staatskerk van die Republiek <sup>4)</sup>.

#### b. Die Gereformeerde Kerk.

Op 8 Junie 1858 het ds. D. Postma die kus van ons vaderland betree. Die afskeiding onder ds. Postma, waardeur die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ontstaan het, het gegaan om grondleggende beginsels van die kerkregering, tug en die Calvinistiese leer, soos die Gereformeerde Kerk hom te Dordrecht in die jare 1618 en 1619 geopenbaar het <sup>5)</sup>. Ds. P. Huet, leraar van die N.G. Kerk te Ladysmith, het hom soos volg oor die afskeiding uitgelaat <sup>6)</sup>: „Ek glo dat ds. Postma reg het as hy sê dat die afskeiding in hierdie land reeds voor sy koms feitlik bestaan het . . . Ek glo dat in hulle 'n sluimerende, onbewuste gevoel van gemis aan Calvinistiese prediking bestaan het, wat aan hulle oorgelewer is deur ou Gereformeerde boeke”.

1. Oosthuizen: Algemene en S.A. Kerkgeskiedenis, 67.
2. Du Toit: Handleiding vir die studie van die Kerkgeskiedenis, 126.
3. Ibid., a.w. 126.
4. De Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, 37: art. 20 van Grondwet van die Z.A.R. 1858.
5. Du Toit: a.w. 138.
6. Ibid., 130/131.



Hierdie kiekie, geneem op die oue heer se 80e verjaarsdag, is van die heer Carel Sebastian Grobler, 'n seun van een van die eerste inwoners van Waterberg. Op 12-jarige leeftyd is die seun deur 'n leeu aan die arm verwond. Al geneesmiddel was die warmbron (tans Warmbad) in Noord-Transvaal. Die Grobler-familie het gewoon op die plaas Noodshulp en later op die plaas Roodepoort.



Die oudste Gereformeerde Kerkgebou in Noord-Transvaal. Dit is in 1888 te Nylstroom gebou, en staan vandag nog.

Op 10 Februarie 1859 is die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika op Rustenburg gestig <sup>1)</sup>.

Die afskeiding het ook in Waterberg weerklink gevind. Met die stigting van die Gereformeerde Kerk te Rustenburg was geen Waterbergers teenwoordig nie <sup>2)</sup>, maarreeds op 26 Februarie 1859 is die Gereformeerde Gemeente Waterberg êrens tussen Rustenburg en Waterberg aan die Krokodilrivier gestig met die De Beer-, Swanepoel- en Prinsloo-families as lidmate <sup>3)</sup>.

Die gemeente het stadig gegroei, en in 1888 is die eerste Gereformeerde kerkgebou in Noord-Transvaal te Nylstroom gebou <sup>4)</sup>. Die gemeente moes lank sonder 'n predikant bly, maar in die jaar 1898 is ds. J.A. van Rooy as predikant van die gemeente bevestig <sup>5)</sup>, waar hy gearbei het tot 1905 <sup>6)</sup>. Hierna is die gemeente bedien deur verskeie predikante.

#### c. Die Nederduits Hervormde Kerk.

In 1857 is die grondwet van die Z.A.R. opgestel, en hiervolgens het die Hervormde Kerk die staatskerk van die Republiek geword <sup>7)</sup>.

Reeds vanaf 1859 is met tussenposes in Waterberg kerk gehou. In 1866 is die Ned. Herv. Gemeente in Waterberg gestig <sup>8)</sup>.

Op 6 Desember 1873 is die eerste kerkgebou deur ds. Smits ingewy <sup>9)</sup> terwyl die eerste predikant van die gemeente, ds. L.E. Brandt, eers in 1904 die bediening kon begin waarneem <sup>10)</sup>. Later het verskeie predikante die bediening in Waterberg waargeneem.

#### d. Die Ned. Geref. Kerk.

Die Gemeente Waterberg van die Ned. Herv. of Geref. Kerk is reeds in die jaar 1860 gestig <sup>11)</sup>. Die gemeente was afhanklik van konsulentpredikante tot 1890, toe ds. D.J. Viljoen die bediening van die gemeente op hom geneem het <sup>12)</sup>. Later is die gemeente gereeld bedien deur verskeie leraars.

- 
1. Du Toit: a.w. 137.
  2. Almanak van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1948, 142.
  3. Ibid.
  4. Ibid.
  5. Ibid. - 1954, 136
  6. Ibid.
  7. S.A. Argiefstukke Deel III, p. 498.
  8. Meegedeel: Ds. Snyman,
  9. Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk in Afrika, 272.
  10. Meegedeel: Prof. S.P. Engelbrecht.
  11. Jaarboek van die Gefed. Ned. Geref. Kerke, 1952, 448.
  12. Meegedeel: Ds. M.H. Horak, N.H. of G. Gemeente, Waterberg.

Dit is duidelik dat die oudste inwoners van Waterberg, hoewel yl- verspreid in die haas onbewoonbare streek, tog aan die kerk en die gods- diens vasgeanker was, 'n feit wat hulle van ondergang bewaar het.

#### 4. Die bepaling van distriksgrense en die stigting van dorpe.

Reeds in die vroeë vyftiger jare het die Boere hulle in groepies hier en daar in die Waterberg gevestig en sodoende die grondslag gelê vir toekomstige dorpies.

Reeds op 18 Maart 1852 het die Volksraad besluit om, na aanleiding van 'n voorstel van kommandant-generaal A.H. Potgieter, die aanleg van 'n dorp, Vredenburg, in die Makapaanspoort op die plaas van J.F. van Staden goed te keur. „De heer, Komdt.-Generaal Potgieter verlangt de vergunning om een dorp aan te leggen in Makapanspoort en is de Raad overgegaan het verzoek toe te staan en de lijn van Scheiding tusschen Rustenburg en het nieuw aanteleggen dorp te bepalen, alsvan de zuidhoek van Waterberg met eene regte lijn tot aan de oude trekdrift van Olijfant Rivier en Weswaarts de rand van Waterberg tot aan Crocodil Rivier, terwijl besloten is hetzelfde nieuw aanteleggen dorp de naam van Vredenburg te geven" <sup>1)</sup>.

Die naam Vredenburg was ter waardering en ter herdenking van die versoening op 16 Maart 1852 te Rustenburg tussen komdt.-genl. A.H. Potgieter en generaal A.W.J. Pretorius <sup>2)</sup>.

Reeds in Maart 1852 het A.H. Potgieter die eerste penne ingeslaan. Onmiddellik is voorsiening gemaak vir die verkiesing van 'n landdros <sup>3)</sup>. Dit wil voorkom asof van hierdie besluit niks tereggekom het nie. Op versoek van kommandant W. van Heerden en 27 nede-ondertekenare om die dorp as sodanig te erken, besluit die Uitvoerende Raad dat, indien Piet Potgietersrust meer bewoon word, 'n landdros aangestel sal word <sup>4)</sup>.

In 1854 vind die tragedie te Moorddrift plaas, toe talle blankes op verraderlike wyse deur die onderdane van Makapaan en Mapela vermoor is.

1. S.A. Argiefstukke, deel 2, p. 61; E.V.R. 3, 199-226.

V.R.B. 1852, art. 13 en 16, d.d. 17/3/52.

V.R.B. 1853, art. 102, d.d. 19/9/53.

2. V.R.B. 1852, art. 16, E.V.R. 4, 152; Pelzer: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel I, 44; Wichmann: Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860, 115.

3. S.A. Argiefstukke, deel II, 1851-1853, 343, V.R. 220/52.

4. Ibid., U.R.B. art. 95/65, d.d. 16/3/65.

Komdt.-generaal Piet Potgieter het dadelik teen die Kaffers opgetrek, want dit het geblyk dat die Kaffers, onder leiding van Makapaan, verenig het met die doel om die deel van die land stelselmatig te plunder. In dié veldtog vlug die kaffers in die Makapaansgat in, waar komdt.-genl. Piet Potgieter sneuwel en Paul Kruger 'n roemryke heldedaad verrig deur die lyk van sy offisier onder die vuur van die kaffers uit die grot te haal.

Nog in 1854 is besluit om die dorp Vredenburg te verdoop tot Piet Potgietersrust, ter nagedagtenis van komdt.-genl. Piet Potgieter <sup>1)</sup>, wat by Makapaansgat gesneuwel het,

In 1858 volg 'n periode van rus, omdat finaal met die kaffers afge-  
reken was en die mag van Mapela vernietig was. Nou kon die aanleg van  
Piet Potgietersrust amptelik erken word <sup>2)</sup>. „De Edele Volksraad heeft  
besloten het nieuw op te rigten dorp aan Makapaanschpoort te noemen Piet  
Potgietersrust; met betrekking tot het uitgeven van Erven is de Raad  
overeengekomen een plaats en een erf toe te kennen aan enig persoon die  
dezelve zal occuperen binnen 3 maanden na de oprigten van gemeld dorp.  
Degeenen die enige aanspraak op gemelde gronden hebbe, zullen voorkeur  
voor plaatsen moeten genieten" <sup>3)</sup>. Reeds in 1859 is Piet Potgietersrust  
finaal as dorp geproklameer <sup>4)</sup>.

Eers in 1859 word oorgegaan tot die stelselmatige bewoning van die  
dorp, toe op 15 Oktober 1859 vyftien families onder aanvoering van 'n  
sekere Christiaan Rabe hulle intrek daar geneem het <sup>5)</sup>.

Teen 7 Januarie 1857 was daar weer onrus onder die onderdane van  
Makapaan en Mapela. Die kaffers het Piet Potgietersrust aangeval en  
baie inwoners moes vlug. In 1868 ontruim die blankes Piet Potgieters-  
rust vanweë die aanhoudende kafferbedreiging. Teen 1870 was Piet  
Potgietersrust 'n verlate plek.

Die distrik Waterberg het eers deel uitgemaak van die distrikte  
Zoutpansberg en Pretoria <sup>6)</sup>. Dit het sy beslag in 1866 gekry na 'n  
versoek van die heer P.N. Smit, Kommandant van Waterberg, en 96

- 
1. Seun van komdt.-genl. A.H. Potgieter; Wichmann: a.w. 126.
  2. V.R.B. 458, art. 13, d.d. 25/9/58.
  3. V.R.B.: art. 13, d.d. 25/9/58.
  4. U.R.B.: art. 13, d.d. 18/9/59. S.A. Argiefstukke, deel III, 1854-1858, 198.
  5. Eeufees-uitgawe Piet Potgietersrust 1852-1952.
  6. U.R.B.: art. 16, d.d. 26/11/59; Argiefstuk: R 1521/57; Staatscourant, nr. 52 d.d. 26/11/58; Idem, 8/2/61.

ondertekenare by die regering, dat 'n landdros vir Waterberg benoem moes word. Die landdros moes Piet Potgietersrust ook een of twee maal per maand besoek, „ter regeleren van zaken” 1).

Die Uitvoerende Raad reageer hierop deur voor te stel om die plaas Rietvallei aan die Nylrivier vir die aanleg van 'n <sup>dorp</sup>, onder die volgende voorwaardes goed te keur:

- (i) Die naam van die dorp sou Nylstroom wees.
- (ii) Die regering sou 24 erwe vir die oprigting van openbare geboue en kantore ontvang.
- (iii) Die regering kry een erf vir die bou van 'n gevangenis;
- (iv) een erf vir 'n kruithuis;
- (v) een erf vir 'n kerk- en markplein.

Verder sou die heer Ernest Olferman Collins, eienaar van Rietvallei, vry oordrag van dié plaas aan die regering verleen. Hy sou die reg hê om die grond tussen die Nylrivier en Brakspruit op te meet en erwe te verkoop 2).

Daar word verder ook nog bepaal dat in die dorpswatervoor geen wassery of besoedeling van die water toegelaat sal word nie. Daar is besluit om die afloopwater van Elandspoort, wat hoër op langs die Klein-Nyl lê, „beschikbaar te stellen ten gebruike van het dorp nadat het voorbij de nieuwe molen van Elandspoort is” 3).

Vervolgens koop die regering die plaas Elandspoort van die heer E.O. Collins 4). Die regering reserveer 340 morges van die plaas Elandspoort. Die oorblywende gedeelte word oorgedra aan die plaaslike bestuur van die dorp Nylstroom. Vier morges 598 vierkante roede word beskikbaar gestel vir onderwysdoeleindes.

Verder besluit die Uitvoerende Raad ook dat, as die President vergunning daartoe van die Volksraad verkry het, Piet Potgietersrust en Nylstroom tot 'n distrik verenig en vir albei dorpe 'n landdros aangesel sou word. Op 28 Maart 1866 is besluit om Nylstroom as 'n dorp in

1. U.R.B.: art. 86, d.d. 16.2.66. E.V.R. 109, 576/577, S.A. Argiefstukke, deel V, 1864-1866, 402.

2. U.R.B., art. 86, d.d. 16.2.66; V.R.B., art. 593, d.d. 15.2.66.

3. Argiefstuk: R 7452/87.

4. Ibid., Minute 11358/1895.



Waterberg te stig en Waterberg as distrik goed te keur en te kombineer met Piet Potgietersrust. In September 1866 is 'n landdros vir die nuwe distrik gekies <sup>1)</sup>. In 1870 is die heer N.A. van Nispen as landdros van die distrik Waterberg aangestel <sup>2)</sup>.

Volgens 'n Volksraadsbesluit, artikel 593, van 28 Maart 1866, is Waterberg saam met Piet Potgietersrust tot 'n distrik verklaar onder toesig van sodanige amptenaar as wat die regering sou goedvind, en die grenslyn sou deur die Uitvoerende Raad met die goedkeuring van die Volksraad bepaal word <sup>3)</sup>. Nog in 1866 is die grense soos volg vasgestel <sup>4)</sup>:

Van die Olijvenhoutepoortjie, Vaalwater, op tot op die nek van Rietfontein, met 'n reguit lyn tot by die eerste poort van die Apiesrivier; vandaar met die Apiesrivier op tot waar die Apies- en Pienaarsriviere immekaar loop; van daar met die Pienaarsrivier op tot by die eerste algemene wadryf van Choupa'skraal; van daar ooswaarts tussen die Pienaarsrivier en Platrivier tot aan die oostekant van die Vaalbosbult, waar die pad na Pretoria by die fontein verbygaan; van daar, vanaf die algemene wadryf en die fonteintjie, ooswaarts met 'n reguit lyn tussen Varkfontein en Schulpadfontein, tot by die groot bome aan die Elandsrivier en vanaf die Elandsrivier tot by die Olifantsrivier en met die rivier af tot regoor die Korenkopjes; van daar met 'n reguit lyn noordwaarts tot aan Sebedela'sberg, waar die algemene wadryf van Lydenburg na Zoutpansberg oorgaan, en vandaar verder voort tot by die eersgenoemde baken aan Olijvenhoutepoortjie.

In 1869 het daar verandering gekom in die distrik Waterberg, toe Piet Potgietersrust en Zoutpansberg tot een distrik verklaar is <sup>5)</sup>. In dieselfde jaar is die grenslyn tussen Zoutpansberg en Waterberg bepaal <sup>6)</sup>. Die grenslyn wassoos volg saamgestel :

Vanaf die Krokodilrivier waar die Palala in die Krokodilrivier

- 
1. U.R.B., art. 5, d.d. 27/9/66.
  2. Staatscourant, nr. 320, d.d. 5/4/70.
  3. De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1849-1885, 231. V.R.B., art. 595, d.d. 28/3/66.
  4. De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1849-1885, 298/299; Proklamasie 16 November 1866.
  5. V.R.B., art. 208, d.d. 12/6/69.
  6. Staatscourant, nr. 286, d.d. 10/8/69; Proklamasie Nr. 79, d.d. 31 Julie 1869; V.R.B., art. 9, d.d. 28 Julie 1869.

invloei, en met die Palalastroom op tot waar hy uit die Kransberg van Mapela ontspring, met 'n reguit lyn op die rug van die berg langs tot aan Hanglip; van daar met 'n reguit lyn tot aan die drif van Rietfontein; van daar na die Kalkput wat aan die oostekant van die Nyl lê; van daar oor Doornfontein met 'n reguit lyn tot aan Vaalkop en Strydpoort en van daar met die Strydpoortsrivier af tot waar dit in die Olifantsrivier inloop, en met die Olifantsrivier op tot aan Pretoria se lyn <sup>1)</sup>.

In 1871 is die grenslyn tussen Zoutpansberg en Waterberg opnuut bepaal, en vanaf hierdie datum ressorteer Piet Potgietersrust vir goed onder die distrik Waterberg <sup>2)</sup>. Die grenslyn is dan soos volg vasgestel:

Vanaf die Olifantsrivier met die Strydpoortrivier op tot waar die rivier Sebedela'sberg verlaat; van daar met die berg wes van suid na die oospunt van Macapanspoortberg - ook genoem IJzerberg, Magneet of Zwartkop - van daar na die goewermentsbaken aan die oorsprong van die Bloedrivier; van daar met die goewermentslyn 236 minute oos van noord na die baken oos van die Zoutpansbergwapad; van daar 130 minute wes van noord met die goewermentslyn tot by die noordoostelike baken van die plaas Vaalkop van die heer P.C. Snijder; van daar 56 minute noord van oos met die grens van die goewermentsplaas, Roetzvallei, na dieselfde noordoostelike baken; van daar wes van suid met die lyn van dieselfde plaas tot aan die noordoostelike baken van die plaas Kalkspruit van A.P. Botha; van daar met die lyn van die plaas noordwes tot by die suidoostelike baken van Rampietjiesfontein van J.A. Breed; van daar met die lyn van inspeksie van 1869 van J.A. Smit noord van oos tot aan die klein kop wes van Malitzieskop - ook die suidoostelike hoekbaken van Neanderhol van L. Devereux -; van daar ooswaarts tot by die suidoostelike baken van die plaas Dedimus, van H.F. de Villiers; van daar met 'n reguit lyn noordoos tot by die noordwestelike baken van die plaas van J.H. Duvenhage; van daar oos van suid na die noordoostelike baken van Teunis Duvenhage se plaas; van daar noord van oos met die inspeksielyn van 1869 van J.A. Smit tot by die noordoostelike baken van die plaas Arras van J.A. Gouws; van daar

---

1. De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 355.

2. De Locale Wetten der Z.A. Republiek, Proklamasie Nr. 542, d.d. 22 Februarie 1871.

met die voorgenoemde lyn tot by die noordwestelike punt van Droogekraalskoppes - ook die suidoostelike baken van die plaas Grutz, van J.J.

Cronje - ; van daar met 'n reguit lyn noord tot by die suidoostelike baken van die opgemete blok goewermentsgrond geleë aan die Brak- en Zandriviere; van daar met 'n reguit lyn oos van Zandrivier, oor die berg by die eerste ronde spits, oos van Zandrivierspoot, tot aan die oosbaken van die plaas Delft van D. Herbst, 32 minute oos van Zandrivier; van daar met die inspeksielyn van Junie 1869 van J.A. Smit tot aan die noordoostelike baken van Lillyput van W. Sandman, 48 minute oos van Zandrivier; van daar met 'n reguit lyn noordoos tot aan die noordoostelike baken van die plaas Vrijheid van P.A. Minnaar, op die wal van die Krokodilrivier, 18 minute oos van waar die Zandrivier in die Krokodilrivier inloop <sup>1)</sup>.

Op 15 Desember 1885 is die granslyn tussen Waterberg en Rustenburg soos volg deur proklamasie vasgestel <sup>2)</sup>:

Vanaf Vliegenveld, geleë tussen die Zandrivier en die Krokodilrivier, oor die Pienarsrivier met die Zwartland uit tot op Rooiberg (Vaalwatersnek); van daar met 'n reguit lyn tot op die oostelike kranepunt van Matlabasberg; van daar met 'n reguit lyn tot aan die oorsprong van die Matlabasrivier, wat in Kransberg ontspring; van daar met die Matlabasloop af tot waar dit in die Krokodilrivier inloop <sup>3)</sup>.

Toe 'n memorie, geteken deur die here H.P. Prinsloo, L.S. du Preez en 56 ander persone, in verband met die aanleg van 'n nuwe dorp in die distrik Waterberg <sup>4)</sup> in 1881 deur die regering ontvang is, is besluit om op die goewermentsplaas, Badplaas, 'n dorp te proklameer en aan te lê, tensy die plaas na ondersoek ongeskik geag word <sup>5)</sup>. In 1882 is 'n kommissie deur die Volksraad aangestel om 'n geskikte plek vir die stigting van 'n dorp aan te beveel. Die keuse het op die plaas Het Bad geval <sup>6)</sup>.

Volgens 'n Volksraadsbesluit van 7 Junie 1882 is besluit om die stigting van 'n dorp by die Warmbad finaal af te handel <sup>7)</sup>. Op 8 Junie 1882

1. De locale Wetten der Z.A. Republiek, 415/416.

2. Ibid., 1421.

3. De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1421.

4. V.R.B., 22/10/81.

5. De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1017.

6. V.R.B., art. 1295, d.d. 11/11/84; Staatscourant, nr. 94, 14/12/82. Die nuwe dorp sou Hartingsburg genoem word na die waardige Prof. Harting. Verwys Aanhangsel A, p(i).

7. De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1107.

is besluit om die dorp wat aangelê sal word, Hartingsburg te noem <sup>1)</sup>. Op 11 Desember 1882 is geproklameer dat op die volgende plase 'n dorp aangelê sou word, naamlik op 'n gedeelte van Roodepoort 2148, goewermentsplaas Het Bad 1798, Noodshulp 329 en 'n gedeelte van Turfbult 2125. Hierdie dorp sou op 1 Januarie 1883 aangelê word en sou Hartingsburg genoem word <sup>2)</sup>. In 1884 is besluit dat Hartingsburg en Nylstroom as dorpe in die distrik Waterberg erken sou word <sup>3)</sup>.

Sedertdien het die distrik Waterberg se grense onveranderd gebly, totdat in 1923 weer verandering aangebring is met die afstigting van Piet Potgietersrust as selfstandige distrik op 1 April 1923 <sup>4)</sup>.

Deur proklamasie is bepaal dat die nuwe distrik se grense soos volg sou wees <sup>5)</sup>:

Vanaf die samevloeiing van die Limpopo- en Palalariviere, oor die algemeen noordooswaarts, stroomafwaarts met die Limpoporivier tot by die punt van samevloeiing met die Magalakwinrivier; van daar oor die algemeen suidwaarts langs die grense van die magistraatsdistrikte Zoutpansberg, Pietersburg, Middelburg en Pretoria na die suidwestelike baken van die plaas Rhenosterfontein nr. 2161; van daar oor die algemeen noordweswaarts langs die grense van en insluitende die plaas Rhenosterfontein nr. 2161, Spoedwel nr. 1700, Bultfontein nr. 1904, Knoppiesfontein nr. 1907, Doornfontein nr. 1911, Boomfontein nr. 1905, Mooigelegen nr. 2011, Zee-koevalley nr. 2262, Krugerskraal nr. 2079, Welbekend nr. 2088, Zandfonteinsoog nr. 2087, Mhoipan nr. 1916, Rotterdam nr. 1979, Vlakpan nr. 1902, Olifantsklip nr. 1325, Klipfontein nr. 716, Rietfontein nr. 1428, Rietbokspruit nr. 1713, Sterkfontein nr. 1531, Sterkfontein nr. 377, Houtboschrivier nr. 235, Jan Boven Jan nr. 481, Purekrans nr. 821, Vlakfontein nr. 541, De Hoop nr. 542, Rhenosterkop nr. 795, na die noordwestelike baken van die laasgenoemde plaas; van daar stroomafwaarts met die Klein Melk Rivier tot by die punt van samevloeiing met die Palalarivier; van daar stroomafwaarts met die Palalarivier tot by die punt van samevloeiing met die Limpoporivier, die punt van uitgang.

- 
1. De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1107.
  2. Ibid., 1146; V.R.B. 310, d.d. 8/6/82.
  3. U.R.B., d.d. 11/11/84; De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1301.
  4. Staatskoerant, nr. 1307, d.d. 23/3/23.
  5. Staatskoerant, nr. 1307, d.d. 23/3/23; proklamasie Nr. 62, bylaag 1, 1923.

Die grense van Waterberg word dan soos volg bepaal <sup>1)</sup>:

Van die samevloeiing van die Matlabas en Limpoporiviere noordwaarts, stroomafwaarts met die Limpoporivier tot by die punt van samevloeiing met die Palalarivier; van daar suidooswaarts, stroomopwaarts met die Palalarivier tot by die punt van samevloeiing met die Klein Melk Rivier; van daar stroomopwaarts in die middel van die Klein Melk Rivier tot by die noordoostelike baken van die plaas Hartbeesfontein nr. 477; van daar suidooswaarts langs die grense van en insluitende die plase Hartbeesfontein nr. 477, Elandsbosch nr. 794, Kafferskraal nr. 796, Bamboeskloof nr. 822, Houtboschkloof nr. 479, Bokpoort nr. 376, Roodepoort nr. 15, Koedoesfontein nr. 309, Driefontein nr. 2138, Palmietloop nr. 2246, Brak nr. 691, Leeuwkuil nr. 1921, Schiedam nr. 1980, Vogelstruispan nr. 1915, Geluk nr. 2042, Zaaiplaas nr. 2086, Locatie nr. 2258, Grasplaats nr. 2259, Groenvalley nr. 1941, Diep Putten nr. 2009, Kromdraai nr. 1912, Middeldoorn nr. 1906, Rustig nr. 2260, Makeepsvley nr. 2157, Zamenkomst nr. 2261, na die grens van die distrik Pretoria; van daar weswaarts en noordweswaarts langs die grense van die magistraatsdistrikte Pretoria en Rustenburg tot by die punt van samevloeiing van die Matlabas- en Limpoporivier, die punt van uitgang <sup>2)</sup>.

Die huidige dorp Warmbad, wat ontstaan het by die warm bron waar die eertydse dorp Hartingsburg was, is in 1921 as dorp geproklameer, en reeds in dieselfde jaar is erwe verkoop <sup>3)</sup>. Die dorp het stadigaan gegroei saam met die ontwikkelende landbou-omgewing, sodat in die jaar 1950 'n nuwe distrik uit die ou Waterbergdistrik gebore kon word, naamlik die distrik Warmbad <sup>4)</sup>.

Die grense tussen die distrikte Waterberg en Warmbad is soos volg vasgestel <sup>5)</sup>:

„Begin by die westelike baken van die plaas Groothoek nr. 1246, Magistraatsdistrik Waterberg; daarvandaan in 'n algemeen oostelike en

- 
1. Staatskoerant, d.d. 23/3/23; Proklamasie Nr. 62, Bylaag 2,
  2. Die nommers van die plase genoem in die grensbepaling is die geregistreerde nommers van die plase in die ou Waterbergmagistraatsdistrik.
  3. Die Transvaalse Offisiële Gids, Oktober 1955.
  4. Staatskoerant, Nr. 1414, d.d. 23/6/50,
  5. Ibid., Bylaag, Proklamasie Nr. 1414 van 1950.

suidoostelike rigting langs die grense van, en insluitende die volgende plase: Groothoek nr. 1246, Dassierand nr. 562, Donkerpoort nr. 1315, Rookpoort nr. 876, Rietfontein nr. 1193, Groothoek nr. 257, Nooitgedacht nr. 301, Rhenosterhoekspruit nr. 662, Rhenosterkloof nr. 1203, Zandrivier nr. 1105, Beechwood nr. 363, Elandsfontein nr. 1126, Witfontein nr. 371, Schrikkloof nr. 730, Frischgewaagd nr. 1097, Degroote Nyl Zyn Oog nr. 1123, Buisfontein nr. 1046, Verloren nr. 1183, Tweefontein nr. 609, Doornput nr. 1050, Wellington nr. 1035, Hamburg nr. 1041, Thorness nr. 1270, Winfield nr. 1271, Parkwoods nr. 1273, Deeside nr. 1274, Mapleleaf nr. 1275, Chester nr. 1276, Lincoln nr. 1277, Dublin nr. 1278, Chudleigh nr. 1279, Ashton nr. 1281 en Afzet nr. 593 tot by die suidoostelike baken van laasgenoemde plaas; daarvandaan weswaarts langs die suidelike grens van die plaas Witlaagte nr. 5, Magistraatsdistrik Bronkhorstspruit; daarvandaan in 'n algemeen suidelike en westelike rigting langs die grense van, en insluitende die volgende plase: Witlaagte nr. 5, Rust der Winter nr. 43, Buffelsdrift nr. 42, Kliprand nr. 41, Kameelrivier nr. 40 en Uitvlucht nr. 60 tot by die oostelike baken van die plaas Rondefontein nr. 339, Magistraatsdistrik Pretoria, op die suidelike grens van die plaas Uitvlugt nr. 60; daarvandaan in 'n algemeen westelike rigting langs die grense en insluitende die volgende plase in die Magistraatsdistrik Pretoria: Rondefontein nr. 339, Haakdoornfontein nr. 340, Dewitskraal nr. 519, Wynandskraal nr. 154, Witgatboom nr. 62, Bles nr. 549 en Legkraal nr. 188 tot by die suidewestelike baken van laasgenoemde plaas; daarvandaan in 'n algemeen noordwestelike rigting langs die grense van, en insluitende die volgende plase: Como nr. 326, Wildebeestkuil nr. 8, Houtblok nr. 614, Flink Zyn Drift nr. 119, De Grens nr. 1195, Magistraatsdistrik Waterberg, Tambootielaagte nr. 977, Ruigtepoort nr. 1373, Blokspruit nr. 672, Elandslaagte nr. 1349, Driefontein nr. 1345, Knoppieskraal nr. 1337, Hartbeestvley nr. 1333, Sterkfontein nr. 1386, Weynek nr. 1328, Doorndraai nr. 1327, Tambotiespruit nr. 1324, Olivenpoort nr. 1323, Zandrivierspoot nr. 1317, Waterval nr. 1316, Boschfontein nr. 1313, en Groothoek nr. 1246, tot by die mees westelike baken van laasgenoemde plaas, die beginpunt."

Die algemene toestande in Waterberg in die beginjare was, weens die ylbewoondheid van die distrik, die oorsake van die vertraagde onderwys aldaar. In die volgende hoofstuk sal aangetoon word watter faktore meegewerk het tot die vertraging van die onderwys, sodat teen 1881 daar nog maar weinig sprake van georganiseerde onderwys in Waterberg was.

---

HOOFSTUK II.ONDERWYS IN WATERBERG TOT 1881.1. Toestande in Waterberg tot 1871.a. Maatskaplike toestande.

Vanaf die eerste nedersetting in Waterberg, omstreeks 1850, het die inwoners van hierdie distrik met heelwat moeilikhede en probleme te kampe gehad. Weens die vyandige houding van die naturellestamme in die noorde, was die eerste inwoners feitlik slegs op blanke arbeid toegewys. Naturelle arbeid was 'n seldsaamheid. Die gebrek aan voldoende arbeid het dan ook die ontwikkeling van die boerdery heelwat gestrem <sup>1)</sup>.

Omdat, by gebrek aan voldoende arbeid, al die jong kinders ook in die boerdery behulpzaam moes wees, kon aan hulle kulturele opvoeding en onderwys maar baie min aandag bestee word <sup>2)</sup>.

Daar was ook baie min geleentheid vir die verstandelike ontwikkeling van die kinders, aangesien die ouers en kinders die boerdery moes behartig en ook gedurig op hulle hoede moes wees om huis en haard te beskerm teen aanvalle van kafferstamme <sup>3)</sup>.

Die grootste meerderheid van die inwoners van Waterberg in hierdie tyd was baie arm. Veediefstalle berokken hulle skade, en dit bring mee dat hulle op landbougebied nog meer agteruitgaan. Soms het dit gebeur dat die plase vir lang tye onbewerk gelê het. Onder sulke omstandighede kon daar dus van skole geen sprake wees nie.

b. Behoeftte aan onderwys.

Nieteenstaande die haglike maatskaplike toestande is 'n groot behoefte aan onderwys en opvoeding deur elke huisgesin gevoel. Die kinders se eerste onderrig is deur die ouers self, veral die moeders, gegee. Die onderwystoestande het dan ook nie verskil van die wat gedurende die Trekjare gebruiklik was nie <sup>4)</sup>.

Elke ouerpaar se wens en begeerte was dat hulle kinders ten minste

1. Mededeling : E. Tamsen.

2. Ibid.

3. Ibid.

4. Stuart : De Hôllandsche Afrikanen en hun Republiek, 211, 369.



belydenis van geloof sou aflê om lidmaat te kan word van die Christelike kerk. Daarom is Bybelkennis as van so groot betekenis beskou. Die Bybel is gelees en geleer, terwyl daar gereeld uit die Psalm- en Gesangboek gesing is <sup>1)</sup>.

c. Faktore wat meegewerk het tot vertraging van die onderwys in Waterberg.

(i) Ekonomiese faktore.

Die heersende toestande op landbou- en handelsgebied in Waterberg tot 1870 het beslis stremmend op geestelike, intellektuele en ekonomiese gebied ingewerk, in so 'n mate dat in die onderwys en opvoeding haas geen lewe te bespeur was nie.

As gevolg van armoede, veroorsaak deur veediefstalle, veesiektes ens. het die onderwys gely. Die ouers was te arm om privaat onderwysers te huur. Buitendien was onderwysers uiters skaars. Slegs op die hoofplekke, soos Potchefstroom, Lydenburg, Pretoria en Rustenburg, was onderwysers in diens <sup>2)</sup>.

(ii) Geestelike agteruitgang.

In hierdie jare was die mense in Waterberg geestelik baie arm. Af en toe is hulle geestelik bearbei. Vanaf 1859 is daar periodiek in Waterberg kerk gehou <sup>3)</sup> maar met baie lang tussenposes tussen die dienste. Daar was geen vaste leraars nie, en dit het gelei tot geestelike agteruitgang. Die eerste permanente predikant het in 1890 na Waterberg gekom, toe ds. D.J. Viljoen van die N.H. of G. Kerk diens aanvaar het <sup>4)</sup>. In die jaar 1898 het ds. J.A. van Rooy as Gereformeerde predikant na Waterberg gekom <sup>5)</sup>. Die Hervormde Gemeente het in 1904 hulle eerste vaste leraar gekry in die persoon van ds. L.E. Brandt <sup>6)</sup>. Voor hierdie tyd het konsulentpredikante die gemeentes met wisselende tussenposes bedien. Soms het lang periodes verstryk aleer, die gemeentelêde 'n predikant kon ontmoet, met die gevolg dat die kerklike lewe daaronder gely het.

- 
1. Mededeling : E. Tamsen.
  2. R. 852/55; Preller-versameling, Argief, Pretoria.
  3. Engelbrecht: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, 272.
  4. Meegedeel: Ds. M.H. Horak, Predikant N.H. of G. Gemeente, Waterberg.
  5. Almanak van die Geref. Gemeentes in Suid-Afrika, 1954, 136.
  6. Meegedeel : Prof. S.P. Engelbrecht.

## 2. Onderwys onder Burgers, 1870 tot 1877.

### a. Nuwe gees in 1871.

Die Keate-uitspraak oor die diamantkwessie in 1871 het die val van president Pretorius, wat deur die politieke probleme van die Z.A. Republiek oorweldig is, aanmerklik verhaas. In die jaar 1871 het Pretorius 'n ontwerpgrondwet begin opstel, wat ook in die Staatscourant van 21 Februarie 1871 gepubliseer is. Hierdie wet het enkele rewolusionêre artikels bevat, waarteenoor die volk vyandig gestaan het. In die hoofstuk oor godsdiens en onderwys was die nuwe idees veral merkbaar. Die gevolg was dat die volk teleurgesteld was, sodat die teenstand teen Pretorius toegeneem het en hy twee weke later sy bedanking as president moes indien <sup>1)</sup>.

Intussen het die heer D.J. Erasmus as president waargeneem. Die presidentsamp is toe aan ds. T.F. Burgers aangebied, wat op 1 Julie 1872 die amp van president aanvaar het deur die ampseed af te lê.

### b. Onderwystoestande aan die begin van die Burgerstydperk.

In die sewentiger jare was die Z.A. Republiek nog maar steeds in die greep van armoede en was die bronne van inkomste ook nog maar baie beperk.

Die Raad het aan President Burgers, as een van sy eerste pligte, opdrag gegee om 'n skema vir die beheer van die onderwys by die volgende sitting in te dien <sup>2)</sup>. President Burgers wou, deur 'n behoorlike en weldeurdagte plan van onderwys vir alle stande van die maatskappy en 'n erkenning van godsdiensvryheid vir alle kerkgenootskappe, die heil van volk en land bewerkstellig <sup>3)</sup>.

Die onderwystoestande in die dae word op treffende wyse deur Carl Jeppe soos volg opgesom:

„The people were ignorant, all ill-educated, in the sense that, though all could write a little and read enough to spell out their Bible, only the minority in or near towns had the opportunity of learning more. Into such surroundings burst, like a meteor, (Burgers) a man of high culture, boundless energy not tempered by patience and harbouring plans of progress for which the country was totally unripe <sup>4)</sup>.

---

1. Lugtenburg : Geskiedenis van die onderwys in die Z.A. Republiek, 1836 - 1900, 88.

2. Coetzee : Onderwys in Transvaal, 160.

3. Lugtenburg : a.w., 90.

4. Jeppe : The Kaleidoscopic Transvaal, 27.

President Burgers het 'n volledige skema vir die onderwys uitgewerk, maar dit was eers in 1874 gereed. Hierdie wet sou eers in 1876 in werking tree met die aanstelling van 'n Superintendent van Onderwys in die persoon van die heer W.J. van Gorkum <sup>1)</sup>.

Die Burgerswet het nie rekening gehou met die godsdiens-oortuiging, aard en sedes van die Boerevolk nie. Die wet was rewolusionêr. Dit het die onderwys volkome gesekulariseer en gesentraliseer. Daar sou drie tipes skole wees: wykskole, vir elke veldkornetskapskap een; distrikskole vir die dorpe; en die hoërskole, eers een in Pretoria en daarna een in Potchefstroom <sup>2)</sup>.

### c. Onderwys in Waterberg.

Omdat die distrik Waterberg so 'n uitgestrekte gebied beslaan het, en in die sewentiger jare so ylbewoon was, is dit begryplik dat die onderwys van die kinders besondere aandag van die ouers vereis het. Met die onderwys het dit maar moeilik gegaan. Dis ook begryplik. Daar is selfs in hierdie tyd gekla dat daar geen enkele skool in die hele (Gereformeerde) gemeente was nie. Op een plek staan dit opgeteken dat ouers van skoolgaande kinders aangesê moes word om vroegtydig (d.w.s. Donderdag) na die kerkplein toe te kom „opdat de leeraar examen kon houden” <sup>3)</sup>.

Daar is vasgestel dat daar tog pogings aangewend is om, ooreenkomstig die wet van 1874, wykskole in Waterberg op te rig. So het die heer P.N. Sluijmers, wat op Hartbeestfontein skoolgehou het, by die Superintendent van Onderwys aansoek gedoen om aangestel te word as hoof van die wykskool wat op die plaas van H. Pretorius aan die Pienaarsrivier gestig sou word <sup>4)</sup>. Van die stigting van so 'n wykskool te Pienaarsrivier het blykbaar niks tereggekom nie.

Ook op die dorp Nylstroom is 'n wykskool in die lewe geroep <sup>5)</sup>.

Verder is daar ook op die plaas Rhenosterpoort in Oktober 1876 'n wykskool gestig <sup>6)</sup>. Die skoolkommissie het bestaan uit die here L.G.F. Biccard, H.R. Schnell, J.F. Goodwin, H.J. Grobler D.sn., J.E. Moulder en

---

1. Staatscourant, Nr. 624, 15 Maart 1876.

2. Coetzee : Onderwys in Transvaal, 164. —

3. Almanak van die Geref. Gemeentes in Suid-Afrika, 1954, 136.

4. O.D. 1/1: Brief van Sluijmers aan die Superintendent, 6/6/76.

5. Ibid: Brief van C.J. Hoolboom aan die Superintendent, 24/1/77.

6. Ibid: Brief van Waarnemende landdros J. Backer aan die Superintendent, 3/10/76.

F. Visjer.

d. Redes waarom daar onder die Burgerstydperk so min wykskole in Waterberg was.

(i) Die Onderwysstelsel van Burgers was te gesekulariseerd.

Uit artikel 26 van die Onderwyswet van 1874 het daar 'n gees gestraal wat vir die volk heeltemal vreemd was. Geen godsdiensonderwys sou gedurende skoolure gegee word nie, maar die skoollokale sou buite die skoolure volgens goeddunke van die skoolkommissie tot die beskikking van leraars en onderwysers wees <sup>1)</sup>. Artikel 26 het die ouers se vertroue geskok, sodat daar 'n gevoel van wantroue teen die wet ontstaan het. Liewers geen skool nie as skole wat nie-Christelik van aard sou wees.

Godsdiensonderwys was die hoofdoel van die onderwys in Waterberg, soos trouens in feitlik al die distrikte van die Republiek, want sonder godsdiensonderwys kon die jeug nie belydenis van geloof aflê nie. „The social effect of failing to obtain this position in the church was very serious, for, as a rule, the young people were not allowed to marry until after confirmation” <sup>2)</sup>.

Ook artikel 51 van die wet is met agterdog bejeën. Volgens hierdie artikel word bepaal dat onderwysers hulle moes onthou van „het geven van onderwys: in de Godsdienst gedurende schooluren, en er zich selfs buiten de schooluren niet mede in laten” <sup>3)</sup>.

Die gees wat deur hierdie twee artikels vertolk is, het meegebring dat die ouers in Waterberg gevoel het om self te sorg vir godsdiensonderwys, eerder as om skole te stig waar daar 'n nie-Christelike gees sou heers <sup>4)</sup>.

(ii) Nypende armoede.

Vir die ouers in Waterberg was die skoolgelde, soos deur die finansiële reëlins van die Burgerswet bepaal, te hoog. Die mense was geknel deur drukkende armoede, en onder sulke omstandighede kon die skoolgelde nie bygehou word nie <sup>4)</sup>. Hierdie nypende armoede moet beskou word as een van die vernaamste redes waarom so min wykskole in Waterberg bestaan het.

- 
1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 38.
  2. Malherbe: Education in South Africa, 246.
  3. Staatscourant, Nr. 511, 4/2/74.
  4. Meegedeel: E. Tamsen.
  5. Ibid.

(iii) Afkeer aan ingevoerde Hollanders.

Die burgers van die Republiek was baie sterk gekant teen die invoer van Hollanders en veral teen die heer Van Gorkum, die Superintendent van Onderwys. Die houding van die Hollandse onderwysers het die ouers teen die bors gestuit, „for the objection in their case took the form of distrust of their religious opinions”<sup>1)</sup>.

Die ouers het die vrees gekoester dat vreemde beginsels by hulle kinders onder die invloed van die Hollandse onderwysers sou posvat, met die gevolg dat die kinders se vertroue in die Bybel daardeur ondermyn sou word.

Die ouers het verder gevrees dat die ingevoerde Hollandse onderwysers ook die moderne opvattinge van Burgers sou huldig. Vir die konserwatiewe Transvalers was die nuwe gees en die nuwe opvattinge 'n bedreiging vir die morele en sedelike opvoeding van hulle kinders, en daarom juis was daar 'n soort van lydelike verset teen die onderwysstelsel van president Burgers. Die ouers in Waterberg wou eers sien wat die nuwe gees sou voortbring<sup>2)</sup>.

3. Onderwys gedurende die Eerste Anneksasie-tydperk, 1877 tot 1881.a. Shepstone annekseer die Z.A. Republiek.

Op 12 April 1877 is die Britse vlag oor die Z.A. Republiek gehys sonder dat daar van Boerekant iets gedoen kon word om dit te verhoed. Alle amptenare het voorlopig in diens van die nuwe bewind gebly. Ook op onderwysgebied het sake soos voorheen aangegaan, met Van Gorkum nog aan die roer van sake as Superintendent van Onderwys. Ten gevolge van die teenstand teen Van Gorkum en Wet Nr. 14 van 1874 was die bemoeiing van die Superintendent met onderwyssake maar baie gering. Die Britse bestuur wou die Boere na die anneksasie met die nuwe omstandighede versoen. Shepstone het klaarblyklik gevoel dat die onderwys 'n baie groot bydrae kon lewer en 'n baie belangrike faktor kon wees in die bereiking van sy doel. Daarom het hy ook heel gou met 'n konsiliasiereis begin, waartydens hy die meeste dorpskole besoek het. Deur inligting wat hy van sy vriende verkry het, was hy bekend met die algemene besware teen die

---

1. Malherbe : Education in South Africa, 246.

2. Mededeling : E. Tamsen.

Burgerswet. Om die rede het hy hom so min moontlik verpligtings op sy hals gehaal onder 'n stelsel wat tog nie permanent sou wees nie <sup>1)</sup>.

b. Dr. Vacy Lyle as Kommissaris aangestel.

Aan die heer Van Gorkum is opdrag gegee om 'n verslag oor die onderwystoestande in die Transvaal op te stel. Shepstone het blykbaar hierdie verslag nie as 'n juiste weergawe van die toestand beskou nie, want hy stel dr. Vacy Lyle aan as kommissaris, „to enquire into the present conditions of education in the Transvaal Territory ....” <sup>2)</sup>.

Dr. Lyle kon gegewens vir sy verslag insamel, aangesien die hele onderwysorganisasie vir hom toeganklik was.

Van Gorkum het al sy dokumente op 21 Maart 1878 aan Lyle oorhandig. Nadat hy van skoolhoofde rapporte ontvang het na aanleiding van 'n navraag aangaande twee sake, naamlik „hoe het onderwijs in die school zijn moet” en „van wien het onderwijs moet uitgaan” <sup>3)</sup>, het Lyle sy verslag in die begin van 1879 ingehandig.

Met die doel om laer onderwys vir die grootste gedeelte van die bevolking toeganklik te maak, het Lyle met sy verslag min of meer die volgende onderwysstelsel beoog:

- (a) Hy beklemtoon <sup>5</sup>staatsondersteunde skole.
- (b) Talentvolle en behoeftige kinders moes van regeringsweë ondersteuning ontvang.
- (c) Subsidies en salarisse sou nie langer betaal word nie, maar die toelae sou ooreenkomstig resultate geskied.
- (d) In staatsondersteunde skole moes eenvormigheid aangaande die beleid by die keuse van handboeke wees.
- (e) Inspekteurs was wenslik, maar voorlopig kon predikante behulpzaam wees met die inspeksie van skole.
- (f) Plaaslike skoolkommissies sou bly bestaan en moes toesig hou oor skole.
- (g) Die skoolkommissies sou die bepaling van die medium van onderwys behartig.

---

1. Lugtenburg : a.w., 117.

2. Lugtenburg : a.w. 117.

3. Ibid.

(h) Bybelse geskiedenis sou onderwys moes word <sup>1)</sup>.

c. Goewermentskole in Waterberg.

Nieteenstaande die vooropgesette doel van Lyle met die onderwys het die toestand van die onderwys in Waterberg nog maar benard gebly, soos duidelik blyk uit 'n klagte van die heer G. Verdoorn <sup>2)</sup>. Hy kla onder andere: „Zoo uwzelf weet, heb ik getracht, voor Waterberg te zorgen met betrekking het onderwijs, doch alles tevergeefs!“ Daarom sien die heer Verdoorn net een weg vir hom oop, en dit is om te bedank as skoolkommissielid van die wykskool te Nylstroom waar die heer C.W. Nelson onderwys gee.

Die wykskool te Rhenosterpoort bestaan ook nog.

(i) Probleme om onderwysers te bekom.

Die feit dat Waterberg nog maar 'n baie ylbewoonde distrik was en daarby ook nog deur die malariakoors as 'n baie ongesonde deel van die Transvaal bekend gestaan het, het bygedra tot die verskynsel dat die skole gesukkel het om die dienste van goewermentsonderwysers te bekom.

Tiperend van die algemene gesukkel is die stryd wat die wykskool te Nylstroom gevoer het om die dienste van 'n goewermentsonderwyser te verkry.

Op 15 Februarie 1878 kla die onderwyser dat die regeringskoolgebou ongeskik vir onderwysdoeleindes is. Die skoolkommissie van die skool funksioneer nie meer nie ... „the school commission seems defunct“. Die publiek het 'n gebou vir 'n skool en 'n woonhuis aangebied tot tyd en wyl die goewermentsgebou herstel is <sup>3)</sup>. Verder vra die onderwyser, C.W. Nelson, 'n aanstelling as goewermentsonderwyser direk van die regering, omdat die skoolkommissie nie meer as sodanig funksioneer nie, volgens bewering van landdros Moll. Die inwoners van Nylstroom is egter baie begerig om 'n goewermentsonderwyser aangestel te kry.

Op 21 Julie 1878 kla die heer Nelson weer eens dat landdros Moll, ex officio-voorsitter van die skoolkommissie, weier om die liggaam byeen te roep op bevel van die Administrasie van Transvaal. Nelson vra dat Moll beveel moet word om die kommissie byeen te roep, sodat hy (Nelson) aangestel kan word as goewermentsonderwyser. Die publiek verlang dit

---

1. Lugtenburg : a.w. 122.

2. O.D. 1/3 : Brief van G. Verdoorn aan die Superintendent,  
12/2/1878.

3. O.D. 1/3 : Brief van Nelson aan die Superintendent, 15/2/1878,

ook <sup>1)</sup>. Ondertussen is Nelson deur die Superintendent van Onderwys as regeringsonderwyser aanbeveel. Hy vertrek na die plaas van H.J. Smit naby Nylstroom, waar hy onderrig gee sowel in Hollands as in Engels. Hiervoor ontvang hy £200 per jaar en vry inwoning as vergoeding <sup>2)</sup>.

Nadat die heer Nelson deur die heer Verdoorn op laasgenoemde se onkoste na Nylstroom gebring is, is gevind dat die skoolkommissie van Nylstroom uit slegs een lid bestaan. Die res het Nylstroom verlaat of is dood <sup>3)</sup>. Op 3 Augustus 1878 is aan Lyle die vraag gestel of die skoolkommissie gou saamgestel sou word en of die skool gebou sou word <sup>4)</sup>.

Nadat Nelson se diens as onderwyser by H.J. Smit beëindig is, skets hy die toestande baie mooi: Die meerderheid boere op Nylstroom is óf te arm óf te nalatig om hulle kinders deeglike onderwys te gee, veral in Engels. In Nylstroom was daar ook geen huisvesting vir loseerders beskikbaar nie <sup>5)</sup>.

Om die kwessie van die skoolkommissie se hersamestelling weer ahangig te maak, is 'n petisie, geteken deur meer as 90 persone, aan die owerhede gestuur <sup>6)</sup>. Dit het ook gehandel oor die herstel van 'n gebou wat as skoolgebou gebruik sou kon word. Op 27 September 1878 is die name van die plaaslike skoolkommissie weer aan die owerhede voorgelê <sup>7)</sup>. Die skoolkommissie het nou bestaan uit die here Cornelius Moll (landdros), Carel Sebastiaan van Heerden, Nicolaas Johannes Grobler, Bernhard Beyer, Hendrik Petrus Prinsloo, jr., Hendrik Smit en Carl Jeppe. Die onderwyserspos sou ook deur die Superintendent geadverteer word <sup>8)</sup>. Die pos is geadverteer, en die heer J. Osmond Brissenden is daarvoor aanbeveel <sup>9)</sup> en is ook aangestel as hoof van die skool te Nylstroom, maar hy stel die skoolkommissie in kennis dat hy dit nie sou aanvaar nie, omdat hy 'n aanstelling in die militêre mag aanvaar het <sup>10)</sup>.

- 
1. O.D. 1/3 : Brief van Nelson aan die Superintendent, 21/7/1878.
  2. O.D. 1/3 : Brief van Nelson aan Lyle, 4/7/1878.
  3. O.D. 1/3 : Brief van Nelson aan Lyle, 4/7/1878.
  4. O.D. 1/3 : Brief van Nelson aan Lyle, 3/8/1878.
  5. O.D. 1/3 : Brief van Nelson aan Lyle, 28/8/1878.
  6. O.D. 1/3 : Brief van Moll aan Lyle, 24/9/1878.
  7. O.D. 1/3 : Brief van Moll aan Lyle, 27/9/1878.
  8. O.D. 1/3 : Brief van Moll aan Lyle, 8/10/1878.
  9. O.D. 1/3 : Brief van Moll aan Lyle, 8/11/1878.
  10. O.D. 1/3 : Brief van Brissenden aan Skoolkommissie, 30/11/1878; Moll aan Lyle, 27/11/1878.



Ondertussen is mev. Maria Impey <sup>1)</sup> as onderwyseres aangestel, maar hierteen is beswaar aangeteken <sup>2)</sup>. Ds. H.S. Bosman sou van mening wees dat die skool onder mev. Impey 'n kerkskool moet wees totdat die dienste van 'n bekwame meester beskikbaar sou wees. Volgens 'n memorandum, geteken deur H.S. Bosman, is 'n nuwe skoolkommissie saamgestel nieteenstaande die feit dat ds. H.S. Bosman gekant was teen die verantwoordelikeid wat die skoolkommissies in die opvoeding gehad het, want deur hul twiste is die opvoeding benadeel <sup>3)</sup>. Mev. Impey is as onderwyseres teen £100 per jaar aangestel, en die skool word op 14 April 1879 met 15 leerlinge in die pastorie van die Ned. Herv. Kerk geopen <sup>4)</sup>.

Die Superintendent keur hierdie stap af en wys daarop dat die skoolkommissie se doen en late ongeldig is, dat die liggaam onwettiglik saamgestel en benoem is en ook dat die skoolstigting verkeerd is. Hy beveel aan dat mev. Impey geëksamineer moes word, dat 'n openbare vergadering belê moes word om 'n skoolkommissie te kies en 'n onderwyser voorwaardelik teen £125 per jaar aan te stel <sup>5)</sup>.

Mev. Impey het egter geweier om geëksamineer te word, met die gevolg dat die skool teen die helfte van 1879 nog sonder 'n goewermentsonderwyser moes klaarkom.

#### 4. Samevatting.

Terwyl teen 1850/60 reeds die eerste inwoners hulle in Waterberg gevestig het, was die ontwikkeling van die distrik baie stadig. Die mense het ylverspreid oor die distrik gewoon, terwyl die meeste inwoners maar baie arm was.

Swak maatskaplike toestande gepaard met geestelike agteruitgang het daartoe meegewerk dat van georganiseerde onderwys feitlik geen sprake was nie.

Nieteenstaande die feit dat die Burgerswet 'n stelsel van onderwys vir alle stande van die maatskappy beoog het, was die reaksie van die Waterbergers op hierdie wet en die uitvloeisel daarvan baie gering. 'n Paar skole is in die lewe geroep, dog gebrek aan onderwysers het die

- 
1. O.D. 1/4 : Brief van Superintendent aan Staatsekr., 24/4/1879; Argiefstuk R 1461/79.
  2. O.D. 1/4 : Brief van Moll aan Lyle, 7/6/1879.
  3. Lugtenburg: a.w. 125.
  4. O.D. 1/4 : Brief van Moll aan Superintendent, 24/4/1879.
  5. O.D. 1/4 : Brief van Superintendent aan Staatsekr., 24/4/1879.

ontwikkeling aanmerklik gestrem.

Onder die anneksasietydperk was die ontwikkeling op die gebied van onderwys ook maar karig.

Waar die toestand van die onderwys in Waterberg onder president Burgers nog maar benard was, het die ouers in Waterberg meer die erns van die opvoeding en onderwys van hulle kinders begin besef toe 'n onderwyswet wat rekening gehou het met die gees, die rigting en die behoeftes van die Boerevolk, 'n stelsel van staatsondersteunde onderwys in die lewe geroep het. Die Onderwyswet van 1882 sou dien as die prikkel wat die ouers in Waterberg op onderwysgebied laat ontwaak het.

---

---

HOOFSTUK III.ONDERWYS ONDER Ds. S. J. DU TOITEM H. STIEMENS.1. Onderwys onder ds. S.J. du Toit.a. Ds. Du Toit as Superintendent benoem.

Op 3 Augustus 1883 is die Konvensie van Pretoria onderteken. Die wette van voor die Anneksasietydperk het dadelik weer in werking getree, ook Wet 4 van 1874, wat op die onderwys betrekking gehad het.

Daar moes nou 'n ander Superintendent van Onderwys in die plek van die heer Van Gorkum aangestel word. Die Driemanskap het ds. S.J. du Toit van die Paarl in gedagte gehad. Uit hoofde van sy verband met die onderwys in die Kaapkolonie asook sy stryd vir die vrye Christelike skool en sy openlike verdediging van die Republiek in Die Patriot gedurende die Eerste Vryheidsoorlog, 1880 tot 1881, was hy die aangewese man vir die taak. Die Transvaalse owerheid het ds. Du Toit op 22 Augustus 1881 benoem as Superintendent van Onderwys, maar hy het eers op 13 Maart 1882 diens aanvaar <sup>1)</sup>.

Oor die onderwys het ds. Du Toit 'n vaste oortuiging gehad. Die beginsel deur hom neergelê, is aanvaar deur die Republiek, naamlik dat die onderwys 'n saak is vir die ouers en die kerk, nie vir die staat nie. Die staat se bemoeiing met die onderwys moes beperk wees tot die geldelike ondersteuning volgens die aantal leerlinge en die graad van onderwys. Die staat moes verder toesig hou oor die besteding van die geld ten behoeve van die onderwys, met dien verstande dat die onderwys suiwer Christelik-nasionaal moet wees. Die skole was oorgelaat aan privaat inisiatief en was geen staatseiendom nie. Die onderwysers was ook geen staatsamptenare nie <sup>2)</sup>. Hierdie beginsels is dan ook beliggaam in Wet Nr. 1 van 1882.

b. Wet Nr. 1 van 1882.

Die Algemene Bepalings van die wet het voorsiening gemaak dat jaarliks 'n subsidie van £3 vir laer en £5 vir middelbare onderwys per kind toegestaan word. Die subsidie is aangebied ooreenkomstig die aantal

---

1. Coetzee : Onderwys in die Transvaal, 48.

2. Ibid.

leerlinge en die standaard van onderwys. Verder is voorsiening gemaak vir die inspeksie van skole deur óf die Superintendent óf deur hom daartoe gemagtigde predikante. Private inisiatief om skole te stig is aangemoedig deur die toekenning van geldelike ondersteuning.

Die Besondere Bepalinge het die ondersteunde skool onder toesig van 'n skoolkommissie geplaas, wat moes sorg vir geboue, meubels en toebehore. Die pligte en verantwoordelikhede van die skoolkommissies is breedvoerig omskryf.

Die Du Toit-wet het 'n stelsel van onderwys in die lewe geroep wat gepas het by die volksaard en -tradisies. Die stelsel van staatsondersteunde skole op Christelike en nasionale grondslag met Hollands as voertaal het dadelik die belangstelling en steun van die Boerevolk ontvang, omdat dit rekening gehou het met hulle gees, rigting en behoeftes <sup>1)</sup>.

c. Ontwaking op onderwysgebied in Waterberg, 1881.

Die stelsel van ondersteunde skole wat deur ds. Du Toit met Wet Nr. 1 van 1882 in die lewe geroep is, was die prikkel wat die bewoners van Waterberg laat ontwaak het ten opsigte van die onderwys. Die wet stel dit duidelik dat die onderwys die taak van die ouers is; ook word private inisiatief aangemoedig deur die geldelike ondersteuning van die kant van die staat. Oor die algemeen was die Waterbergers arm, en die stelsel van ondersteunde skole het ook die kinders in staat gestel om die nodige onderwys te kon geniet.

Die feit dat daar in die jare vanaf 1882 soveel aansoeke om ondersteunde skole by die owerhede ingedien is, toon duidelik dat die mense, ook in Waterberg, begerig was om vir hulle kinders die geleentheid te gee om onderwys te ontvang. Nogtans was daar nog baie kinders wat van die voorreg van goewermentsonderwys verstoke was. Nietemin moet daarop gewys word dat daar in Waterberg nou 'n tydperk van ontwaking op onderwysgebied ingetree het. Dit blyk duidelik as ons nagaan waar en wanneer ondersteunde skole in Waterberg ontstaan het:

Op die plaas Rietfontein van C.C. van Heerden is die privaatskool met Nieuwerk as onderwyser <sup>2)</sup> op 24 November 1882 as ondersteunde skool

---

1. Coetzee: Onderwys in die Transvaal, 51.

2. O.D. 2/1 : Brief van Nieuwerk aan die Superintendent, 24/11/1882.

goedgekeur <sup>1)</sup>. In Julie 1883 verlaat Nieuwerk egter die skool <sup>2)</sup>, maar op 2 Februarie 1885 is dit met 6 kinders op die rol heropen <sup>3)</sup>.

Op 1 Desember 1884 is aansoek gedoen om 'n ondersteunde skool op die plaas Tweefontein, met A. Ruitenberg as onderwyser <sup>4)</sup>, maar hiervan het niks tereggekom nie.

Op 15 September 1885 is 'n ondersteunde skool op die plaas Olievenpoort geopen <sup>5)</sup>.

Toe dr. B. Arnoldi die Waterbergse distrik in 1885 besoek het, is hy deur malaria platgetrek en moes hy noodgedwonge op die plaas Bospoort by die eienaar, die swaar gebrekklike oue heer P. van Staden, tuisgaan. Op aandrang van dr. Arnoldi vra die heer Van Staden van die Superintendent verlof om die dokter toe te laat om die kinders te onderwys <sup>6)</sup>. Dr. Arnoldi skryf aan die Superintendent dat hy saans die elf kinders van die heer Van Staden wil leer reken, skryf, lees en ook in Bybelgeskiedenis wil onderrig <sup>7)</sup>. Van hierdie skoolstigting het blykbaar niks tereggekom nie.

In ander dele van die distrik word ook gebruik gemaak van die stelsel van ondersteunde skole. So word op 4 Mei 1885 'n ondersteunde skool op die plaas Boschpoort geopen, met 15 leerlinge op die rol en met J. de Villiers as onderwyser <sup>8)</sup>.

Ook op die plaas Doorndraai van L.J. de Beer ontstaan 'n skool in Mei 1885 <sup>9)</sup>. Die skole wat tot 1885 op die wyse in die distrik gestig is, het in 'n mate daartoe bygedra om in die onderwysbehoefte van die mense te voorsien.

Die ondersteuning van staatsweë het byval gevind en het gedien as 'n prikkel vir privaat inisiatief om self skole te stig. Aan die einde van elke kwartaal moes die onderwyser 'n staat instuur as eis vir die betaling van die subsidie <sup>10)</sup>.

- 
1. O.D. 2/1 : Brief van Nieuwerk aan die Superintendent, 3/1/1883.
  2. Ibid., Brief van C.C. van Heerden aan die Superintendent, 10/9/1883.
  3. O.D. 3/1 : Brief van E. Schtscherbakow aan die Superintendent, 22/2/1885.
  4. O.D. 2/3 : Brief van A. Ruitenberg aan die Superintendent, 1/12/1884; Ibid., 16/12/1884.
  5. Ibid., Brief van J.A. de Vos aan die Superintendent, 15/9/1883.
  6. Ibid., Brief van P.J. van Staden aan die Superintendent, 6/4/1885.
  7. Ibid., Brief van dr. B. Arnoldi aan die Superintendent, 1/4/1885.
  8. O.D. 3/1 : Brief van P.J. Oosthuizen aan die Superintendent, 25/4/1885.
  9. Ibid.: Brief van L.J. de Beer aan Sekretaris van Onderwys, 16/5/1885.
  10. Kyk Aanhangsel E, p. (vi).

Die stelsel van ondersteunde skole het al meer gewild geword, sodat weldra meer skole gestig is.

Op 31 Februarie 1887 versoek I.R. Reynolds, privaat-onderwyser op die plaas van E. Carstens, die Superintendent om die Rhenosterspoort-skool as regeringskool te erken, sodat die boere se kinders in Engels en Hollands onderwys kon word <sup>1)</sup>. Hierdie aansoek is goedgekeur, en die skool is op die lys van goedgekeurde skole geplaas.

Op 28 Maart 1887 is nog 'n staatsondersteunde skool met 12 leerlinge op die plaas van die heer J.J. van Staden, J.sn., met E.J.J. Visser as onderwyser geopen <sup>2)</sup>.

Op 5 Julie 1887 open die heer A. de Smidt 'n ondersteunde skool op die plaas Rietvlei <sup>3)</sup>, maar die gebou is afgebreek deur die eienaar, O.J. van Heerden <sup>4)</sup>, sodat die skool se bestaan baie kort was.

Verder is daar op 1 November 1887 'n skool vir laer en middelbare onderwys op die plaas Tweefontein geopen. A. Penning was die onderwyser <sup>5)</sup>.

'n Verdere skoolstigting het op 30 Desember 1887 op die plaas Bakorenkrans plaasgevind. Daar was 25 leerlinge <sup>6)</sup>. Daar is ook aansoek gedoen om hierdie skool as ondersteunde skool te erken <sup>7)</sup>.

Wet Nr. 1 van 1882 plaas die skole onder toesig van die skoolkommissie, wat sy eie huishoudelike bepalinge <sup>8)</sup> aan die Superintendent vir goedkeuring moes voorlê. Die skoolkommissie was dan ook verantwoordelik vir die administrasie van die skool.

Op Nylstroom was die onderwyser die heer P.J. du Toit, en die skoolkommissielede was die here H.J. Kroep (landdros), A.J. Burger, P.G. van Deventer, H.S. Lombaard, H.W. Budke. Op 'n vergadering het die kommissie die onderstaande reëls opgestel <sup>9)</sup>:

- 
1. O.D. 4/1 : Brief van I.R. Reynolds aan die Superintendent, 31/2/1887. (Blykbaar moet dit 31 Januarie 1887 wees - Skrywer.)
  2. O.D. 4/1 : Brief van I.R. Reynolds aan die Superintendent, Nr. 190, (ongedateerd).
  3. Ibid : Brief van A. de Smidt aan die Superintendent, 5/7/1887.
  4. O.D. 4/2 : Brief van A. de Smidt aan die Superintendent, 31/10/1887.
  5. O.D. 4/2 : Brief van J. de Beer aan die Superintendent, 22/10/1887.
  6. Ibid : Brief van Albrecht aan die Superintendent, 12/12/1887.
  7. Ibid : Brief van Albrecht aan die Superintendent, (ongedateerd).
  8. Kyk Aanhangsels B, C en D vir huishoudelike bepalinge van 'n paar skole in Waterberg.
  9. O.D. 4/2 : Brief van Budke aan die Superintendent, 1/9/1887.

1. Skoolure : Weeksdag van 9 tot 12 vm. en van 2 tot 4 nm., Saterdag uitgesluit.
2. Die onderwyser moet 'n maandelikse verslag aan die sekretaris van die skoolkommissie voorlê, waarin 'n opgawe van die skoolbesoek vervat is. Die gegewens was nodig vir die beheer oor die skoolgeld.
3. Die onderwyser sou sy salaris aan die einde van elke maand van die sekretaris ontvang.
4. Daar sou kwartaallikse vakansies van 2 weke elk wees.
5. Die sekretaris moes die geld vir die instandhouding van die skoolgebou beheer en by die vergaderings verslag lewer.
6. Vakansiedae vir die eerste, derde en vierde kwartale sou volgens die feesdae gereël word, terwyl die vakansie aan die einde van die tweede kwartaal die laaste week van Junie en die eerste week van Julie sou insluit,
7. Die skoolgeld en die subsidiegeld moes gedurende die derde week van elke maand by die sekretaris van die skoolkommissie gestort word.
8. Elke eksamen of ondersoek sou deur die kommissie gehou word, minstens een week voor die vakansies.
9. Alle onkoste aangegaan vir die gebruik van die pastorie as skoollokaal, sou uit die fonds van die skoolkommissie verhaal moes word.
10. Alle ouers wat hulle kinders sonder billike klagte uit die skool wou neem, moes minstens een maand vooruit kennis gee van hulle voorneme.

Dit blyk dan dat daar tot op 31 Desember 1886 in Waterberg geen wykskole en geen dorpskole was nie. Al die goewermentskole was ondersteunde skole.

d. Inspeksierapporte, 1883 - 1890.

(1) Algemeen.

Sedert 1882 het, volgens die nuwe wet, 'n belangrike nuwe ontwikkeling in die onderwys ingetree. Van toe af moes die Superintendent jaarliks 'n „Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A.R." gee.

Volgens hierdie verslae was die posisie ten opsigte van bestaande skole in Waterberg en die inspeksie daarvan maar bedroewend, soos blyk uit onderstaande tabel betreffende dorp- en wykskole <sup>1)</sup>:

Jaar	Dorpskole	Wykskole	Inspeksie
1883	0	0	Geen inspeksie
1884	0	2	Geen inspeksie
1885	0	0	Geen inspeksie
1886	0	0	Geen inspeksie
1887	1	1	Geen inspeksie
1888	0	6	Geen inspeksie
1889	1	3	Geïnspekteer
1890	1	6	Geïnspekteer

Geen wonder dat in die Volksraad gekla is dat Waterberg se kinders opgroei en as lidmate aangeneem word sonder dat die skole ooit ge-inspekteer is <sup>2)</sup>.

In die jaar 1889 is vir die eerste keer in die Waterbergse skole inspeksie gedoen en wel deur inspekteur C.F. de Jonge, F.zn., toe hierdie heer die wykskool Roodepoort besoek het, waar W.F. Heldzingen vanaf 2 September 1889 aan 14 leerlinge onderwys gegee het <sup>3)</sup>. Net een skool is in 1889 geïnspekteer.

In 1890 kon inspekteur De Jonge meer aandag aan die skole in Waterberg wy, want uit die verslag van hierdie jaar blyk dat die volgende skole geïnspekteer is <sup>4)</sup>:

- 
1. Tabel opgestel uit „Verslae van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A.R.", 1883 - 1890.
  2. V.R.N., art. 397 van 12/6/1889 (klagte van die heer J. du P. de Beer).
  3. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A.R., 1889.
  4. Ibid., 1890.



Dorpskole	Aantal leerlinge	Onderwyser
Nylstroom	40	A. Penning. Mej. A. Bosman.
<u>Wykskole</u>		
Roodepoort	14	W.F. Heldzingen.
Tweefontein	11	H.J.J. Heitmaier.
Middelfontein	30	A. Tuijn.
Rietvlei	46	J.L. Moerdyk. P. Moerdyk.
Sterkfontein	7	C.J. Smit
<u>Ondersteunde skole</u>		
Knopfontein	26	L.A. van Rooyen.
Suikerboschfontein	19	H.A. Mulder.

(ii) Oor die skoolvakke.

Die bevindinge van inspekteur De Jonge ten opsigte van die skoolvakke kan soos volg saamgevat word:

Lees: Met die mindere graad van ontwikkeling van die onderwysers self is die leesonderrig nie te rooskleurig nie. Die ou spelmetode word gevolg, terwyl die lees self veel te wense oorlaat t.o.v. noukeurigheid, uitspraak en vaardigheid. Leestekens word verontagsaam, en baie leerlinge lees sonder 'n begrip van wat geles is. Een serie boeke word aanbeveel.

Spraakunks: Kort nadat die leerling skool verlaat het, is gewoonlik al die reëls van grammatika vergeet. Die leesles en taalles moet met mekaar verband hê. Diktee moet nie uit slegs een paragraaf bestaan nie maar uit gekose sinne.

Rekene: Eintlik word syfers geleer, nie Rekene nie, „werktuigelyk cijferen“. Die meeste onderwysers is onbekwaam om die leerlinge probleme beredeneerd te leer oplos. Handboeke word slaafs gevolg.

Skrif: Dit word nie onderwys volgens die reëls van skryfkuns nie. „Copybooks“ word gebruik, wat tog beter is as die soms „allerakeligste“ voorskrifte van baie onderwysers. 'n Goeie onderwyser moet steeds voorskrif gee, metodies en

opklimmende in moeilikheid.

Aardrykskunde en Geskiedenis is oor die algemeen primitief en oppervlakkig onderrig. By Aardrykskunde ontbreek goeie kaarte. Onderwysers moet beter op hoogte wees van die vak. Geskiedenis moet meer vertellenderwys onderwys word asook eenvoudig en boeiend, sodat leerlinge gedwing word om te luister.

Bybelgeskiedenis: Oor die algemeen word die vak goed onderrig.

Kennis van die leerlinge in hierdie vak is baie bevredigend.

Kerksang: Die B-mol- en B-dur-note kan baie beter onderwys word.

'n Groot deel van die onderwysers is hiervoor onbekwaam, geheel of ten dele.

Engels: Op die buit eskole neem die onderwys in hierdie taal gaandeweg toe, met bevredigende resultate. Van die afdelings lees en vertaalwerk is veel werk gemaak. Daar moet egter meer eenheid in die Engelse leesboeke gebring word. Die grammatikakennis is egter gering. In die skool van J.L. Moerdyk word Engels as taal onderrig, terwyl in die ander skole die onderrig in Engels as taal as sporadies bestempel kan word.

## 2. Onderwys onder Stiemens, 1888 tot 1891.

### a. Bedanking van ds. Du Toit as Superintendent.

Na ds. Du Toit se terugkeer uit Europa was hy meer as ooit tevore in die politiek geïnteresseerd. Daarom het hy nie so gereeld sy hand aan die onderwysploeg gehou nie. In die goeie wat in sy onderwyswetgewing vervat was, het reeds elemente van die kwade geskuil. Wanprakryke het begin insluip, veral ten opsigte van die subsidiestelsel, sodat Du Toit homself kritiek op die hals gehaal het. Subsidies aan skole is nie na wense aan skole uitbetaal nie, briewe is onbeantwoord gelaat, en baie onderwysers was onbekwaam <sup>1)</sup>. Ook het die pers hom openlik aangeval en aangedring op 'n kommissie van ondersoek <sup>2)</sup>.

---

1. V.R.N. : Artikel 246 van 1887.

2. Lugtenburg : a.w. 149

Inspeksie van skole het nie meer so ernstig sy aandag geniet nie, soos duidelik blyk in die geval van Waterberg, waar tot 1888 geen inspeksie gedoen is nie <sup>1)</sup>, ook nie deur predikante nie, omdat Waterberg nog geen vaste predikante gehad het nie <sup>2)</sup>.

Die gevolg van al hierdie openlike aanvalle was dat die posisie vir die Superintendent onuithoubaar geword het. Dit het stremmend op die ontwikkeling van die onderwys ingewerk. Op 14 Januarie 1888 het ds. Du Toit sy bedanking as Superintendent van Onderwys ingedien, en die Sekretaris van Onderwys, die heer H. Stiemens, is benoem as Waarnemende Superintendent.

b. Stiemens as Waarnemende Superintendent.

Onder die bestuur van Stiemens het die onderwysstelsel net so gebly as wat dit onder Du Toit was, alhoewel tog 'n belangrike verandering in hierdie tyd ingetree het, t.w. die eerste drie inspekteurs is aangestel in die persone van die here C.G. de Jonghe, H.H. Dyksterhuis en J. Nieuwenhuize. Die Waarnemende Superintendent kon egter, weens drukke werksaamhede, geen inspeksie soos Du Toit doen nie <sup>3)</sup>. Nogtans het die onderwys gevorder en was die volgende vooruitgang in Waterberg te bespeur <sup>4)</sup>:

JAAR	DORPSKOLE	WYKSKOLE	LEERLINGE
1888	0	6	120
1891	2	8	190

Stiemens het nog 'n verandering voorgestel, naamlik 'n skema om onderwysers aan te moedig om hulle kwalifikasies te verbeter. In September 1888 is die eerste eksamen, naamlik die „Openbare Wedstrijd van Scholen“ in Transvaal gehou <sup>5)</sup>. In Waterberg was die reaksie hierop maar traag, want in 1893 was die enigste onderwyser met 'n onderwys-sertifikaat die heer M. Smuts van die Nylstroomskool <sup>6)</sup>.

1. Kyk tabel op p. 32.

2. Kyk afd. (ii), p. 17.

3. Coetzee : Onderwys in die Transvaal, 57.

4. Verslag van den staat van Openbaar Onderwijs in de Z.A. Republiek, 1888 en 1891.

5. Coetzee : Onderwys in die Transvaal, 58.

6. Verslag van den staat van Openbaar Onderwijs in de Z.A. Republiek, 1893.

President Kruger was nog altyd op die uitkyk na 'n geskikte persoon as Superintendent van Onderwys, aangesien hy Stiemens nie vir permanente benoeming in die pos bevoeg geag het nie. In 1891 het die Volksraad die heer N. Mansvelt aangestel as ds. Du Toit se opvolger.

c. Stigting van nuwe skole in Waterberg, 1888-1890.

Die uitbreiding op onderwysgebied in Waterberg wat onder die bestuur van Du Toit begin het, het tydens die Superintendentskap van Stiemens nog steeds voortgeduur. Die stelsel van staatsondersteunde skole was nog in swang en het nog steeds byval gevind by die Boerevolk. In Waterberg is dan ook in die jare 1888 - 1890 nuwe ondersteunde skole gestig.

Op 2 Januarie 1888 is op die plaas Knopfontein van die heer C.B. Swanepoel en G. Swanepoel 'n ondersteunde skool met 20 leerlinge gestig. Die onderwyser was L.A. van Rooyen <sup>1)</sup>.

Die bestaande skool te Bakorenkrans is ondertussen verplaas na Doornkom <sup>2)</sup>, terwyl die skoolkommissie toe bestaan het uit die here G. van Deventer, Gert van Deventer, I.I. van Staden, Willem Nell, H.G. van Vuuren en F.I. du Toit.

Die skool vir laer en middelbare onderwys te Tweefontein, gestig op 1 November 1887, kon nie bestaan nie, en op 6 Mei 1888 is weer 'n ondersteunde skool aldaar gestig, met die here S.J. de Beer, S.A. de Beer en H.S. Lombaard as kommissielede en Tjaart Vorster as onderwyser. Die aantal leerlinge wat by die opening teenwoordig was, was ses (almal De Beers), terwyl nog ses ander kinders afwesig was <sup>3)</sup>. Hierdie skool is op 20 Februarie 1889 weer gesluit <sup>4)</sup>.

Ondertussen het die skool op Nylstroom agteruitgegaan, want in Mei 1888 was daar nog slegs twee kinders in die skool, met die gevolg dat die skool „opgebroken" is. Die onderwyser is voorlopig na die plaas van die heer M. van Staden om daar skool te hou <sup>5)</sup>.

- 
1. O.D. 4/3 : Brief van Swanepoel aan die Superintendent, 1/2/1888.
  2. O.D. 4/3 : Brief van Albrecht aan die Sekretaris van Onderwys, 18/2/1888.
  3. O.D. 4/3 : Brief van Vorster aan die Superintendent, 30/5/1888.
  4. O.D. 5/1 : Brief van Penning aan die W.nde. Sekretaris van Onderwys, 20/2/1889.
  5. O.D. 4/3 : Brief van Budke aan die Superintendent, 9/5/1888.

Op 18 Februarie 1889 kon 'n verdere skool op die lys van ondersteunde skole geplaas word, toe onderwyser H.A. Mulder op Rietfontein 'n skool geopen het <sup>1)</sup>. Dit is weer op 11 Maart 1889 gesluit <sup>2)</sup>.

Nog verdere skoolstigtings het plaasgevind, toe op Kareefontein 'n ondersteunde skool, met Van Andel as onderwyser, ontstaan het <sup>3)</sup>. Ook is op die plaas Rietfontein, (Hartingsburg) <sup>4)</sup> 'n ondersteunde skool in die lewe geroep <sup>5)</sup>.

Op die plaas Kromkloof was ook 'n goewermentskool, met Herman Albrecht as onderwyser. Dit is verplaas na Magalkwynsoog, maar op 25 Februarie 1889 het die heer Albrecht dit verlaat om, soos verneem is, weer 'n skool te Kromkloof te open <sup>6)</sup>.

Die goewermentskool te Nylstroom is ondertussen weer geopen met 15 leerlinge, met A. Penning as onderwyser, maar die heer Budke, sekretaris van die skoolkommissie asook die voorsitter van hierdie liggaam, moes £6 per jaar bydra om die onderwyser se salaris op die vasgestelde kerf van £100 per jaar te hou. Daar was ook reeds drie leerlinge in die skool wat gratis onderwys ontvang het, en daar is nog meer verwag <sup>7)</sup>. Die onderwyser sou totdat die subsidies aanland, slegs die helfte van sy salaris ontvang, terwyl alle goewermentstoelaes vir kinders wat die getal 20 te bowe gaan, aan die onderwyser toegeken sou word en die balans van die fonds vir skoolbehoefte soos banke, tafels ens. gebruik moes word <sup>8)</sup>.

Ook is vir die dorpie Hartingsburg weldra 'n skool verkry, toe op 2 September 1889 'n skool op die plaas Roodepoort geopen is, met W.F. Heldzingen as onderwyser. Die kommissielede was die here J.H. Louw, C.C. van Heerden, C.S. Potgieter, Jasper Aitcheson en H. Budke <sup>9)</sup>.

1. O.D. 5/1 : Brief van Skoolkommissie aan Stiemens, 18/2/1889.
2. Ibid. : Brief van C.C. van Heerden aan die Departement van Onderwys, 20/3/1889.
3. Ibid. : Brief van T. van Andel aan die Wnde. Sekretaris van Onderwys, 24/1/1889.
4. Kyk Aanhangsel A, p. (i)
5. Ibid. : Brief van J.L. Moerdyk aan die Departement van Onderwys, 3/3/1889.
6. O.D. 5/1 : Brief van H. Boshoff aan die Departement van Onderwys, 5/3/1889.
7. Ibid. : Brief van Budke aan die Superintendent, 11/3/1889.
8. Notule Skoolkommissie-vergadering: 11 Maart 1889, Nylstroomskoolkommissie.
9. O.D. 5/2 : Brief van Skoolkommissie aan die Superintendent, 2/9/1889.  
O.D. 7/2 : Brief van Heldzingen aan die Superintendent, 1/9/90.

Verdere uitbreiding het plaasgevind toe op 1 Oktober 1889 'n ondersteunde skool op die plaas Suikerboschfontein geopen is <sup>1)</sup>.

Nog 'n skool is op die plaas Rietvlei van die heer C. van Heerden opgerig. Op 1 Januarie 1890 is die skool verplaas na die plaas van P. van Heerden. Die skoolkommissie was van mening dat genoemde skool aan die eise van die „Besluitscholen" voldoen het. Daarom is gevra dat aan die skool 10/- per maand huurgeld toegeken moes word <sup>2)</sup>. In 1890 kon hierdie skool 'n tweede onderwyser kry <sup>3)</sup>.

Nog 'n skool wat in Waterberg in hierdie tyd opgerig was, die dié te Donkerpoort <sup>4)</sup>.

Op 7 Julie 1890 is te Piet Potgietersrust 'n ondersteunde skool geopen, genoem die Piet Potgietersrust se Publieke Christelike skool, met die heer M.C. Viljoen as onderwyser <sup>5)</sup>.

Die skool te Tweefontein, gesluit op 20 Februarie 1889, is op 9 Junie 1890 weer opgerig, met H.J.J. Heitmaijer as onderwyser <sup>6)</sup>.

Op 1 September 1890 is nog 'n skool op die lys van ondersteunde skole in Waterberg geplaas, toe 'n skool met 30 leerlinge te Middelfontein opgerig is, met A. Tuijn as onderwyser <sup>7)</sup>.

Verdere uitbreiding het nog gekom met die stigting van 'n skool te Sterkfontein, met. C.J. Smit as onderwyser van 4 leerlinge. Interessant om hier op te merk is die feit dat Engels onderwys sou word aan kinders wie se ouers dit verlang <sup>8)</sup>.

### 3. Kerkrade se aandeel aan die onderwys.

In die tagtiger jare was die kerkrade van die Ned. Herv. en die Gereformeerde Kerk feitlik die stukrag agter die skole wat gestig is. Daar was nie kerklike wrywing in die opsig nie, en die samewerking was hartlik; ook was daar geen diskriminering nie. „In de wijk van

- 
1. O.D. 6/1: Brief van Skoolkom<sup>m</sup>issie aan die Superintendent, 21/10/1889.
  2. O.D. 6/2: Brief van Skoolkommissie aan Superintendent, 25/3/1890.
  3. O.D. 7/3: Brief van Skoolkommissie aan Superintendent, 15/10/1890.
  4. O.D. 6/2: Brief van Skoolkommissie aan Superintendent, 28/3/1890.
  5. O.D. 7/2: Brief van Skoolkommissie aan Superintendent, 7/7/1890.
  6. Ibid., Jan du Plessis de Beer aan Sekretaris van Onderwys, 27/8/1890.
  7. Ibid., Brief van Skoolbestuur aan Superintendent, 1/9/1890.
  8. O.D. 8/1: Brief van Potgieter aan Superintendent, 25/11/1890.

ouderling van Staden is een school met 11 kinders der gemeente; in de wijk van ouderling Swanepoel een school met 21 kinderen, waarvan 16 onzer gemeente. Op de dorpschool zijn 6 kinderen der gemeente ..." 1).

Na aanleiding van 'n skrywe van ds. J.L. Maury as skriba van die „Hoofdbestuur van de Vereeniging voor Gereformeerd Onderwijs" het die Kerkraad van die Geref. Gemeente Waterberg 'n Hulpbestuur vir Onderwys gekies, bestaande uit 4 kerkraadslede en die heer Hendrik de Beer 2). Die gemeente is aangespoor om met ywer in belang van die onderwys van die jeug te werk en om ook met die Hulpbestuur gesamentlik 'n plan te beraam vir die oprigting van 'n skool. Die skool sou deur aandeelhouders opgerig word 3). Vir die doel was daar reeds op 25 April 1884 aandeel ter waarde van £30 uitgeskryf. Van die skool het daar egter niks tereggekom nie, omdat daar nie 'n onderwyser teen 'n billike besoldiging verkry kon word nie.

Gedurende 1885 moes die Geref. Kerkraad besluit dat „de Gemeente alhier, hoe gaarne zij ook de voorbereidende school wenscht, door de benoude tijdsomstandighede, waarin wy verkeeren, zy geene kans ziet, om daartoe mede te werken" 4).

In party wyke was die ouers egter nog nie skoolbewus nie. As die ploeg- en oestyd daar was, is die kinders eenvoudig uit die skool geneem om behulpsaam te wees met die boerdery. Gedurende die wintermaande moes menige kind die ouers op die jagtogte vergesel.

Sommige kerkraadslede en skoolkommissies het die onderwys vanuit 'n konserwatiewe oogpunt beskou, en hierdie beskouinge is in die „Huishoudelike Bepalinge" van die skool opgeneem.

Die kerkraad het ook 'n wakende oog gehou oor die onderwyser, die kind en die onderwys as sodanig. So byvoorbeeld moes die Geref. Gemeente se onderwysers en kinders reeds Donderdae voor kerkgeleenthede by die kerk wees, „zoodat de leeraar schoolexamen houde" 5). Ook was die onderwys vir die kerkrade 'n ernstige saak, sodat die skole se „Huishoudelike Bepalinge" 6), opgestel op Calvinistiese grondslag, die

- 
1. Notule Geref. Gemeente Waterberg, 6 Oktober 1893, art. 14.
  2. Notule Geref. Gemeente Waterberg, 20 Januarie 1882, art. 6.
  3. Notule Geref. Gemeente Waterberg, 12 Oktober 1883, art. 12.
  4. Ibid., 6 Maart, art. 4.
  5. Ibid., 24 Oktober 1884, art. 13.
  6. Kyk Aanhangsels B, C en D.

onderwyser, die kind en die skoolkommissie beskerm het. Daarom is dit ooreenkomstig lands- en onderwyswette opgestel.

#### 4. Samevatting.

##### (a) Gebrekkige onderwys tot ± 1888.

Die onderwys in Waterberg tydens die Du Toit- en Stienenstydperk was maar baie wisselvallig. 'n Hele aantal van die klein skooltjies op die buiteplase veral is kort-kort gesluit om dan tydelik weer te open. Die bestaanstydperk van hierdie skole het gewissel van drie, ses, nege tot twaalf maande. Dit moet toegeskryf word aan die gewoonte van die ouers om die kinders met oestye uit die skool te neem om met die insameling van die oes te help. Ook het die meeste ouers gedurende die wintermaande na die „bosveld" op jagtogte gegaan. Hierdie trekgewoonte het meegebring dat die onderwys baie gely het. Die onderwyser moes dan saamtrek, en in die meeste gevalle kon die skool die kinders slegs vir die aflegging van geloofsbelydenis voorberei. Sodra die kinders gereed was om belydenis van geloof af te lê, is hulle uit die skool geneem.

Die karakter van die meeste skole was dan van verbygaande aard. President Kruger het self gesê dat die meeste mense nie wetenskaplike onderwys wou hê nie, want die Bybel was vir hulle genoeg <sup>1)</sup>.

Baie van die Waterbergse skole, trouens, die meeste van die skool-lokale in hierdie gebied, was, om die minste daarvan te sê, ondoelmatig. Die ventilasie en die verligting het baie te wense oorgelaat. Veral was die ventilasie in die somermaande 'n baie groot probleem, aangesien hierdie distrik in die somer baie warm kan word.

##### (b) Skoolorganisasie: Leermiddele en ameublement.

Een van die grootste probleme waarmee die skole in hierdie tydperk te kampe gehad het, was die gebrek aan geskikte leerboeke. Skoolboeke in die Hollandse taal was feitlik onverkrygbaar. Buitendien was die inwoners van Waterberg ook nog baie arm, sodat dit moeilik gegaan het om boeke te bekostig. Die nood was so hoog dat die Volksraad in 1885 op 'n aanbeveling van ds. Du Toit 'n prys uitgeloof het vir die beste boeke in Rekene, Aardrykskunde, Geskiedenis en Taalkunde in die Hollandse taal vir gebruik deur kinders in die Republiek. Weens die tekort aan



leerboeke is die Bybel dikwels as sodanig gebruik <sup>1)</sup>.

Om die saak nog verder te bemoeilik was die onderwyser in die mag van die ouers en die skoolkommissielede. Die een ouer wou hierdie leerboek, die ander weer daardie een hê. Die gevolge hiervan is baie maklik te begrype. 'n Boek wat taamlik algemeen gewild was, was die Trap der Jeugd.

Teen 1890 was daar in Waterberg al vordering te bespeur wat betref skoolorganisasie en die voorsiening van skoolbehoefte. Skryfborde en lesrooster het al meer in gebruik gekom. Die volgende voorbeeld dien om die probleem en die vindingrykheid van sommige onderwysers te illustreer: Die onderwyser te Rietvlei, J.L. Moerdyk, het, by gebrek aan 'n skryfbord, die een muur swart gevef <sup>2)</sup>. In sommige skole was die artikels egter nog afwesig, soos bv. by Suikerboschfontein.

#### (c) Onderwysers en subsidie.

In 1885 is die Volksraad daarop gewys dat daar nog baie swak gekwalifiseerde onderwysers in diens was. In die Volksraad het die president hierdie swak onderwysers se bestaan verdedig, juis omdat die ouers te arm was om goed gekwalifiseerde onderwysers te bekostig. Die verdediging van die swak tipe onderwyser is dan ook as argument teen Du Toit gebruik, wat dan meegehelp het om te lei tot sy bedanking as Superintendent van Onderwys.

Sommige onderwysers het baie goeie werk verrig. So kan die voorbeeld van J.L. Moerdyk te Rietvlei genoem word. In sy verslag meld inspekteur de Jonge dat die onderwys hier „zeer aanschouwelyk“ gegee word <sup>3)</sup>.

Die subsidiestelsel onder Du Toit was baie ondoeltreffend. Baie leerlinge het gratis onderwys ontvang terwyl hulle nie juis arm was nie.

#### (d) Inspeksies.

Die inspeksie van skole in die Du Toit-tydperk was nie na wens nie. Alhoewel predikante behulpzaam kon wees met die inspeksie van skole, was dit in Waterberg nie die geval nie omdat al drie die Afrikaanse kerke in

---

1. Meegedeel : E. Tamsen.

2. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A. Republiek, 1890.

3. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A. Republiek, 1890.

die distrik in hierdie jare nie oor die dienste van permanente leraars beskik het nie. Eers teen 1889 het die eerste inspeksie van skole hier plaasgevind. Die gebrek aan skoolinspeksie in Waterberg is selfs in die Volksraad te berde gebring.

Vanaf 1889 het die inspeksie meer gereeld kon plaasvind, sodat daar meer aandag aan die onderwys gewy kon word, ook wat metode betref.

Die inspeksies het aan die lig gebring dat in Waterberg wel vooruitgang was maar dat die onderwys nog gebrekkig was.

(e) Taalmedium.

Volgens art. 7 van Wet Nr. 1 van 1882 moes die onderrig geskied deur medium van Hollands. Engels as vak kon ook onderrig word, maar in Waterberg doen die verskynsel hom voor dat daar feitlik geen Engels onderwys is nie. In die skole waar wel onderrig in Engels gegee is, was die onderrig in Engels as taal maar karig.

Nieteenstaande al die bogenoemde tekortkominge tot 1890 was daar ook onder Du Toit tog vordering/in Waterberg, waar die mense op onderwysgebied nou ontwaak het. So kon inspekteur De Jonge in 1890 sê: „De inspekties leeren dat er vooruitgang is, maar naauwelijks merkbaar! Het onderwijs is nog gebrekkig" 1).

Hierdie vooruitgang sou onder die Superintendentskap van Mansvelt geleidelik toeneem, soos in die volgende hoofstuk aangetoon sal word.

-----  
-----

---

1. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A. Republiek, 1890.  
Lugtenburg, a.w. 159.

HOOFSTUK IV.ONDERWYS IN WATERBERG ONDER N. MANSVELT, 1891-1898.1. Mansvelt as Superintendent.a. Toestande op onderwysgebied met sy indienstreding.

Nadat ds. Du Toit die amp van Superintendent van Onderwys in Transvaal, wat hy teen die einde van 1889 opnuut aangeneem het, weer neergelê het, het die regering die pos aan prof. Mansvelt aangebied <sup>1)</sup>.

Destyds was die politieke toestande in die Republiek nie juis gunstig nie. Die waarnemende Superintendent van Onderwys het ook nie die leisels op onderwysgebied met vaste hand gehou nie. Subsidies is sonder vasstelling van die behoefte daaraan uitbetaal, met die gevolg dat bedrog 'n aanmerklike omvang aangeneem het. Die openbare mening het as gevolg van die verswakte dissipline van die Onderwysdepartement in 'n rigting ontwikkel wat later onder strenger toesig nog baie moeite sou gee <sup>2)</sup>.

Prof. Mansvelt was in 'n moeilike posisie geplaas. By die Afrikaners was 'n algemene antipatie teen die Hollanders, terwyl die Engelse pers openlike aanvalle geloods het op die Hollanders, veral gedurende die Burgers-tydperk. Nieteenstaande hierdie toestand het die regering tog nog 'n Hollander in 'n belangrike pos aangestel, waarin hy genoodsaak sou wees om heel dikwels met die volk in aanraking te kom <sup>3)</sup>.

b. Herformulering van die onderwyswetgewing.

Mansvelt het voortgebou op die grondslag soos deur Du Toit neergelê, en hy het hom dadelik met groot inspanning aan sy nuwe taak gewy. Sy besondere taak was om die onderwys stelselmatig te administreer, te kontroleer en te finansier. Om die vertroue van owerheid en volk te verwerf het hy hom ten doel gestel om die Departement van Onderwys op te bou as 'n goeie, erkende deel van die Raad se algemene Administrasie <sup>4)</sup>.

Met sy aanstelling het Mansvelt ook opdrag gekry om 'n nuwe onderwyswet op te stel. Die behoefte was 'n wet waardeur die ewels wat

1. Lugtenburg : a.w. 174.

2. Ibid., 175.

3. Ibid.

4. Coetzee : Onderwys in die Transvaal, 58.

uit die Wet van 1882 gespruit het, uit die weg geruim kon word <sup>1)</sup>.

Op 1 Junie 1892 is die Mansveltonderwyswet in die Staatscourant gepubliseer <sup>2)</sup>.

In die Besondere Bepalinge is daar 'n bepaling betreffende die subsidiëring van skole wat die onderwys ten goede gekom het. Geen subsidie sou aan nuut-opgerigte en oortollige skole gegee word nie. Die bedrag van skoolgelde en vrywillige bydraes tot die skoolfonds op die basis van £5 vir elke £2 is, met 'n maksimum van 25/- per leerling vir laer en 35/- per leerling vir middelbare onderwys, betaal. Voortaan sou daar ook vir leerlinge wat gratis onderwys ontvang het, geen buitengewone toelae wees nie. Die toelae is driemaandeliks betaal, na verstryking van elke skoolkwartaal en op ontvangs van die skoolstate, die absensielyste en die inspekteursverslae. Geen betaling sou geskied tensy die Superintendent die skikkinge van die skoolkommissie omtrent die onderwyser, die skoolgebou ens. goedgekeur het nie.

Die inspekteur het nou ook van die Superintendent strenger instruksies ontvang as wat vroeër die geval was, en aan hulle aanbevelinge is ook meer aandag geskenk <sup>3)</sup>.

#### c. Vooruitgang in Waterberg onder Mansvelt.

Alhoewel daar onder die superintendentskap van Stiemens vooruitgang in Waterberg te bespeur was, was die vordering maar karig. Die toestand op onderwysgebied gedurende die vroeë negentiger jare kan soos volg geïllustreer word:

„Zoo-als de zaken in dit district thans staan, bestaat er weinig hoop op geregelde buitenscholen in de naaste toekomst. De bevolking is over het algemeen thans te arm - en daarby is deze streek nog te schaarsch bewoond om in de wijken een goed centrum te vinden voor eene school die iets sal beteekenen" <sup>4)</sup>.

In 1893 skrywe die latere inspekteur Moerdyk dat dit die taak van die ouers is om vir die onderwys van hulle kinders te sorg maar dat dit moeilik gaan en dat heelparty ouers hulle gevolglik daaraan onttrek.

1. Coetzee: Onderwys in die Transvaal, 58, 59.

2. Ibid., 59, 60.

3. Ibid., 60.

4. O.D. 15/2: Brief van A.B. Sagleven aan die Sekretaris Onderwys-Departement, 16/7/93.



Die skool te Elandsfontein is in 1893 gesluit, maar by die lys van skole kon bygevoeg word die skole te Knopfontein en Middelfontein, sodat daar in 1893 in Waterberg twee dorpskole met 89 leerlinge en 7 wykskole met 76 leerlinge was <sup>1)</sup>.

In 1894 was daar egter 'n effense vermindering in die aantal wykskole, aangesien daar nou slegs twee dorpskole en 5 wykskole was, naamlik Boekenhoutpoort, Rhenosterpoort (albei in 1894 geopen), Donkerpoort, Knopfontein en Tweefontein <sup>2)</sup>.

In 1895 was daar verdere uitbreiding toe die wykskole te Weltevreden en Grootvlei geopen is <sup>3)</sup>.

Vanaf 1896 het die aantal wykskole in Waterberg 'n stygende neiging getoon, sodat daar in 1898 die volgende aantal skole in Waterberg was: twee dorpskole en vyftien wykskole <sup>4)</sup>.

Die onderstaande tabel gee 'n duidelike beeld van die skole gestig vanaf 1895 tot 1899 <sup>5)</sup>:

JAAAR	SKOOL	BESONDERHEDE	ONDERWYSER
1896	Boekenhoutpoort	Open 4/3/96	S. Gaarkeuken. D. Gaarkeuken.
	Rietpoort	Open 3/2/96	C. Botha.
	Tweefontein	Open 1/4/96. Ver- plaas na Kopje Alleen 1/6/96	A.G. du Plooy Ph. J. v.d. Walt.
	Buiskop	Open 17/8/96 Sluit 30/9/97. Verplaas na Karéfontein (kyk 1897)	F.W. Stork.
1897	Karéfontein	Open 22/11/97. Verplaas na Boschhoek 18/2/99	
	Rhenosterfontein	Open 1/2/97 Gesluit 28/3/98 Heropen 13/2/99	J.P. Jurrius Mej. E. Eloff B.R. Buys.
	Boekenhoutkloof	Open 2/2/97 Sluit 15/12/98	L.J. Groenewald

1. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A. Republiek, 1893.

2. Ibid., 1894.

3. Ibid., 1895.

4. Ibid., 1898.

5. Argiefstuk :  $\frac{T4}{2226}$

JAAR	SKOOL	BESONDERHEDE	ONDERWYSER
1897	Groothoek	Open 19/7/97 Sluit 28/4/98	C.F. Rademeyer
	Hartingsburg	Open 6/12/97 Verplaas na Elands- fontein (sien 1898)	L.C.M. Wegerif
1898	Elandsfontein	Open 6/6/98 Sluit 30/6/99	L.C.M. Wegerif
	Doornfontein	Open 3/1/98	H.J.J. Heitmeijer
	Middelfontein	Open 5/1/98	S. Gaarkeuken
	Nijlsoog	Open 7/3/98	C.J. v.d. Walt.
	Bellevue (Warmbad)	Open 14/2/98 Sluit 31/12/98	mej. C. Postma
	Kafferskraal	Open 1/7/98	S.D.J. Jordaan
	Driefontein	Open 1/12/98	C. Botha
	Rietpoort	Open 1/7/98	D.J. Gaarkeuken
1899	Bellevue (Warmbad)	Heropen 4/4/99 Sluit 15/8/99	Mej. C. Postma
	Weltevreden (vroeër Elandsfontein)	Open 1/7/99	L.C.M. Wegerif
	Rietfontein	Open 9/1/99	L. Groenewald
	Rhenosterfontein	Open 16/5/99	F.J. Henning Z. Eloff

Dit blyk dan dat, benewens die twee dorpskole te Nylstroom en Piet Potgietersrust, daar teen 1899 13 wykskole in Waterberg was. Hierdie periode van ontwikkeling en vooruitgang is ongelukkig ontwrig deur die op hande synde Engelse Oorlog, 1899 tot 1902.

b. Inspeksierapporte, 1892 - 1899.

(i) Inspekteur C.G. de Jonge, F.zn., se rapporte.

Inspekteur C.G. de Jonge was inspekteur van die Noorde-like Kring, waarvan ook Waterberg 'n deel was tot 1895. Weens die uitgestrektheid van die inspeksiekring was dit vir die inspekteur onmoontlik om al die skole in sy kring twee maal per jaar te besoek. Die

volgende tabel gee die posisie weer van skole geïnspekteer in die jare 1891 - 1894 <sup>1)</sup>:

Jaar	Skole besoek vir inspeksie	Onderwyser
1891	Twееfontein	H.J.J. Heitmeijer
	Nylstroom	M. Smuts
	Nylsoog	P. Moerdyk
	Rietvlei	J.L. Moerdyk
	Sterkfontein	C.J. Smit
	Roodepoort	W.F. Heldzingen
1892	Roodepoort	W.F. Heldzingen
	Twееfontein	H.J.J. Heitmeijer
	Nylstroom	M. Smuts
	Nylsoog	P. Moerdyk
	Elandsfontein	J.H.P. Graff
	Weltevreden	J.L. Moerdyk
1893	Knopfontein	H.J.J. Heitmeijer
	Weltevreden	J.L. Moerdyk
	Middelfontein	J.H.P. Graff
	Nylstroom	M. Smuts
1894	Rhenosterfontein	J.L. Moerdyk
	Twееfontein	H.J.J. Heitmeijer
	Boekenhoutpoort	S. Gaarkeuken
	Donkerhoek	J. Seegers
	Nylstroom	M. Smuts

Uit die rapporte blyk dat op sommige skole uitmuntende werk gelewer is, terwyl op ander skole weer werk van swakker gehalte gedoen is.

Die bevindinge van inspekteur De Jonge ten opsigte van die leer-  
vakke kan soos volg saangevat word:

Bybelgeskiedenis : In hierdie vak is die werk en kennis van die leer-  
linge deurgaans goed. Die onderwysers doen getrou hul plig om die  
godsdiensonderrig tot sy reg te laat kom.

Rekene : Die peil van die werk is oor die algemeen goed, maar in 'n  
paar gevalle is die bewerkinge te werktuiglik. Ook kom 'n paar gevalle  
voor waar die skole pas voor die inspeksie geopen is, soos byvoorbeeld  
Elandsfontein (J.H.P. Graff as onderwyser) en Middelfontein (Graff  
as onderwyser).



Skrif : Dit word metodies onderrig. Die onderwyser gee die voorskrif op die swartbord, en die leerlinge moet dan die voorskrif kopieer. Oor die algemeen geneem, dui die rapporte daarop dat die skrif redelik goed is.

Lees : Die gebrek aan geskikte stelle leesboeke bemoeilik die werk van die onderwysers, maar tog word sulke goeie werk gelewer dat die inspeksierapporte daarop dui dat die algemene peil van lees vry goed is. Daar is egter die geval van Elandsfontein, hierbo genoem, waar die Bybel en die Kinderbybel as klasleesboeke gebruik word, 'n gebruik wat as onopvoedkundig afgekeur is.

Diktee : Hierdie afdeling van taalonderrig is oor die algemeen goed. Die leerlinge se woordeskat is uitgebrei deur die leer van lyste woorde.

Engels lees en vertaling : Waar Engels op die laerskole gegee is, byvoorbeeld by Rietvlei, Sterkfontein en Roodepoort, was die lees redelik goed, so ook die vertalings. Ongelukkig kan dit nie van die spreektaal gesê word nie. Die meeste leerlinge kon nie 'n eenvoudige gesprek in Engels voer nie.

Sang en kerkmusiek: Die standaard van die onderwys in kerkmusiek en die B-dur en B-mol-note het gewissel. By sommige skole was dit goed, by andere weer was die sang nie na wense nie.

Oor die algemeen gesproke was die inspekteur van mening dat voldoende laer onderwys aan die skole in sy kring gegee word.

Middelbare onderwys : Wat hierdie kant van die onderwys betref, meen inspekteur De Jonge dat die oorsaak van die geringe vordering en swak resultate daarin lê dat een onderwyser alleen vyf standerds moes behartig. Bekwame en ywerige onderwysers word deur die onhoudbaarheid van so 'n toestand met lamheid geslaan.

Sommige van die onderwysers het sulke deeglike werk gedoen dat die inspekteur kragtens artikel 6 van die Skoolwet in verband met Volksraadbesluit, artikel 405 van 1885, aanbeveel het dat sertifikate van verdienste met 'n hykomende honorarium aan hulle toegeken moes word. In hierdie verband word die name van die here J.L. Moerdyk, P. Moerdyk en H.J.J. Heitmeijer genoem.

(ii) Inspekteur J. Nieuwenhuize se inspeksierapporte, 1895-1898.

Vanaf 1895 was die heer J. Nieuwenhuize inspekteur van die noordelike kring. Die volgende tabel gee die skole wat geïnspekteer is <sup>1)</sup>:

Jaar	Skole geïnspekteer	Onderwyser
1895	Nylstroom	M. Smuts H. Vrugt
	Rhenosterfontein	J.L. Moerdyk
	Boekenhoutpoort	S. Gaarkeuken
	Welgevonden	H.J.J. Heitmeijer
	Piet Potgietersrust	C. Botha A. Ruitenbergh
1896	Tweffontein	A.G. du Plooy
	Buiskop	F.W. Stork
	Nylstroom	M. Smuts
	Rietpoort	C. Botha
	Boekenhoutpoort	S. Gaarkeuken
	Tweffontein	Ph. J. v.d. Walt
	Rietfontein	A. Blom
1897	Piet Potgietersrust	W.D. Vahrmeijer
	Rhenosterfontein	J.P. Jurrius
	Boekenhoutpoort	S. Gaarkeuken
	Tweffontein	Ph. J. v.d. Walt
	Boekenhoutkloof	L.J. Groenewaldt
	Rietpoort	C. Botha
	Nylstroom	M. Smuts
	Tweffontein	A.G. du Plooy
	Buiskop	F.W. Stork
	Piet Potgietersrust	W.D. Vahrmeijer

Uit die inspeksierapporte van inspekteur Nieuwenhuize blyk dat die onderwys in Waterberg baie langsaam gevorder het. Daar was vordering te bespeur, maar dit was baie langsaam. In al die skole deur hom besoek, word goeie en grondige onderwys gegee, behalwe in Piet Potgietersrust, waar die toestand onbevredigend is. In sy rapporte maak die inspekteur melding van die feit dat skoolversuim tot op 20% te staan kom. Die rede daarvoor was 'n tekort aan arbeidskragte op die

1. Verslae van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A. Republiek, 1895 - 1898.

plase 1).

(iii) Inspekteur H. Visscher se inspeksierapporte. 2)

Vanaf 1898 was die heer H. Visscher inspekteur in die noordelike kring. In sy inspeksierapport van 1898 maak hy melding van die feit dat die onderwys altyd die invloed van ekonomiese toestande in bepaalde verhoudinge voel. So laat byvoorbeeld armoede, koors ens. hul invloed in die noordelike kring geld. Wat die onderwys van die verskillende vakke betref, rapporteer inspekteur Visscher soos volg 3):

Lees: Dikwels is die ouers self die oorsaak van die swak lees. Wat die onderwyser met moeite opbou, word in huislike kring weer afgebreek. In die meeste gevalle ontbreek dit aan natuurlike leestoon. Die algemene peil van lees in die kring is goed.

Resitasie : Die onderwys in resitasie bestaan meestal uit die van buite leer van versies. Dit ontbreek tot dusver aan 'n handleiding om onderwysers wat nie met die vak vertrouwd is nie, op hoogte te bring.

Hollandse Taalkunde : Van hierdie vak sê die inspekteur dat aan die een kant daar moontlik nie genoeg tyd hieraan bestee word nie; andersyds lewer die moeilike grammatika van die taal baie probleme op.

Hardrykskunde : Die feit dat die kennis van hierdie vak nie na wense is nie, word deur die inspekteur daaraan toegeskryf dat daar nie oor 'n goeie handboek beskik word nie. Onderwysers moet ook beseef dat deeglike voorbereiding van die leerstof onontbeerlik is vir goeie onderwys.

Vormleer : Hierdie leervak is nie na wens nie. Die uiteensetting van die leerplan in die Schoolgids is volgens die inspekteur 'n bietjie vaag. Die groot leemte is egter by die onderwysers self te soek weens 'n ontoereikende kennis van die vak.

Engels : Die kennis van Engels op dorp- en plaasskole verskil baie. Die kennis van Engels op dorpskole is redelik, maar op die buiteskole word dit nie eens onderwys nie, omdat dit nie deur die ouers verlang word nie. Die behoefte aan die Engelse taal skyn op die plase nie erg groot te wees nie.

- 
1. Verslae van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A. Republiek, 1895 - 1897; rapporte inspekteur Nieuwenhuize.
  2. Kyk Aanhangsel F, p. (vii)
  3. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A. Republiek, 1898; rapport inspekteur Visscher.

c. Algemene opmerkings.(i) Leermetodes en leervakke.

Hierbo is die beskouinge van die inspekteurs van onderwys met betrekking tot die leervakke weergegee. Ons moet tot die slotsom kom dat onderwys in die wykskole nie te rooskleurig was nie. Die gereelde inspeksies het die wyksonderwys ten goede gekom. By skoolkommissies, ouers, onderwysers en leerlinge het die inspekteurs meer belangstelling gewek. Vir minder bekwame onderwysers was die inspeksies 'n spoorslag om hulle metodes te verbeter <sup>1)</sup>.

Roosters van werksaamhede, soos uiteengesit in De Schoolgids, het baie daartoe bygedra om die onderwys psigologies en opvoedkundig aan te bied. Met inspeksies is noukeurig daarop gelet of die rooster in die praktyk ten uitvoer gebring word. Roosters vir die verskillende klasse was soos volg :

LaeronderwysSt. I - III

<u>Vakke</u>	<u>Tyd</u>
Bybel	4 uur
Lees	7 uur
Rekene	7½ uur
Skrif	2½ uur
Resitasie	1 uur
Sang	1 uur
Vertelling	1 uur
<b>Totaal</b>	<b>25 uur</b>

Middelbare onderwysSt. IV - VI

<u>Vakke</u>	<u>Tyd</u>
Bybel	3 uur
Lees	2½ uur
Rekene	5 uur
Vormleer	1 uur
Skrif	2 uur
Resitasie	1 uur
Taalkunde	2½ uur
Sang	1 uur
Geskiedenis	1½ uur
Aardrykskunde	1½ uur
Engels	4 uur
<b>Totaal</b>	<b>25 uur</b>

(ii) Gees van die onderwys.

Vanaf 1880 geskied die onderwys in 'n nasionale gees. Die burgers sou geen kweking van 'n vreemde gees by die kinders duld nie. Die ouers hou daaroor 'n wakende oog en kon goed oordeel oor die gehalte van die onderwys <sup>2)</sup>. 'n Gees van vryheid het ook uit die leergange gestraal <sup>3)</sup>.

1. De Schoolgids, T 12a/XLV - 1892.
2. V.V.O.O.Z.A., 1893 - 1918, 65.
3. Ibid., 25, 29.

Volgens inspekteur De Jonge het die regering teen 1891 veel meer belangstelling getoon in die opvoeding en onderwys van die kinders as die ouers self. „Hebben zy zich hieraan gespiegeld? En toen de Regeering de subsidie verhoogde, hebben zy zich toen ook meer op-offeringen (geldelik zoowel as anderzins) getroost?" Daar was skoolkommissies en ouers wat gemeen het dat die Staat moes betaal vir die onderwys van die kinders. Ook kon ouers toesien dat skoolbesoek getrouer is <sup>1)</sup>.

In baie wykskole het getalle dikwels, na een of twee nagmale verby is, so verminder dat die onderwyser vertrek het. Slegs enkele wykskole het langer as 'n jaar bestaan; die meeste het 'n leeftyd van 3, 6, 9 of 12 maande gehad <sup>2)</sup>.

Gedurende 1898 het skoolkommissies en ouers ruim gebruik gemaak van die goewermentsubsidies en hulle groot opofferings getroos vir onderwys. Skoolbesoek was getrouer. Met inspeksies was die persentasie afwesiges in dorpe 13.6 en in wykskole onder 4%. As oorsaak word aangegee die nypende armoede van die dorpenaars en min belangstelling in die opvoeding wat aan die dag gelê is <sup>3)</sup>.

#### (iii) Onderwysers.

'n Gebrek aan bevoegde onderwysers was 'n beletsel vir die vermeerdering van skole. Die aantal skole sou nog sneller aangewas het as dadelik voldoen kon word aan aansoeke om onderwysers van die nodige bekwaamheid en nasionaliteit <sup>4)</sup>.

Die aantal gesertifiseerde onderwysers in Waterberg was, veral in die negentiger jare, maar gering. In 1893, byvoorbeeld, was in Waterberg slegs M. Smuts van die Nylstroomskrool 'n gesertifiseerde onderwyser <sup>5)</sup>. Die posisie het gaandeweg verbeter, sodatin 1898 slegs 5 ongesertifiseerde onderwysers aan die goewermentskole in Waterberg verbonde was <sup>6)</sup>.

1. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A. Republiek, 1891, Bylae J.
2. V.V.O.O.Z.A., 67.
3. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A. Republiek, 1898, Bylae J.
4. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A. Republiek, 1898, Bylae J.
5. Ibid., 1893.
6. Ibid., 1898. Vgl. ook statistiek in hierdie verslag.

Die meeste onderwysers het goeie en metodiese onderwys gegee. Verskeie onderwysers was onbekend met die landsomstandighede, daar hulle nie lank in die Republiek was nie. Sommige ongesertifiseerde onderwysers het lesse bygewoon by bekwame en bevoegde kollegas om hulle te bekwaam.

Sommige onderwysers het 'n diepe besef van hul roeping gehad en het probeer om hulle so goed moontlik van hul taak te kwyt. Baie het dan ook met die inspeksies goeie resultate behaal; andere weer was swak en kon nie met diese lfde mate van sukses die taak van die onderwys behartig nie. Die sedelike gedrag van die onderwysers van Waterberg was goed.

(iv) Skoolgeboue en ameublement.

Gedurende die jare 1897 en 1898 is 'n toelaag vir hout en yster vir die oprigting van skoolgeboue en onderwyserswonings aan skoolkommissies toegestaan. In Waterberg het slegs die skoolkommissies van Piet Potgietersrust en Koppie Alleen hiervan gebruik gemaak <sup>1)</sup>.

Geen merkbare verbetering is ten opsigte van geboue en lokale op ander plekke aangemeld nie.

Wat meublement betref, was daar nie klagte nie. Oor die algemeen was die meublement voldoende en doelmatig. Daar was ook baie min klagtes oor skryfborde. Dié was in alle skole te vinde.

d. Privaatonderwys in Waterberg onder Mansvelt.

Van privaatonderwys onder die Mansveltbewind is daar in Waterberg feitlik geen sprake nie. Die mense was oor die algemeen te arm om 'n privaatskool in die lewe te roep en die daarmee gepaard gaande finansiële verpligtings te dra.

Daar is tog vasgestel dat daar in Waterberg in hierdie tyd wel 'n paar privaatskole was. Te Piet Potgietersrust was 'n privaatskool onder 'n mej. Preller wat op allerlei wyse getrag het om aan die erkende skool afbreuk te doen, dog sonder veel sukses. 'n Poging om die skole te verenig het misluk, omdat mej. Preller nie bereid

---

1. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A. Republiek, 1897/1898.

was om haar skool te laat inspekteer nie <sup>1)</sup>.

In die wyk Swaershoek was daar ook 'n privaatskool ten huise van die heer J. van Heerden. Hierdie skool het aan die bestaande skole in daardie gebied weinig of geen afbreuk gedoen nie <sup>2)</sup>.

Nog 'n privaatskool het in Nylstroom bestaan. Hierdie skool is deur die heer E. Tamsen in die lewe geroep om te voorsien in die behoeftes van die Duitse families aldaar wat betref die onderwys van hulle kinders. Die skool het gestaan onder fr<sup>u</sup>lein Poulie, en sy is opgevolg deur die heer Wessner, wat met die uitbreek van die Engelse Oorlog weer terug is na Duitsland <sup>3)</sup>.

e. Stand van die onderwys, 1891 - 1898.

Word die statistieke betreffende die jare 1891 tot 1898 nagegaan, blyk dit dat die stand van skole en leerlinge was soos weergegee deur onderstaande tabel <sup>4)</sup>:

Jaar	Dorpskole	Wykskole	Leerlinge		Totaal
			Dorpskole	Wykskole	
1891	2	8	93	190	281
1892	2	9	85	93	178
1893	2	7	89	76	165
1894	2	5	70	69	139
1895	2	6	79	94	173
1896	2	8	83	116	199
1897	2	11	103	204	307
1898	2	15	104	284	388

Hout en yster vir die oprigting van skoolgeboue en onderwyserswoningen is verskaf aan die volgende skoolkommissies in Waterberg <sup>5)</sup>:

Jaar	Skoolkommissie	Doel
1897	Koppie Alleen	Skool en woning
1898	Piet Potgietersrust	Skool en woning

1. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A. Republiek, 1898; verslag inspekteur Visscher.
2. Ibid.
3. Meegedeel: Komdt. A. Tamsen.
4. Verslae van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A. Republiek, 1891 - 1898.
5. Ibid., 1897 - 1898.

Hieronder volg 'n lys van onderwysers in diens van die Z.A. Republiek teen die einde van 1898 <sup>1)</sup>:

Skool	Onderwyser	Kwalifikasie
Driefontein	C. Botha	0
Rietpoort	D.J. Gaarkeuken	IIIe klas
Middelfontein	S. Gaarkeuken	IIe klas, O.N.
Boekenhoutkloof	L.J. Groenewald	IIIe klas, K.K.; S.H., K.K.
Doornfontein	H.J.J. Heitmeijer	IIIe klas
Kafferskraal	S.D.J. Jordaan	0
Rhenosterfontein	J.P. Jurrius	O.N., V. & O.
Tweefontein	A.G. du Plooy	0
Bellevue	Mej. C.A. Postema	Fr. O., N., Eng.
Nylstroom	M. Smuts	IIe klas, M.T.K.K., M.K.K.
	Mej. A. Pronk	E.T.; K.K.
Groothoek	C.F. Rademyer	0
Piet Potgietersrust	A. Ruitenbergh	IIIe klas
	W.D. Vahrmeyer	IIe klas, E., N.
Kareefontein	F.W. Stork	0
Nylsoog	C.J. van der Walt	M., K.K.
Kopje Alleen	Ph. J. van der Walt	IIIe klas
Elandsfontein	L.G.M. Wegerif	O., N.; V. & O.

f. Onderwys in Waterberg gedurende die jare 1899-1902.

Die Engelse Oorlog, 1899 - 1902, het die Republiek op alle terreine totaal ontwig. Dieselfde toestand het ook in die distrik Waterberg geheers. Skole het opgehou om te bestaan, want elke beskikbare weerbare burger was op die slagveld, terwyl die vrouens en kinders weggevoer is na die konsentrasiekampe.

Te Nylstroom was daar 'n konsentrasiekamp, maar voordat enige kampskool hier ontstaan het, is die kamp verskuif na Irene.

Nogtans het die ouers van Waterberg - diegene wat nie in die kampe beland het nie - tog nog die onderwys van die kinders op die

1. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in die Z.A. Republiek, 1898. (Vir verklaring van simbole re kwalifikasies kyk Aanhangsel G, p. (viii).)



hart gedra. So het dit gebeur dat, toe 'n gedeelte van die Rustenburgse kommando in Waterberg naby die teenswoordige Warmbad was, inspekteur Stoffberg die drie onderwysers wat die kommando vergesel het, naamlik die here A. de Ridder, P. Heslinga en W. van der Neut, gevra het om om die beurt aan die baie kinders daar onderwys in Bybelgeskiedenis te gee, wat dan ook gedoen is <sup>1)</sup>.

### 3. Samevatting.

Toe Mansvelt in 1891 die leisels van die onderwys in die Z.A. Republiek in die hande geneem het, was in Waterberg slegs 2 dorpskole en 6 wykskole. Geleidelik het die aantal skole toegeneem, sodat teen 1899 in Waterberg benewens 2 dorpskole 15 wykskole was.

Wat die onderwysers betref, kan 'n redelike mate van vooruitgang gesien word. Waar teen die begin van die negentiger jare net een gesertifiseerde onderwyser in Waterberg was, het die getal onder Mansvelt so aangegroei dat in 1898 slegs 5 ongesertifiseerde onderwysers aan die goewermentskole in Waterberg verbonde was. Die meeste onderwysers het dan ook goeie en metodiese onderwys gegee.

Uit die inspeksierapporte onder Mansvelt blyk dat inspeksie in Waterberg gereelder plaasgevind het. Die gereelde inspeksies het die wyksonderwys ten goede gekom. Vordering op die gebied van die onderwys kon rapporteer word, maar dit was baie langsaam. Op sommige skole is baie goeie werk verrig, terwyl op ander skole die pogings van die onderwysers met 'n mindere mate van sukses bekroon was.

Die belangstelling van die ouers in Waterberg in die onderwys het geleidelik toegeneem, sodat teen 1898 ruim gebruik gemaak is van regeringssubsidies. Skoolbesoek was teen 1898 ook getrouer.

Oor meubels en skoolgeboue was daar onder Mansvelt nie juis veel klagte nie.

Van privaatonderwys in Waterberg tydens die superintendentskap van Mansvelt was daar feitlik geen sprake nie, omdat die ouers nog gebuk gegaan het onder nypende armoede. Daar was slegs 3 privaat-skole in die Waterbergse distrik tydens Mansvelt se regime, maar hierdie skole het weinig afbreuk gedoen aan die goewermentskole.

---

1. Meegedeel: A. de Ridder.

Die vordering wat onder Mansvelt in die onderwys in Waterberg te bespeur is, is gekortwiek deur die Engelse Oorlog, 1899 - 1902.

Na die Oorlog sou die onderwys opnuut weer gereël moes word deur 'n Engelse Administrasie. Daar was behoefte aan 'n nuwe onderwyswet. In die volgende hoofstuk word die nuwe onderwyswette en -regulasies behandel.

---

HOOFSTUK VONDERWYS ONDER KROONKOLONIE- EN SELFBESTUUR, 1900 - 1910.1. Onderwys onder Kroonkoloniestuur, 1902 - 1906.a. Sargant as Direkteur van Onderwys in Transvaal.

Vroeg in 1900 is die vernaamste strategiese punte reeds deur die Britse magte beset. Die onderwys-organisasie en administrasie van die Republiek was tot niet. Die nuwe Britse Administrasie het die heer E.B. Sargant gevra om na Suid-Afrika te kom as spesiale onderwysraadgewer <sup>1)</sup>.

Aangesier die meeste kinders in die kampe saamgetrek was, het die kampskoolidee, soos in Groenpunt gesien, by Sargant posgevat. Hy moes, trouens, voorsiening maak vir die steeds meer wordende kinders in die kampe. Die nuwe „Transvaal Education Department“ was in die eerste helfte van 1902 grotendeels in die kampe geleë <sup>2)</sup>.

In die begin van 1902 het daar egter 'n verandering ingetree, daar sekere „vrye“ of skoolgeldheffende skole gestig is in die belangrikste sentra en ook op verwegliggende dorpe wat in die hande van die Engelse was <sup>3)</sup>.

b. Nuwe ordonnansies en regulasies oor onderwys.

Weens die feit dat daar as gevolg van die allesontwrigtende oorlog geen onderwyswet bestaan het nie, is die behoefte aan 'n onderwyswet sterk gevoel. Deur veelvuldige pligte kon Sargant aan die begin egter nie aandag skenk aan 'n onderwyswet nie, maar eers na die oorlog, in 1902, kon hy hieraan die nodige oorweging verleen <sup>4)</sup>.

In Februarie 1902 is die Ordonnansie van Sargant deur die Wetgewende Raad van die Transvaalse Kolonie goedgekeur <sup>5)</sup>.

Die Ordonnansie maak voorsiening vir laer en middelbare onderwys, die oprigting van 'n Departement van Onderwys, met 'n Direkteur van Onderwys aan die hoof, die stigting, onderhoud, inspeksie en beheer van skole en beurse vir veelbelowende leerlinge. Verder moes onderwysers 'n lisensie van die Direkteur besit en 'n kontrak met die

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 72, 73.

2. Ibid., 74.

3. Ibid., 75.

4. Ibid.

5. Ibid., 76.

Departement aangaan. Waar daar 'n gemiddelde skoolbesoek van 30 leerlinge was tussen 6 en 14 jaar, is vry laer onderwys verskaf. Hollands kon 3 uur per week gegee word op versoek van die ouers. Bybelse Geskiedenis moes 2 uur per week aan kinders uit Christelike huise deur middel van Hollands gegee word. Verder moes alle privaat-skole by die Departement geregistreer word, en onderwysers aan sulke skole moes ook sertifikate van die Direkteur besit <sup>1)</sup>. In 1903 is die nodige regulasies waarin die verskillende aspekte van die onderwys wyer omskryf word, uitgevaardig.

(i) Skoolkommissies.

Voortaan sou die inspekteurs die verkiesing van skoolkommissies reël. Kommissies het 'n dienstydpark van een jaar en vergader minstens een maal per kwartaal. Hulle moes die inspekteur adviseer ten opsigte van skoolgeboue, vakke, skoolbesoek, onderwysers en sake rakende die onderwys van die skool <sup>2)</sup>.

Die meeste van hul pligte was dan ook van dienende aard. Hulle het geen uitvoerende magte gehad nie, en die kommissie het dan ook onder Kroonkoloniestuur nooit veel betekenis gehad nie <sup>3)</sup>.

(ii) Vakindeling.

Die vakindeling wat betref die laer en die hoër klasse van die laerskool was soos volg <sup>4)</sup>:

Laer klasse

Bybel  
Lees: Hollands en Engels  
Skrif  
Rekene  
Aanskouingslesse  
Kindertuin  
Naaldwerk  
Tekene  
Sang  
Liggaamsoefening

Hoër klasse

Bybel  
Lees: Hollands en Engels  
Skrif  
Resitasie  
Komposisie en Grammatika  
Rekene  
Tekene en Sang  
Naaldwerk en Natuurstudie  
Aardrykskunde en Geskiedenis  
Liggaamsoefening

- 
1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 76, 77.
  2. Ibid., 78.
  3. Ibid., 82.
  4. Ibid., 77, 78.

Die kinders kon reeds vanaf die vierde jaar die laerskole besoek <sup>1)</sup>.

(iii) Invoer van onderwysers.

Die behoefte aan goeie en deeglike onderwysers was gedurende en na die oorlogsjare baie dringend. Die Britse owerhede wou die Boerebevolking 'n deeglike Engelse opvoeding gee maar het die ou Republikeinse onderwysers nie ten volle vertrou om die saak ten uitvoer te bring nie <sup>2)</sup>. Daarom is van die begin van 1902 af groot getalle onderwysers, veral onderwyseresse, vanuit Engeland en ander dele van die Britse ryk ingevoer. Die ingevoerde onderwyseresse was veral bedoel vir die plaasskole. In sommige gevalle is dit so gereël dat een Engelse oorsese onderwyseres en een Afrikaanse onderwyseres saam op een skool geplaas is <sup>3)</sup>.

Teen September 1902 het baie gesinne die kampe verlaat en na hulle plase teruggekeer. Hulle is gevolg deur die onderwyser. Tente, meubels en skoolmateriaal om op die plaas klein skooltjies te stig, min of meer soos in die kampe, is ook meegeneem <sup>4)</sup>.

c. Skole in Waterberg geopen, 1902 tot 1906.

Gedurende die oorlogsjare het die onderwys in Waterberg feitlik doodgeloop. Die meeste onderwysers was op kommando. Die tekort aan onderwysers en die afwesigheid van kinders (weens die feit dat hulle kampe toe gestuur is) het meegebring dat alle onderwysaktiwiteite gestaak is.

Nadat die oorlog verby was en die mense weer na hulle plase gegaan het, is die saak van die onderwys en opvoeding van die jeug weer van voor af aangepak. In die Rapport van die Administrasie van Transvaal oor die tydperk 1 Julie 1902 tot 30 Junie 1903 word kort gegewens verstrek oor die opening van skole in die Transvaal kort na die Engelse Oorlog. Hier onder volg 'n getabelleerde samevatting van skole wat net na die oorlog in Waterberg geopen is <sup>5)</sup>:

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 78.

2. Ibid.

3. Coetzee: Geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 228, 229.

4. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 82.

5. Transvaal Education Department: Report for the school year July 1902 - Dec. 1903.

Wanneer geopen	Skool	Aantal onderwysers	Leerling-inskrywing
Januarie 1903	Rietvlei	2	23.7
	Tweefontein (Sluit Aug.)	2	23.5
	Nylstroom	4	66.4
	P.P. Rust	3	75.6
Februarie 1903	Weltevreden	1	33.5
Maart 1903	Vaalkop	1	34.4
Mei 1903	Zandfontein (sluit Sept.)	1	27.9
Junie 1903	Middelfontein	1	47.2
	Rietfontein 1944	1	37.3
	Rhenosterpoort	1	19.3
Oktober 1903	Warm Baths	1	20.8

Van hierdie skole het Tweefontein 'n kort bestaan gehad, want reeds in Augustus 1903 is dit weer gesluit. Dit was ook die geval met Zandfontein, wat reeds in September 1903 weer gesluit het.

Gedurende die jare 1904 tot 1906 het die uitbreiding geleidelik geskied. Sommige skole het nie lank bestaan nie. Onderstaande tabel gee die toestand weer ten opsigte van skole wat in hierdie jare gestig is <sup>1)</sup>:

Jaar	Skool	Aantal onderwysers	Leerling-inskrywing
<u>1904 :</u>			
November	Rietfontein 288	1	26.9
	Doornfontein	2	33.2
<u>1905 :</u>			
Januarie	Middelfontein (heropen)	2	27.1
<u>1906 :</u>			
Oktober	Geelhoutkop	1	38.0
	Kopje Alleen	1	31.7

1. Transvaal Education Department: Report for the school year(s) 1904 - 1907.

d. Inspeksierapporte van J.A. Richey, 1903 - 1906.

(i) Algemeen.

Teen die begin van 1903 was die heer J.A. Richey inspekteur van Onderwys in die Pietersburgkring, waaronder Waterberg en Zoutpansberg ingedeel was.

In sy inspeksierapport gee die heer Richey sy beskouing oor die losiesbeursstelsel wat in hierdie jaar in eksperimentele stadium was. Hy wys daarop dat die probleem van losies in Waterberg baie groot is. Baie min boere se finansiële posisie is sodanig dat hulle £200 te leen kan kry om 'n koshuis op te rig.

Wat skoolbesoek betref, sê die inspekteur dat nie alle leerlinge in die distrik die skole besoek nie. Baie kinders van skoolgaande leeftyd woon geen skool by nie.

Volgens die inspekteur is in Waterberg net een skool met 'n bevredigende gebou, naamlik die op Piet Potgietersrust. Die ander skoolgeboue laat veel te wense oor. Dieselfde geld die sitplek-akkommodasie.

Wat die kinders self betref, meen die inspekteur dat hulle te individualisties is om byvoorbeeld spele self te organiseer. Daar word kinders van 18- tot 20-jarige leeftyd in skole aangetref. Die gevolg is dat die leerlinge weinig vanself speel <sup>1)</sup>.

(ii) Skoolvakke.

In 1904 rapporteer inspekteur Richey soos volg oor die skoolvakke <sup>2)</sup>: Die algemene vooruitgang in die skoolwerk in die kring is goed. Wat die afsonderlike vakke betref, is dit duidelik dat daar nog talle leemtes bestaan het.

Lees: In die standerts is die lees goed. Die laer klasse word soms aan 'n ouer leerling oorgelaat, met die gevolg dat hulle ietwat afgeskeep word. Die gevolg is duidelik as gelet word op die uitspraak van woorde. Hierdie kant van die leesonderrig ly beslis.

Skrif: Hieraan moet 'n halfuur per week bestee word. Dan moet al die leerlinge besig wees met skrif. In die praktyk kom dit daarop

---

1. Transvaal Education Department: Report for the school year 1903.  
2. Ibid., 1904.

neer dat die een groep leerlinge met skrif besig is wanneer die onderwyser met 'n ander groep leerlinge besig is met ander werk.

Rekene : Die inspekteur wys daarop dat die skriftelike werk oor die algemeen goed is. Wat die bewerkings betref, kom vingertel nog baie voor. Die bewerkings is nog nie meganies nie. Ook in die hoofrekenen word nie genoeg drill toegepas nie.

Tekene, Sang- en Naaldwerk word goed onderrig.

Aardrykskunde, Geskiedenis en Natuurstudie is nie na wens nie. Die onderwysers stel nie genoeg belang nie, terwyl sommige nie oor genoegsame kennis van die vakke beskik nie, veral in die geval van Geskiedenis en Natuurstudie.

(iii) Inspeksierapport van S.O. Purves.

In 1906 was die heer S.O. Purves inspekteur van Onderwys in die Pietersburgkring. Hy het soos volg oor die skoolvakke gerapporteer <sup>1)</sup>:

Engels : Die Boerekinders in die goewermentskole verkry gaandeweg 'n deeglike kennis van die Engelse taal, en baie van hulle kan reeds die taal vlot praat. Wat die lees van Engels betref, is die artikulasie en uitspraak nog dikwels foutief. Sommige onderwysers verwaarloos ook nog mondelinge komposisies en die spreeklesse. Op die plaasskole is die resultate in Engels oor die algemeen swak, omdat die „Taal“ nog as medium van die onderrig by Engels gebruik word.

Grammatika word nog slegs in die laagste klasse formeel onderwys.

Resitasie: In sommige skole word resitasie op halfslagtige wyse onderrig. Onderwysers besef blykbaar nie die belangrikheid van resitasie as 'n middel tot verkryging van 'n kennis van Engels nie. Die meeste vordering in Engels word dan ook gevind in skole waar resitasie deeglik onderrig word.

Hollands: Wat Hollands as vak betref, meld inspekteur Purves slegs dat daar twee inspeksies in die kring gedoen is deur amptenare wat deur die Departement daarvoor aangestel is.

---

1. Transvaal Education Department: Report for the school year 1906.



Rekene: Hierin word goeie vordering gerapporteer. Sommige onderwysers verwaarloos egter nog die hoofreken, kleef nog vas aan meganiese reëls en verontagsaam die gebruik van faktore. Oor die algemeen is die skriftelike werk netjies en bevredigend.

Skrif: Aan hierdie afdeling van die werk word die nodige aandag gegee.

Geskiedenis: Die vak word ongelukkig deur die meerderheid van die onderwysers op 'n eentonige en meganiese wyse onderrig. Waar die leerstof in eenvoudige verhalende wyse weergegee is en die leerlinge dit mondeling en/of skriftelik weergegee het, is die beste resultate behaal.

Aardrykskunde: Dieselfde kritiek geld vir hierdie vak as vir Geskiedenis. Die meeste onderwysers verloor die waarde van Fisiese Aardrykskunde uit die oog. Op een skool het die ouers ook beswaar daarteen aangeteken dat hulle dogters Aardrykskunde sou leer, omdat die studie van hierdie vak dan kwansuis die dogters in dié sin van stryk sou bring („unsettle“) dat hulle na vreemde lande sal wil emigreer.

Sang: Hierdie vak word deur die Solfametode gedoseer, en die behaalde resultate is bevredigend.

Tekene: Dit word goed onderrig, maar daar moet gemeld word dat in sommige skole weinig vordering te bespeur is.

Liggaamsoefeninge vind weinig byval by die Boerekinders. Sommige ouers huldig die opvatting dat graafwerk genoeg oefening aan die kinders verskaf.

Wat betref buitemuurse aktiwiteite, dien daarop gelet te word dat kadetafdelings gestig is te Nylstroom, Piet Potgietersrust en Rhenosterpoort.

e. Die C.H.O.-beweging, 1904 - 1906.

(i) Ontevredenheid onder die Boerevolk.

Met die Vrede van Vereeniging, 31 Mei 1902, het die Boere-republieke hul staatkundige vryheid verloor. Hierdie vrede het by die Boerevolk geen vrede van die hart gebring nie <sup>1)</sup>. Diep gegrief

---

1. Bot: Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936, 69.

deur die verlies van hulle onafhanklikheid was hulle nie van plan om, waar enigsins moontlik, hul kinders deel te laat hê aan 'n onderwysstelsel wat in strekking en taal die teenoorgestelde was van dié van voor die oorlog nie.

Die Afrikaanse ouers kon hulle nie verenig met die Engelse idees nie. Hulle was ontevrede met die Engelsmediumskole tydens die oorlog en die regeringskole daarna. Hulle was gewoond aan hulle eie skoolstelsel, waar hulle hul eie skoolkommissies kon kies. Hulle kon ook nie goedsmoeds met die vyand versoen raak nie.

Met wapengeweld het die vyand die Boerevolk op die knieë gebring en tot oorgawe gedwing, maar hierdeur is die siel van die Boerevolk nie verower nie. Wat die Engelsman met wapengeweld nie kon regkry nie, wou hy nou deur middel van die onderwys verkry; maar juis hierteen het die Boerevolk in verzet gekom, en hierdie verzet het sy openbaring gevind in die stigting van vry Christelike en nasionale skole.

(ii) Ontstaan van die C.N.O.-beweging.

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het baie van die Hollandse onderwysers in die Transvaal gebrek moes ly <sup>1)</sup>. Om hulle nood enigsins te lenig is op inisiatief van die heer W. Klooster van Pretoria 'n kommissie gevorm, genoem die „Vriendekring” <sup>2)</sup>. Teen die einde van 1902 is 'n „Algemene Kommissie” gekies wat die C.N.-Onderwys moes behartig <sup>3)</sup>.

Drie fundamentele oorsake lê aan die ontstaan van die beweging ten grondslag:

(a) Die beswaar van die Hollands-Afrikaanse mense teen die gesentraliseerde vorm van beheer oor die onderwys soos bepaal in Wet nr. 7 van 1903;

(b) die bedreiging van die Hollandse nasionaliteit deur die eis van Engelse onderwys;

(c) die vrees by die Boerebevolking dat die ingevoerde Engels-sprekende onderwysers nie 'n godsdienstige, Christelike leiding sou

- 
1. Die Kerkblad, 51ste jaargang, nr. 1082, 23/4/48: Inleidings-artikel, dr. J.D. du Toit.
  2. V.V.O.O.Z.A.-gedenkboek, 144.
  3. Coetzee: Die Geref. beginsel in die onderwys in Transvaal, 25.

gee nie <sup>1)</sup>.

Die Boerevolk staan nie onverskillig teenoor die onderwys van hul kinders nie. Teen die begin van 1903 ontstaan die belangrike beweging vir „Vrye Christelike Nasionale Skole” oftewel die C.N.O.-skole. Hierdie C.N.O.-skole, vry van beheer van die Engelse owerheid, ook van hul inmenging, en Christelik en nasionaal in gees en strekking, wou voortbou op die verlede, op die godsdiens, die taal, die geskiedenis en die kultuur van die oorwonne Boerenasie <sup>2)</sup>.

Dat die Direkteur van Onderwys, die heer E.B. Sargent, terdeë bewus was van hierdie beweging, blyk duidelik uit sy rapport oor die onderwys in Transvaal <sup>3)</sup>. Hy sê onder andere: Die snelle vooruitgang van die Departement van Onderwys met die stigting van plaaslike skole het aanleiding gegee tot 'n reaksionêre maatregel in die vorm van die opening van skole wat Christelik en nasionaal genoem is, met die doelstelling om die belangrikste eienskappe van die skole van die Z.A.R. te bewaar. Dit was te begrype dat die Ned. Geref. Kerke die leiding in die beweging sou neem.

In sy jaarrapport van 1907 maak sir John Adamson daarvan melding dat C.N.O.-skole begin en in stand gehou is deur 'n groot deel van die Boerevolk wat ontevrede was met die onderwysstelsel waarmee na die oorlog 'n begin gemaak is, omdat hulle gevrees het dat die Hollandse taal en hulle godsdiens in gevaar gestel word deur 'n stelsel van publieke onderwys <sup>4)</sup>.

(iii) Stigting van C.N.O.-skole in Waterberg.

Soos reeds gemeld sou die C.N.O.-skole vry wees van beheer deur die Engelse owerheid. In die skole sou die volgende onderwys word: godsdiens, taal en geskiedenis van die Hollandse Afrikaners. Groot opofferings van die kant van die volk was noodsaaklik om hierdie skole aan die gang te hou <sup>5)</sup>. Die aantal C.N.O.-skole het in die dorpe en distrikte vinnig uitgebrei. Binne 'n kort tydjie was daar 'n breë gordel van C.N.O.-skole deur Transvaal <sup>6)</sup>.

- 
1. Coetzee: Geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 1838 - 1938, 234.
  2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 95, 96.
  3. Transvaal Education Department: Report 1900 - 1904, 36.
  4. Transvaal Education Department: Report of the Director of Education 1907.
  5. V.V.O.O.Z.A.-gedenkbok, 151.
  6. Ibid., 153.

In 1904 is deur die Gereformeerde Kerkraad van Waterberg besluit om met die ander kerkrade in die distrik te onderhandel om vas te stel wat die kerke kon doen in belang van die Christelike-nasionale onderwys <sup>1)</sup>.

As in aanmerking geneem word dat die inwoners van Waterberg wat reeds arm was, deur die pas afgelope oorlog nog verder verarm is en dat die plase van nuuts af opgebou moes word, is dit te begrype dat in Waterberg nie veel gedoen kon word ter bevordering van C.H.O.-skole nie. „Hoe graag wij ook vrije scholen willen oprichten, kunnen wij zulks thans niet doen wegens den zwaren tijd“ <sup>2)</sup>. Daarom was 'n groot aantal leerlinge op die goewernentskole om onderwys te ontvang.

In hierdie tyd het in Waterberg 'n paar privaatskole ontstaan buiten en behalwe die paar C.H.O.-skole wat in die distrik was.

Op die plaas Koppie Alleen was daar sedert 1903 'n privaatskool met 24 leerlinge onder Ph. van der Walt <sup>3)</sup>, 'n gesertifiseerde onderwyser <sup>4)</sup>.

Die konsistorie van die Geref. Kerk is beskikbaar gestel aan die skoolkommissie te Nylstroom vir privaatonderwysdoeleindes <sup>5)</sup>. Die onderwyser aan hierdie skool was die heer Snyman <sup>6)</sup>.

Dit is vasgestel dat daar van owerheidsweë slegs van twee suiwer C.H.O.-skole in Waterberg melding gemaak word. Te Piet Potgietersrust was daar 'n C.H.O.-skool, maar dié het nie lank staande gebly nie <sup>7)</sup> en is op 1 Julie 1907 deur die owerhede oorgeneem en op 8 Augustus 1907 geamalgameer met die goewernentskool aldaar.

Op die plaas Kareefontein was nog 'n C.H.O.-skool <sup>8)</sup>. Toe hierdie skool aansoek gedoen het om as goewernentskool oorgeneem te word, het die destydse skoolraad geweier om die aansoek goed te keur en aan te beveel om die volgende redes:

1. Notule Geref. Gemeente Waterberg, 26 Maart 1904.
2. Ibid., 3 April 1903.
3. Ph. van der Walt was in die omgang bekend as oom Flippie Meester.
4. Notule Geref. Gemeente Waterberg, 3 April 1903; Waterberg-skoolraadsnotule, 7 Augustus 1906.
5. Ibid., 30 Des. 1904.
6. Meegedeel: Komdt. A. Tansen.
7. Waterbergskoolraadsnotule, 22/6/1907.
8. Ibid., 22/4/1907.

(a) Die Departement het reeds geweier om sekere skole in die distrik te open wat deur die raad aanbeveel is, en die raad beskou dat hierdie skole voorkeur het bo Kareefontein.

(b) Die C.N.O.-kinders kan Doornfontein sowat 3 tot 4 myl van Kareefontein af besoek.

Gedurende 1905 was daar algemene belangstelling in Christelike-nasionale onderwys. Die Onderwyswet van 1905 het aan die Departement die reg gegee om in die sake van die privaat-skole in te meng. Die Luitenant-Goewerneur het die mag ontvang om vanaf 1906 alle skole waar die onderwysers geen sertifikaat of lisensie van die Direkteur van Onderwys besit het nie, te sluit onder straf<sup>d</sup>beroeving van £50 boete of drie maande tronkstraf <sup>1)</sup>.

In Waterberg was die belangstelling in hierdie vrye skole ook hoog, maar die middele tot instandhouding en oprigting van sulke skole het ontbreek. Daarom kon die C.N.O.-skole nie 'n sterk faktor in Waterberg word nie. Die grootste gedeelte van die kinders was wel op skool, en oor verwaarlosing van die opvoeding deur die ouers kan, oor die geheel genome, nie gekla word nie. Tog was die toestand nie na wense nie. So moes die Gereformeerde Kerkraad byvoorbeeld met leedwese meedeel dat teen die einde van 1906 daar geen kind van die gemeente op C.N.O.-skole was nie. Op privaat-skole was daar 19 kinders van die gemeente, op goewerment-skole was daar 98, en 47 van die gemeente se kinders het geen onderwys ontvang nie <sup>2)</sup>.

Hieruit blyk duidelik dat die oorwegende aantal kinders in Waterberg van die goewerment-skole gebruik gemaak het weens gebrek aan middele om C.N.O.-skole in die lewe te roep en in stand te hou.

## 2. Onderwys onder Selfbestuur, 1906 - 1910.

### a. Die nuwe onderwyswet van 1907.

Op 6 Desember 1906 het die Transvaal Selfbestuur verkry. Generaal J.C. Smuts, destyds Minister van Onderwys, het 'n nuwe Onderwyswet opgestel, wat op 1 Oktober 1907 van krag geword het., Baie het die wet verwelkom, dog 'n kleiner groep het dit bestry <sup>3)</sup>.

- 
1. Die Christelike Skoolblad, 20 April 1906.
  2. Notule Geref. Gemeente Waterberg, 28 Desember 1906
  3. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 98.

Die Smutswet van 1907 maak voorsiening vir die oprigting en instandhouding van laerskole, ondersteunde plaasskole, gratis laer onderwys, verpligte laer onderwys tussen 7 tot 14 jaar en strafbepalings vir skoolversuim. Verder maak dit voorsiening vir middelbare onderwys, voortsettingsklasse, skoolleerplanne, opleiding van onderwysers en hul diensvoorwaardes. Wat taal- en godsdiensoonderrig betref, sou die onderwys gegee word in die moedertaal, en Engels as tweede taal sou ingevoer word. Geen dogma sou in godsdiensonderwys verkondig word nie. Ook is voorsiening gemaak vir skoolkommissies (5 - 7 lede), skoolrade van 6, 9 of 12 lede, hulle samestelling en funksies <sup>1)</sup>.

b. Vordering op onderwysgebied in Waterberg, 1907-1910.

In Desember 1905 is regulasies vir die samestelling en die pligte van skoolkommissies en skoolrade gepubliseer as gevolg van die wenk van lord Selborne vroeër in 1905 dat elke distrik 'n adviserende skoolraad moes hê om te dien as middelaar tussen die Departement en die skoolkommissies <sup>2)</sup>.

(i) Eerste Adviserende Skoolraad, 1906 - 1907.

Die eerste Adviserende Skoolraad van Waterberg het op 15 Junie 1906 sy pligte aanvaar. Die Skoolraad het bestaan uit die here: H. Carwell, - Griffin, - Heystek, J.C. Krogh (voorsitter), - Peens, E. Tamsen en J. van Backstroom <sup>3)</sup>.

Hierdie Skoolraad het beheer gehad oor 9 skole <sup>4)</sup>. Baie kinders in Waterberg het nie die skool besoek nie, maar op baie plekke in die distrik was daar plekke waar skole dringend nodig was <sup>5)</sup>.

Vol ywer en besiel met die saak van die onderwys het die Raad sy dienste aanvaar. Een van die eerste take van die Raad was om aan te beveel dat die Departement skole moes oprig op Geelhoutkop, Gembokfontein, Kafferskraal, Tweefontein, Ouwefontein en Boekenhoutkloof. Hierdie kapitaaluitgawes was van dringende aard. Aangesien die skoolgeboue in die distrik in 'n swak toestand was, is aanbeveel dat die

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 100 - 105.

2. Ibid., 85, 86.

3. Waterbergskoolraadsnotule: 15 Junie 1906. (Mre. Griffin, Heystek en Peens se voorletters onbekend.)

4. Transvaal Education Department: Report of the Director of Education, 1906.

5. Waterbergskoolraadsnotule: 17 Julie 1906.

Departement 'n hele aantal geboue moes opknap.

Ook beveel die Raad aan dat £200 van die boufonds oorgedra moes word as beurse, aangesien daar geen nuwe geboue opgerig staan te word nie en die Raad die toelaag van £150 vir beurse vir die jaar 1906/1907 as ontoereikend beskou <sup>1)</sup>.

Onder Selfbestuur sou primêre onderwys vry wees wanneer 30 leerlinge die skool bywoon. „Waterberg supplies numerous exceptions” <sup>2)</sup>. Die meeste plaasskole was dan ook eenmanskole <sup>3)</sup>. Weens die yl bewoning van die distrik Waterberg beveel die Raad dan ook by die Departement aan dat 'n uitsondering in Waterberg gemaak moes word ten opsigte van die minimum inskrywing van 30, soos neergelê in die „Instruksies aan Skoolrade”, aangesien dit die mees ekonomiese manier is om onderwys te bring aan die baie kinders wat anders nie die skool sal bywoon nie, omdat die ouers nie in staat is om by te dra tot die saak van die onderwys van hul kinders nie <sup>4)</sup>. Die Hollands-sprekendes in Waterberg is baie gretig om te leer, maar die meeste kinders geniet slegs laer onderwys, terwyl die skoolbesoek baie ongereeld is <sup>5)</sup>.

Reeds so vroeg as 1906 het die Skoolraad by die Departement aanbeveel dat aan Waterbergse onderwysers 'n koorstoelaag betaal sou word <sup>6)</sup>, maar selfs in 1909 was die distriksgeneesheer nog nie geneë om 'n koorstoelaag vir onderwysers aan te beveel nie <sup>7)</sup>.

Wat betref die stelsel van konsentrasie <sup>8)</sup>, beveel die Waterbergse skoolraad soos volg aan: „In the opinion of the Board the system of concentration . . . is for the present at least quite inapplicable to the Waterberg district, owing to the scattered and impoverished nature of the population, and that it strongly recommends . . . for the time being . . . the opening of several schools at the

- 
1. Waterbergskoolraadsnotule: 7 Augustus 1906.
  2. Transvaal Education Department: Report for the school year 1906.
  3. Ibid., Inspekteur Purves se verslag.
  4. Waterbergskoolraadsnotule, 17 Julie 1906.
  5. Transvaal Education Department: Report for the school year 1906. Inspekteur Purves se verslag.
  6. Waterbergskoolraadsnotule, 17 Julie 1906.
  7. Waterbergskoolraadsnotule, 28 Mei 1909.
  8. Vergelyk Departementele Sirkulêre aan Skoolrade, Nr. 37/06, par. I, 16/7/06.

least possible expense, wherever a reasonable number of children can be got together and that the minimum enrolment of 30 as required be lowered in this case to 20" <sup>1)</sup>.

(ii) Die eerste skoolraad onder die Smutswet.

Die jaar 1907 was 'n merkwaardige jaar in die onderwysgeskiedenis van Transvaal, veral ten opsigte van twee gebeurtenisse, naamlik die totstandkoming van die Smutswet en die einde van die C.H.O.-skole.

In 1907 het die nuwe onderwyswet, die Smutswet, van krag geword en is nuwe skoolrade saamgestel waarvan die magte en pligte min of meer soos die van die Adviserende Raad was. Die nuwe Raad het eers in 1908 sy pligte in Waterberg aanvaar.

Die eerste skoolraad onder die Smutswet het op 7 Januarie 1908 in Waterberg sy pligte aanvaar. Die Raad het bestaan uit die here H. Carwell (sekretaris), G.F. Grobler, J.C. Krogh (voorsitter), C. Maggs, M. Pock, J. Rankin, P.J. Steynberg, E. Tamsen, D.P. van Rooyen <sup>2)</sup>.

Twee groot probleme waaraan die nuwe Raad sy onmiddellike aandag moes skenk, was die kwessie van ongereelde skoolbesoek en die kwessie van vervoer- en losiesbeurse.

Om die kwessie van verpligte skoolbesoek te beheer, het die Raad reeds vroeg by die Departement aangedring op die aanstelling van skoolbesoekbeamptes, omdat die Raad van mening was dat die beamptes nuttige werk sou kon doen <sup>3)</sup>. Dit is gedoen na aanleiding van 'n departementele omsendbrief aan skoolrade <sup>4)</sup>. Reeds vanaf 1 November 1908 is daar in Waterberg twee skoolbesoekbeamptes aangestel, nl. die here Pieter Burger en A.P. Swanepoel <sup>5)</sup>.

Wat betref die losies- en vervoerbeurskwessie, is teen die einde van 1908 beurse soos volg vir Waterberg toegestaan <sup>6)</sup>:

Losiesbeurse : 3/- per week per leerling;

transportbeurse : 1/4d. per week per leerling.

1. Waterbergskoolraadsnotule, 7 Augustus 1906.

2. Ibid., 7 Januarie 1908.

3. Waterbergskoolraadsnotule, 4/2/1908.

4. Departementele Omsendbrief aan skoolrade, nr. 44 van 1908, d.d. 2/10/1908.

5. Waterbergskoolraadsnotule, 14/10/1908.

6. Ibid., 22/12/1908.



Die bouprogram van die Raad was baie swaar gelaai, dog die Departement kon nie die geld bewillig om skole te bou nie. Die skoolgeboue in die distrik het baie te wense oorgelaat. So kon die gebou te Piet Potgietersrust nie die 186 leerlinge huisves nie, veral nie na die amalgamasie van die goewerments- en C.H.O.-skole nie, en baie kinders het nie eens die skool bygewoon nie <sup>1)</sup>. Om die toestand te verlig het die Departement slegs een klaskamer aangebou <sup>2)</sup>.

Die Raad was ook van plan om handwerksentra op Nylstroom en Piet Potgietersrust te laat oprig. Daarvoor is van die onderwysowerheid vir elke skool £200 plus £50 vir ameublement gevra <sup>3)</sup>. Ook hiervoor kon die Departement nie geld beskikbaar stel nie <sup>4)</sup>.

Verder het die Raad nog 'n koshuis te Nylstroom aangevra asook die oprigting van nuwe skole. Die Raad het baie moeilikhede ondervind om geskikte terreine te verkry vir onderwysdoeleindes, in so 'n mate dat hulle met die oog op die vele moeilikhede waarmee hulle te kampe gehad het, asook ten gevolge van die moeilikhede deur eienaars in die weg van die Raad gelê om grond te verkry, en die lang tyd wat verstryk het alreeds transport en oordrag van sulke gronde verkry is, by die regering aanbeveel het om onmiddellik grond te onteien as eienaars moeilikhede in die weg lê, veral as die skoolstigting permanent sou wees <sup>5)</sup>.

Skoolmeubels was in hierdie tyd 'n kwessie. Sommige kinders het in party skole geen sitplek gehad nie, soos die geval was te Nylstroom en Piet Potgietersrust <sup>6)</sup>. Om te probeer om in die behoefte te voorsien het die Raad selfs by private persone meubels geleen <sup>7)</sup>. Die meubels deur die plaasskole benodig, het die Raad op Nylstroom laat vervaardig <sup>8)</sup>. In 1909 het die Departement aan Waterberg £95 vir meubels toegestaan <sup>9)</sup>.

---

1. Waterbergskoolraadsnotule, 22/12/1908.

2. Ibid., 3/4/1908.

3. Ibid., 4/2/1908.

4. Ibid., 6/3/1908.

5. Waterbergskoolraadsnotule, 24/9/1909.

6. Ibid., 3/4/1908.

7. Ibid., 1/5/1908.

8. Ibid., 14/10/1908.

9. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1909.

c. Inspeksierapporte, 1907 tot 1910.(i) Mnr. S.O. Purves as inspekteur in Waterberg.

Vanaf Junie 1905 tot Junie 1908 was die heer S.O. Purves inspekteur van Onderwys in Waterberg - wat saam met Zoutpan~~s~~berg die Pietersburgkring uitgemaak het - bygestaan deur mnr. H. Visscher as Hollandse inspekteur. In Junie 1908 is die heer Purves opgevolg deur mnr. H.P. Mills as inspekteur van onderwys in die Pietersburgkring.

In 1907 het die inspekteur Purves die toename in die leerling-inskrywing in die Waterbergse skole toegeskryf aan die instelling van skoolrade en skoolkommissies <sup>1)</sup>. Hy wys egter daarop dat sowat 50% van die kinders van skoolgaande leeftyd nie op skool is nie. Die rede hiervoor lê in die feit dat die mense baie arm is. Ook wyt hy hierdie verskynsel aan die groot afstande wat afgelê moet word om skole te besoek. Verder wys hy ook daarop dat beurse aan swat 100 leerlinge toegestaan is, terwyl ongeveer nog drie maal soveel geweier is <sup>2)</sup>.

(ii) Mnr. H.P. Mills as inspekteur van onderwys in Waterberg <sup>3)</sup>.

Vanaf Junie 1908 was die heer H.P. Mills inspekteur in die Pietersburgkring.

(a) Ouers se houding teenoor die onderwys.

Die inspekteur was van mening dat die belangstelling van die Boerebevolking in die onderwys van hulle kinders nie na wens was nie, maar dat dit stadig weer begin oplewe het. Bewys hiervan was die talle aansoeke wat by die skoolraad ingedien is om die stigting van klein skooltjies op die plase te bepleit.

Inspekteur Mills vind dat die ouers baie arm is en daarom liefs 'n klein skooltjie naby hulle plase verkies as om die kinders van hulle weg te stuur. Dit sou onkoste meebring wat nie verhaal sou kon word nie. By die bestaande plaasskooltjies is meestal ongekwalifiseerde en onopgeleide onderwysers werksaam. Hierdie

- 
1. Transvaal Education Department: Report for the school year 1907; Inspekteur Purves se rapport.
  2. Transvaal Education Department: Report for the school year 1907; Inspekteur Purves se rapport.
  3. Ibid.
  4. Direkteursverslae, Transvaalse Onderwysdepartement, 1908 - 1910; Inspekteur Mills se rapporte.

eenmanskooltjies was nog die swak skakel in die onderwyssisteem. In Waterberg was daar nog 'n groot persentasie eenmanskole, naamlik 15 uit die 22. Die ouers wou ook niks te doen hê met sentralisasie nie. In die onderwyskode was 'n regulasie wat bepaal dat eenmanskole nie leerlinge verder as st. IV mag onderrig nie, maar teen 1909 word hierdie regulasie nog nie in Waterberg toegepas nie.

Alhoewel die eenmanskole 'n swak skakel was, was daar tog baie goeie plaasskole, wat meer as eens gedien het om die belangstelling vir die onderwys op te wek. Inspekteur Mills was oortuig daarvan dat die verpligte skoolbesoek wat van toepassing was op kinders wat binne drie myl van 'n skool gewoon het, uitgebrei moes word, sodat meer kinders in die onderwys betrek kon word.

(b) Bevinding van inspekteur Mills oor die skoolvakke.

Oor die skoolvakke rapporteer inspekteur Mills soos volg <sup>1)</sup>:

Engels: Lees geskied te meganies. Daar word te veel waarde geheg aan masjinale lees en te min waarde aan spreek. Dit is te wyte aan 'n gebrekkige kennis van die taal. Vertaaltoetse van die leesles baat niks. Die basis van die onderwys van Engels moet spreek-oefeninge wees.

Komposisie: Die komposisie, beide mondeling en skriftelik, is swak. In die meeste gevalle bestaan die komposisie net uit die pappegaaiagtige reproduksie van 'n storie wat deur die leerlinge gelees is of wat deur die onderwyser voorgelees is.

Resitasie: Wat hierdie vak betref, word daar veels te veel gelet op blote herhaling van die geleerde stof en hoegenaamd nie op inlewing nie. Ook die keuse van gediggies pas meestal nie by die leeftyd van die kind nie.

Spelling: Die inspekteur verklaar hieroor kort en bondig dat dit onbevredigend is. Die leerlinge moet gewoonlik lyste van woorde bokant hulle begripsvermoë memoriseer.

Skrif: Die inspekteur wys op die gebruik dat as die onderwyser met een groep leerlinge besig is, die ander groep hulle onledig hou met

skrif. Weliswaar moet die leerlinge besig gehou word, maar dit is nog nie doelgerigte skrifonderrig nie.

Rekene: Aan hierdie vak word baie aandag bestee. Oor die algemeen is die werk wat hierin verrig word, goed, maar die onderwysers moet beseef dat hoofrekenen van besondere belang is. Skriftelike rekenen is immers die toepassing van wat mondeling gedoen is.

Geskiedenis: Weens die gebrek aan 'n eenvormige kode, tref die inspekteur wyduiteenlopende algemeenhede aan. Die voorbereiding van die leerstof in die vak deur die onderwysers kan baie verbeter.

Aardrykskunde: Met betrekking tot voorbereiding geld hier dieselfde as vir die vak Geskiedenis. Die inspekteur wys daarop dat van die bekende na die onbekende gegaan moet word. Ook moet meer gebruik gemaak word van muurkaarte by die onderwys van hierdie vak.

Sang: In sommige gevalle is die sang goed, in ander gevalle weer minder goed.

#### d. C.N.O.-skole onder Selfbestuur, 1906 - 1910.

Met die toekenning van selfbestuur aan die Transvaal het die stryd om vrye C.N.O.-skole sterk afgeneem <sup>1)</sup>. In 1908 het geen enkele C.N.O.-skool in Waterberg bestaan nie, omdat dit gesluit het of amalgameer het met die goewermentskole <sup>2)</sup>.

By die oornome van die C.N.O.-skole van Transvaal het die Departement van Onderwys die sertifikate van C.N.-onderwysers volledig erken. Leerkragte is dan ook oorgeplaas na goewermentsbetrekkings <sup>3)</sup>.

„Daar onze organisatie vir C.N.O. byna niets heeft uitgevoerd, is er op 't oogenblik nog geen vooruitzicht op een verbeterde toestand in die rigting" <sup>4)</sup>.

Uit beginsel wou baie ouers toe nie hulle kinders na die goewermentskole stuur nie. Die C.N.O.-beweging was vir hulle 'n heilige saak wat hulle met lede oë sien wegwyn het <sup>5)</sup>. „En zo werd het C.N.O. tamelik roerloos ter ruste gelegd" <sup>6)</sup>.

- 
1. Almanak van die Geref. Kerk van Zuid-Afrika, 1907.
  2. Waterbergskoolraadsnotule, 4/2/08.
  3. Die Christelike Schoolblad, 1/5/08.
  4. Almanak van die Geref. Kerk van Zuid-Afrika, 1908.
  5. Ibid.
  6. V.V.O.O.Z.A.-gedenkbok: A. Visscher, 157.

e. Samevatting(i) Die posisie van die onderwys onder Kroonkolonie-  
en Selfbestuur in Waterberg, 1902 - 1910.(a) Stand van skole.

Vanaf 1902 moes die onderwys weer van vooraf opgebou word. Daar was 'n totale ontwrigting as gevolg van die oorlog. Alles was verwoes, gesinne was weggevoer na die konsentrasiekampe, en op onderwysgebied was daar 'n algehele stilstand <sup>1)</sup>.

Na die Vrede van Vereeniging het die families teruggekeer na die plase. Skole is weer opgerig, maar die onderwys was vreemd, en die mense was nie daaraan gewoond nie <sup>2)</sup>. Die mense het die behoefte aan onderwys gevoel maar staan die Engelse skole teen, dog Sargant het aangegaan met sy onderwysbeleid en het skole op die digbewoonde plase gestig. Namate die ouers met die Engelse skoolstelsel versoen is, is meer skole gestig <sup>3)</sup>.

Volgens die statistieke was die stand van skole in Waterberg in die jare 1903 - 1909 soos volg <sup>4)</sup>:

Jaar	Aantal skole	Aantal onderwysers	Aantal leerlinge
1903	11	18	409.6
1904	9	11	304.2
1905	9	16	337.3
1906	9	16	333.5
1907	12	18	269.4
1908	17	28	571.7
1909	22	39	725.8

Die spil waarom die onderwys in die tydperk net na die Engelse Oorlog gedraai het, was hierdie opvatting: „If the people of South Africa have not yet learned that it is wrong to foster a national sentiment in which both races cannot share, they have suffered in vain" <sup>5)</sup>.

---

1. Mededeling: Komdt. A. Tamsen.

2. Ibid.

3. Ibid.

4. Direkteursverslae, Transvaalse Onderwysdepartement, 1903 - 1909.

5. Transvaal Education Department: Report for the school year 1906.

As gevolg van die Onderwyswet van 1903 het die Departement die reg gehad om in te meng in die sake van privaatskole. In 1906 het die Luitenant-Goewerneur die reg verkry om alle skole te sluit waar die onderwysers geen sertifikate besit het nie <sup>1)</sup>. Die gevolg was dat baie privaat- en C.N.O.-skole gesluit het of amalgameer het met die goewermentskole. Die Boerevolk was te arm om die vereiste geld te verkry om skole na eie aard in stand te hou. Daarom het die beweging in 1908 roemloos verdwyn <sup>2)</sup>.

Vanaf 1906 het die aantal goewermentskole vinnig toegeneem, enersyds deur die Smutswet nadat selfbestuur aan die Transvaal toegeken is, en andersyds deur die feit dat die meeste inwoners van Waterberg die saak gewonne gegee het vir die stelsel van vry onderwys. Alhoewel baie kinders nog nie die skole bygewoon het nie, het die skole in Waterberg vanaf 1907 tot 1910 soos volg toegeneem <sup>3)</sup>:

Jaar	Aantal skole	Aantal onderwysers	Aantal leerlinge
1907	9	17	333.5
1910	25	38	827

(b) Die onderwyspersoneel.

In die Smutswet van 1907 is die diensvoorwaardes en kwalifikasies van onderwysers duidelik omskryf. Die gevolg was 'n strewe na hoër kwalifikasies en gevolglike hoër salarisse, soos te verwagte was, maar teen die einde van 1909 was 'n groot persentasie van die onderwyspersoneel van Waterberg nog onopgelei.

Die stand van skole, die personeel met hulle kwalifikasies en die aantal leerlinge was teen die einde van 1909 soos volg <sup>4)</sup>:

Skool	Graad	Onderwyser	Kwalifikasie	Leerlinge	
				Skool-besoek	Inskrywing
Nylstroom	IVA	N. Carwell	II	60.6	71.0
		W.R. de Villiers	PIII		
		Mej. J. Schunke	III		
		Mej. W.F. Pronk			

1. Die Christelike Schoolblad, 20/4/06.
2. V.V.O.O.Z.A.-gedenkboek: H. Visscher, 157.
3. Direkteursverslae, Transvaalse Onderwysdepartement, 1907 en 1910.
4. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1909.

Skool	Graad	Onderwyser	Kwali- fikasie	Leerlinge	
				Skool- besoek	Inskry- wing
Piet Potgie- tersrust	IVA	G.H. Matthews	II	91.3	117.1
		C.A. Williams	PIII		
		W.B. van Niekerk	PIII		
		J.L. du Preez	PIII		
		J. Wronsky	PIII		
		Mej. C.C. Bester	PIII		
Vaalkop	IVB	M. Smuts	II	25.5	27.3
Boekenhoutkloof	IVB	J.H.O. Reynolds	PIII	19.9	23.3
Doorndraai	IVD	J.E.W. Beyers	PIII	18.5	21.4
Doornfontein	IVD	A.P. Smit	PIII	32.2	34.5
		Mej. A.L. Schnepel	Lic.		
Elandsfontein	IVD	W.A. Pretorius	PIII	23.4	24.7
Geelhoutkop	IVD	E. Cochrane	PIII	24.3	28.8
Hartebeest- fontein	IVD	P.J.L. Eekhout	PIII	20.6	23.5
Kopje Alleen	IVD	P.J. van der Walt	III	16.2	23.0
Kromkloof	IVD	B.P. Moll	PIII	27.5	30.7
Leeuwpoot	IVD	F.W. Stork	PIII	21.6	25.4
Middelfontein	IVD	S. Gaarkeuken	III	16.8	25.8
Oranjefontein	IVD	D. van der P. Pronk	PIII	11.8	12.4
Rhenosterpoort	IVD	G. Warburton	PIII	24.8	29.4
Rietfontein	IVD	D.J. Low	PIII	29.9	37.0
		Mej. E. Villa- vicencio	Lic		
Tweefontein	IVD	P. Joubert	PIII	23.1	27.1
Vlakfontein	IVD	G.J. van Brenk	PIII	24.1	27.5
Warmbaths	IVD	G.F. Kay	PIII	25.7	34.8
		Mej. A.T. Driver	PIII		
Weltevreden	IVD	R.J. Aldum	PIII	26.9	31.9
		G. Swanepoel	PIII		
Zanddrift	IVD	H. Willemse	III	25.8	32.5
Zwartkloof	IVD	F.A. Grundlingh	PIII	15.6	18.3

Teen die einde van 1910 was daar in Waterberg die volgende

grade skole <sup>1)</sup>:

- 17 eenmanskole,
- 5 tweemanskole,
- 2 driemanskole,
- 1 viermanskool.

(c) Geboue en uitrusting.

Teen die einde van 1910 was die skoolgeboue in Waterberg nog nie na wens nie. Sewentien van die skole in die distrik was swak gehuisves. Met die akkommodasie van onderwysers was die posisie net so swak. Die gevolg was dat baie onderwysers aansoek gedoen het om verplasing juis as gevolg van die swak behuisingstoestande. Veral die privaatgeboue wat deur die Departement gehuur is, het baie te wense oorgelaat.

Wat die meubels betref, was daar 'n gestadige vooruitgang daarin dat geleidelik geskikter ameublement voorsien is <sup>1)</sup>.

(ii) Die opvatting van die skoolraad en inspekteur

Mills oor Sentralisasie.

In Waterberg was die eenmanskole die doring in die vlees van sowel die onderwys as die Administrasie.

Inspekteur Mills het hom ten gunste van sentralisasie uitgespreek, alhoewel die sentralisasie-gedagte deur die Skoolraad reeds in 1909 voorgestaan, nie vrugte afgewerp het nie <sup>2)</sup>. Alhoewel die Waterbergse Skoolraad die sentralisasie-gedagte ernstig opgevat het, bly die aantal eenmanskole nog bestaan ten spyte van die pogings tot sentralisasie deur die Raad aangewend. Tog word vooruitgang in dié rigting gemaak <sup>3)</sup>.

Inspekteur Mills het reeds in 1909 aanbeveel dat sentralisasie op die volgende plekke moes plaasvind <sup>4)</sup>:

- (a) Leeuwpoort, Middelfontein, Doornfontein;
- (b) Weltevreden, Rhenosterpoort, Koppie Alleen;
- (c) Zwartkloof, Kromkloof, en miskien Rietfontein.

1. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1910.
2. Ibid., 1909.
3. Ibid., 1910.
4. Ibid., 1909; Inspekteur Mills se verslag.



Dit moet duidelik beseef word dat die eenmanskool die koms van sentralisasie in die hand gewerk het. Swak behuising en swak losies vir onderwyser en leerlinge het die sentralisasiegedagte laat posvat. Die klein skooltjie het te kampe gehad met baie probleme, onder andere geboue en uitrusting, getalle, groepering van groepe en kontrolering van die werk. Dikwels het dit gebeur dat die hoër groepe aan hulleself oorgelaat is en alle aandag aan die laer klasse bestee is.

(iii) Inspeksie.

Uit die inspeksierapporte blyk dat die leerlingaantal gaandeweg gestyg het, namate die houding van die ouers in Waterberg teenoor die Engelse goewermentskole verander het. 'n Klein skooltjie naby die plase van die ouers is verkies bo 'n groter sentrale skool, omdat die ouers baie arm was. In Waterberg was daar dan ook 'n groot persentasie eenmanskooltjies, waar meestal ongekwalifiseerde en onopgeleide onderwysers werksaam was.

Wat die inhoud van die onderwys betref, kan gemeld word dat die algemene vooruitgang in Waterberg goed is. Wat die afsonderlike vakke self aangaan, kon baie leentes nog opgemerk word. Die onderwys geskied metodies, alhoewel die onderwysers in baie gevalle sekere besondere aspekte van afsonderlike vakke oor die hoof gesien het.

Oor die algemeen beskou, was daar in Waterberg maar moeilik bespeurbare vordering in die onderwys, terwyl daar 'n gebrek aan kontinuïteit in die onderwys waar te neem was, wat toegeskryf moet word aan die vlottende onderwyskorps en die leerlinge se wintertrek elke jaar.

In die volgende hoofstuk sal aangetoon word hoe daar geleidelike ontwikkeling in die onderwys plaasgevind het.

-----

HOOFSTUK VI.ONDERWYS ONDER PROVINSIALE BESTUUR, 1910 - 1950.1. Geleidelike ontwikkeling in die onderwys.a. Fundamentele reëlings in verband met die onderwys.

Na breedvoerige onderhandelinge is die vier Britse kolonies in Suid-Afrika op 31 Mei 1910 verenig tot die Unie van Suid-Afrika. Hierdeur het die Transvaal 'n provinsie geword van die Unie van Suid-Afrika en het so sy Selfbestuur verloor. Dit beteken dat die Transvaal van nou af deur die Provinsiale regering onder voogdyskap van die Unieregering bestuur sal word.

Artikel 85, sub-artikel iii, van die Suid-Afrika-wet bepaal dat die Provinsiale owerheid laer en middelbare onderwys sal beheer.

Die onderwysowerheid sal van nou af bestaan uit die Administrateur as hoof van die provinsie; die Uitvoerende Komitee as bestuur van provinsiale sake en die Provinsiale Raad as wetgewende liggaam. Die Onderwysdepartement self sal beheer word deur die Direkteur van Onderwys, bygestaan deur die Sekretaris van Onderwys en die administratiewe personeel. Elke parlementêre kiesdistrik sal 'n skoolraad hê as middelaar tussen die onderwys van die distrik en die Departement van Onderwys. Aan die hoof van so 'n distrik staan die inspekteur van onderwys om oor sake in verband met die onderwys te adviseer en die onderwys in die distrik te kontroleer. Elke skool kies 'n eie skoolkommissie, wat op hulle beurt die skoolraad en die Inspekteur van Onderwys oor onderwyssake moes inlig en verbeteringe aan die hand doen.

b. Wysiging in die Smutswet en nuwe skoolregulasies rakende die onderwys in Waterberg.

In 1912 het die Taalordonnansie Nr. 5 van 1911 in werking getree, wat 'n belangrike wysiging in die Smutswet teweegbring. Die Ordonnansie stel die gelykwaardigheid van Hollands en Engels as offisiële tale vas. Die Ordonnansie vervang die taalbepalings van die Smutswet soos volg:

Die huistaal is die verpligte medium van aanvangsonderwys op skool. Die tweede taal kan as voertaal ingevoer word as die ouers dit verlang. Vanaf st. V kan die tweede voertaal ingevoer word <sup>1)</sup>.

In 1912 is 'n tweede belangrike wysiging teweeggebring deur Ordonnansie Nr. 7, waardeur die skoolplig verhoog is tot 15 jaar of st. V. 'n Subsidie aan privaatskole met minstens 10 leerlinge is in die vooruitsig gestel, en vaste beamptes van skoolrade is benoem <sup>2)</sup>.

Deur Administrateurskennisgewing nr. 74 is op 11 April 1911 wysigings in die regulasies vir laerskole vir blanke kinders aangebring, waardeur die leergange in sekere vakke vereenvoudig is. In 1913 is 'n hersiene leerplan vir buiteskole uitgegee om die leergange te vereenvoudig en sodoende die onderwys sover moontlik in groepe te organiseer en om die onderwys te laat aanpas by die plattelandse toestande <sup>3)</sup>.

Verder is in 1911 ook nog geamendeerde regulasies uitgevaardig in verband met klasse vir voortgesette onderwys met die doel om die onderwys van die openbare skole aan te vul of voort te sit. Hierdie tipe onderwys sou onder die skoolraad ressorteer. Leerkursusse, tyd aan klasse gewy, organisasie en administrasie van die klasse is noukeurig omskryf <sup>4)</sup>.

c. Beleid van die Skoolraad.

(i) Teenoor privaatskole.

As gevolg van die Onderwysordonnansie Nr. 7 van 1912 is die opening van privaatskole met minstens 10 leerlinge in die vooruitsig gestel <sup>5)</sup>.

Reeds op 26 Mei 1911 is 'n privaat-skool op Piet Potgietersrust onder mev. Pickburn in die lewe geroep <sup>6)</sup>.

Die verskoning van die Engelssprekende ouers, veral die moeders, in Waterberg, nl. dat hulle doeltreffende onderwys gee aan die kinders wat uit skool gehou word, sal nie deur die skoolraad aanvaar word nie <sup>7)</sup>.

- 
1. Coetzee : Onderwys in Transvaal, 124.
  2. Ibid.
  3. Ibid., 125.
  4. Ibid.
  5. Ibid., 124.
  6. Waterbergskoolraadsnotule, 26 Mei 1911.
  7. Ibid., 25 Augustus 1911.

Toe sir John Adamson, Direkteur van Onderwys, in 1912 'n vergadering van die Waterbergse Skoolraad bygewoon het, het die Raad onomwonde verklaar dat ouers geen doeltreffende onderwys kan gee aan kinders wat nie die skool besoek nie <sup>1)</sup>.

Nieteenstaande hierdie ferme houding van die Raad gee die Direkteur tog verlof aan 'n sekere Campion van Piet Potgietersrust om sy kinders privaat te onderwys. Hierop verklaar die Raad dat „deze raad wenscht geen verantwoordelijkheid op zich te nemen" om voortaan te beslis of doeltreffende onderwys al dan nie deur ouers gegee word <sup>2)</sup>.

Die stigting van privaatskole in Waterberg was feitlik tot 'n minimum beperk, aangesien die inwoners van die distrik so arm was dat hulle nie 'n privaatskool met die daarmee gepaard gaande geldelike verpligtinge in stand kon hou nie <sup>3)</sup>.

(ii) Die Skoolraad en voortsettingsklasse.

In 1911 is „geamendeerde regulasies" betreffende die „klasse vir voortgesette onderwys" uitgevaardig <sup>4)</sup>.

In Waterberg is die behoefte aan voortgesette onderwys terdeë beseef, maar eers in 1915 is op aanbeveling van die Skoolraad magtiging verkry dat Nylstroom 'n st. VII-klas kan instel. Die Skoolraad sou 1/- per dag beurstoelae betaal aan kinders wat die klasse bywoon <sup>5)</sup>. Ook beveel die Skoolraad by die Departement aan dat middelbare onderwys te Piet Potgietersrust toegelaat moes word <sup>6)</sup>.

Die Departement het op hierdie aanbevelinge gereageer deur magtiging te verleen dat op Nylstroom 'n „klas vir voortgesette onderwys" ingestel word tot einde 1916. Hierdie klas sou onderrig ontvang in Rekene, Natuurwetenskap, Hollands, Engels en Algebra. Mnr. C.H. Ackhurst, hoof van die Nylstroomse skool, sou die klas waarneem. Vertraging het egter voorgekom, en die Departement sou eers teen Junie 1918 die voortsettingsklas te Nylstroom in oorweging neem <sup>7)</sup>. In 1918 is die klas dan ook toegestaan <sup>8)</sup>.

- 
1. Waterbergskoolraadsnotule, 1 Maart 1912.
  2. Ibid., 29 Maart 1912.
  3. Meegedeel: Komdt. A. Tamsen.
  4. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 124.
  5. Waterbergskoolraadsnotule, 3/12/1915.
  6. Ibid., 28/1/1916.
  7. Ibid., 27/4/1917.
  8. Ibid., 22/2/1918.

In dieselfde jaar is daar aan Naboomspruit ook voortsettings-  
 klasse toegestaan, dog by gebrek aan die nodige aantal leerlinge is  
 die klas nie geopen nie <sup>1)</sup>.

Teen 1920 het die Departement besluit dat st. VII- en VIII-  
 klasse slegs te Nylstroom en Piet Potgietersrust toegelaat sou word <sup>2)</sup>.

Gedurende die jare 1918 tot 1925 was die posisie ten opsigte van  
 voortsettingsklasse in Waterberg dan soos volg:

te Nylstroom onder mnr. C.H. Ackhurst;

te Piet Potgietersrust onder mnr. J. van Schalkwyk.

(iii) Skoolrade en sentralisasie.

(a) Sentralisasie tussen die jare 1910 en 1918.

In 1910 is skoolrade opnuut verkies volgens die bepalinge van  
 die Onderwyswet <sup>3)</sup>.

Wat betref die vordering op onderwysgebied gedurende die jare  
 1910 tot 1923 kan veral gewys word op die deurvoering van die beleid  
 van sentralisasie, die uitbreiding van die middelbare onderwys en die  
 toename in die aantal skole en skoliere <sup>4)</sup>.

Daarom sê die Direkteur in 1912: „The policy of centralization  
 must be justified on grounds of efficiency rather than on grounds of  
 economy" <sup>5)</sup>.

Die posisie in Waterberg teen die einde van 1910 toon ~~dt~~ daar  
 in hierdie distrik die volgende grade skole bestaan het <sup>6)</sup>:

17 eenmanskole;

5 tweemanskole;

2 driemanskole;

1 viermanskool.

In sy rapport van 1910 maak inspekteur Mills dan ook daarvan  
 melding dat in Waterberg daar nog 'n groot aantal eenmanskole bestaan,  
 nieteenstaande die Skoolraad se pogings tot sentralisasie <sup>7)</sup>.

---

1. Waterbergskoolraadsnotule, 11/1/1918.

2. Ibid., 30/4/1920.

3. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 126.

4. Ibid., 127.

5. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1912.

6. Ibid., 1910.

7. Ibid., Inspekteur Mills se verslag.

Die Skoolraad het reeds in 1911 pogings aangewend om te sentraliseer dog sonder sukses. Die Raad het besef dat die aantal eenman-skole tot 'n minimum beperk moes word, maar die Raad se sentralisasie-pogings het gebots met die sienswyse van die ouers, wat nie die voordele kon of wou insien van 'n skool waarvan die inskrywing 'n personeel van 3 of 4 onderwysers regverdig nie <sup>1)</sup>. So meen inspekteur Mills dat, om 'n sukses te kon wees, sentralisasie in so 'n ylbewoonde area soos Waterberg die samewerking en gewillige steun van die ouers moes hê, wat op hulle beurt gewillig moes wees om van hulle kant ook op-offeringe te doen om aan hulle kinders 'n geskikte onderwys te besorg <sup>2)</sup>.

In Junie 1911 is byvoorbeeld te Hylstroom 'n koshuis verkry deur die ingebruikneming van die ou polisiegebou aldaar, maar slegs één kind was daar gehuisves <sup>3)</sup>.

Die Raad het by die Departement aanbeveel dat, indien die Departement bereid sou wees om aan die Raad £300 en die ou skoolgebou toe te staan, die Raad sou onderneem om 'n koshuis te Rhenosterspruit op te rig <sup>4)</sup>.

Verder beveel die Raad ook aan dat 'n sentrale skool te Knopfontein opgerig moes word ten einde die skole te Koppie Alleen, Boekenhoutpoort en Boekenhoutkloof te sentraliseer soos aanbeveel deur inspekteur Mills <sup>5)</sup>.

Nieteenstaande hierdie aanbevelings was die Raad nogtans van mening dat sentralisasie in Waterberg nie deurgevoer kon word met die toewysing wat hulle ontvang het nie <sup>6)</sup>.

Reeds in 1910 het die konsentrasiepogings van die Raad in soverre geslaag dat van die donkietransportsisteen gebruik gemaak is <sup>7)</sup>, waarvoor die som van £400 toegestaan is vir die aankoop van donkies <sup>8)</sup>.

- 
1. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1911.
  2. Ibid., 1910.
  3. Ibid., Verslag inspekteur Mills.
  4. Waterbergskoolraadsnotule, 14/12/1911.
  5. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1911.
  6. Waterbergskoolraadsnotule, 3/10/1912.
  7. Ibid., 29/7/1910.
  8. Ibid., 30/9/1910.



Sterkstroom.



Rhenosterpoort.



Welkom.

Die Skoolraad het van grondeienaars aanbiedinge ontvang vir die oprigting van sentrale skole, byvoorbeeld te Kromkloof en te Rhenosterpoort <sup>1)</sup>, maar die Raad wou eerder die kinders van vervoer voorsien as om nuwe skole op te rig <sup>2)</sup>.

Die mate waarin sentralisasie in Waterberg in 1911 reeds deurgevoer was, word deur onderstaande tabel aangetoon <sup>3)</sup>:

Aantal leerlinge wat vervoerbeurse ontvang	Aantal leerlinge wat losiesbeurse ontvang	Aantal leerlinge wat vervoermid- dele ontvang	Totaal
10	120	89	219

Sentralisasie deur middel van vervoer was in Waterberg populêrder as die ander wyses van sentralisasie. Die onderstaande tabel gee die besonderhede ten opsigte van vervoer in 1911 weer <sup>4)</sup>:

Muile	Donkies	Osse	Rytuie	Tuie	Koste
-	71	-	3	3 paar	£600. 8. --.

Wat betref die kwessie van geboue, wys inspekteur Mills daarop dat in Waterberg 'n uitgebreide bouprogram onderneem moes word om te voorsien in die behuisingsgeriewe van sowel onderwysers as leerlinge. Dertien uit die 23 skoolgeboue is ongeskik en sonder onderwysers-akkommodasie <sup>5)</sup>. In 1911 egter is 'n sierlike skoolgebou te Rhenosterpoort asook 'n onderwyserswoning opgerig. Vier-en-sestig kinders kon gehuisves word, terwyl die koste £2,047 beloop het <sup>6)</sup>.

In 1912 is 'n sentrale skool te Knopfontein opgerig om die skole Boekenhoutpoort, Boekenhoutkloof en Koppie Alleen te amalgameer <sup>7)</sup>. Dit was die eerste poging van die Waterbergse Skoolraad om deur middel van 'n sentraal geleë skool te sentraliseer.

Ook te Rietfontein is in 1912 'n nuwe skoolgebou en onderwyserswoning opgerig <sup>8)</sup>.

In dieselfde jaar was ook 'n nuwe skoolgebou te Warmbad in aanbou <sup>9)</sup>.

1. Waterbergskoolraadsnotule, 25/11/1910; 31/3/1911.
2. Ibid., 31/3/1911.
3. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1911.
4. Ibid.
5. Ibid.
6. Ibid.
7. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1912.
8. Ibid.
9. Ibid.





Middelfontein.



Rietfontein 288.



Elandsfontein 695.

In die jaar 1913 is 'n skoolgebou te Doornfontein teen 'n koste van £1,483 opgerig om vier-en-sestig leerlinge te huisves <sup>1)</sup>.

Die sentrale skool te Knopfontein het in hierdie jaar ook 'n nuwe gebou kon betrek. 'n Nuwe skoolgebou en 'n onderwyserswoning is opgerig teen 'n koste van £1,312, en die skoolgebou kon vier-en-sestig leerlinge huisves <sup>2)</sup>.

Op Warmbad is ook in dieselfde tyd die nuwe skoolgebou, wat ook huisvesting gebied het aan vier-en-sestig leerlinge, en 'n onderwyserswoning teen 'n koste van £1,551 voltooi <sup>3)</sup>.

Verdere uitbreiding het in die jaar 1914 plaasgevind, toe op Elandskraal 'n skoolgebou en onderwyserswoning opgerig is teen 'n koste van £1,270 om huisvesting te bied aan 48 leerlinge <sup>4)</sup>.

Ook te Driefontein is in dieselfde jaar 'n skoolgebou opgerig om huisvesting te bied aan 48 leerlinge. Die koste aan die oprigting van die skoolgebou en die onderwyserswoning het £1,209 beloop <sup>5)</sup>.

Op Naboomspruit kon in 1914 ook 'n nuwe onderwyserswoning en 'n nuwe skoolgebou vir 48 leerlinge betrek word. Die onkoste hieraan verbonde was £1,144 <sup>6)</sup>.

In die jare 1915 en 1916 is geen geboue in Waterberg opgerig nie, miskien te wyte aan die heersende Wêreldoorlog.

In 1917 het daar egter weer verbetering ingetree, toe op Piet Potgietersrust 'n sierlike skoolgebou verrys het teen 'n koste van £7,186 om aan 350 leerlinge huisvesting te bied <sup>7)</sup>.

Verder is ook te Leeuwpoort en Zoutpan respektiewelik 'n skoolgebou opgerig vir 48 leerlinge, teen 'n koste van £683 per gebou <sup>8)</sup>.

Die onderstaande tabel gee die vordering weer wat gedurende die jare 1910 tot 1917 met die oprigting van geboue in Waterberg gemaak is:

- 
1. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1913.
  2. Ibid.
  3. Ibid.
  4. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1914.
  5. Ibid.
  6. Ibid.
  7. Ibid., 1917.
  8. Ibid.

Jaar	Skool	Leerlinge	Onderwysers- wonings.	Koshuise	Koste
1910	-	-	-	-	-
1911	1	64	1	-	£2,047
1912	2	48 elk	1	-	£1,250 £1,932
1913	1	48	-	-	£1,225
	4	64 elk	4	-	£1,369 £1,483 £1,312 £1,551
1914	3	48 elk	3	-	£1,270 £1,209 £1,144
1915	-	-	-	-	-
1916	-	-	-	-	-
1917	2	48 elk	-	-	£ 683
	1	350	-	-	£ 683 £7,186
Totaal	14	1082	9	-	

Die groot doel wat sentralisasie beoog het, was om die onderwys in die distrik op 'n hoër peil te plaas. Teen die einde van 1917 was die stand van skole in Waterberg soos volg <sup>1)</sup>:

<u>Graad van skool</u>	<u>Aantal skole</u>
P2	1
B	9
C	8
D	10
Ondersteunde plaasskole	2

As gevolg van die Wêreldoorlog van 1914 tot 1918 het sentralisasie en uitbreiding tydelik tot stilstand gekom. Teen die einde van 1918 was die toestand in Waterberg soos volg <sup>2)</sup>:

Aantal skole	Aantal koshuise gehuur, Goewts.		Aantal loseerders	Aantal leerlinge vervoer	Koste	Aantal lle.	Aantal onderwysers
29	1	2	526	523	£1,009	1,693	61

1. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1917.
2. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1918.



Kromkloof.



Zoutpan.



Zanddrift.

(b). Sentralisasie tussen die jare 1918 tot 1932.

In 1920 het die Direkteur van Onderwys skoolrade daarop gewys dat 'n kragdadige poging aangewend moes word om uitvoering te gee aan die sentralisasiebeleid sowel in die middelbare as die laer afdelings van die skoolstelsel <sup>1)</sup>. Die Onderwyskommissie van 1918 het aanbeveel dat die organisasie van skole en skoolgeriewe op die beginsel van sentralisasie gebaseer moes word <sup>2)</sup>. Op laerskole mag st. VI alleen aangehou word op skole met 3 of meer onderwysers <sup>3)</sup>.

Gedurende 1924 is deur die Uitvoerende Komitee besluit dat st. V die hoogste standaard van die laerskool-onderwys sou wees. Op die platteland veral het die oorplasing na st. V as onprakties geblyk en is oorplasing na st. VI gestel <sup>4)</sup>.

Aan die versoek van die Administrasie om soveel moontlik te sentraliseer kon die Waterbergse Skoolraad nie uitvoering gee nie. Daar word egter gevra om verhoogde beurstoelae vir sowel losies as vervoer <sup>5)</sup>. Hiervoor het die owerhede £100 toegestaan <sup>6)</sup>.

Weens die swak ekonomiese toestand wat vanaf 1919 in Waterberg geheers het, het die Skoolraad aanbeveel dat nuwe skole gestig moes word op die plase in die distrik, veral in die verafgeleë Bosveld <sup>7)</sup>. Die gevolg van hierdie aanbeveling was dat die Administrateur self die volgende plekke in die Waterbergse Bosveld besoek het, naamlik Zwartwater, Hoornbosch en Kameelfontein. Op hierdie plekke het hy vergaderings gehou om die mense se gevoelens te toets, en hy het tot die slotsom geraak dat „hetgeen de raad i.v.m. 't onderwys in 't bosveld heeft aanbevolen", toegestaan moes word <sup>8)</sup>. Die gevolg hiervan was dat 'n aantal klein skooltjies in Waterberg gestig is, nieteenstaande die owerhede se beleid van sentralisasie <sup>9)</sup>.

Tog het die Skoolraad van Waterberg 'n paar skemas vir sentralisasie voorgestel, naamlik <sup>10)</sup>:

- 
1. Departementele Sirkulêre nr. 1 van 1921 aan skoolrade.
  2. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1920.
  3. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 142.
  4. Ibid., 167.
  5. Waterbergskoolraadsnotule, 30/5/1918.
  6. Ibid., 27/9/1918.
  7. Ibid., 30/5/1918.
  8. Ibid., 25/6/1920.
  9. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1920.
  10. Waterbergskoolraadsnotule, 23/6/1922.



Zandfontein 196.



Witfontein.



Zandfontein 258.

(i) Rooikrans en Rietfontein amalgameer met die sentrale skool te Rietfontein om Doornfontein te hulp te kom;

(ii) die sentrale skool te Tooyiskraal sou Grootfontein, Morgenzon en Cyferfontein bedien.

Nieteenstaande die feit dat die Raad bereid was om in plaas van klein skole te stig aan die leerlinge beurse te gee om sentrale skole te stig <sup>1)</sup>, was daar in 1923 70 skole in die distrik <sup>2)</sup>.

Die Raad het van die standpunt uitgegaan dat „groot sentrale skole die doeltreffendheid van die onderwys op die platteland sal verhoog en op dieselfde peil sal plaas as die onderwys in stede en op dorpe en dat in verband hiermee veral in die oog gehou moet word die wenslikheid om, waar dit enigsins moontlik is, voorsiening te maak vir die onderrig van Engelssprekende kinders deur medium van Engels” <sup>3)</sup>.

Verder het die Raad ook 'n kommissie benoem om ondersoek in te stel na en verslag uit te bring oor die wenslikheid daarvan om sekere wyke vas te stel vir die oprigting van sentrale skole <sup>4)</sup>.

Die aanwas van getalle en die aantal skole in Waterberg kan duidelik gesien word uit die onderstaande tabel <sup>5)</sup>:

Jaar	Aantal skole	Aantal leerlinge	Aantal onderwysers
1918	29	1,693	61
1919	28	1,666	66
1920	36	2,130	89
1921	50	2,850	122
1922	60	3,175	140
1923	69	3,421	150
1924	72	3,623	156
1925	54	2,579	113
1926	58	2,653	124
1927	49	2,409	121
1928	53	2,417	130
1929	52	2,661	132
1930	52	2,534	128
1931	50	2,509	121
1932	52	2,597	127

1. Waterbergskoolraadsnotule, 16/2/1923.

2. Ibid., 25/5/1923.

3. Ibid., 26/2/1930.

4. Ibid., 30/1/1929.

5. Saamgestel uit Direkteursverslae, Transvaalse Onderwys-departement, 1918 tot 1932.



Vaalkop.



Rooiberg.



Bulgerivier.



Dit moet duidelik beseef word dat die Waterbergse Skoolraad sentralisasie deur middel van vervoer verkies het bo sentrale skole met koshuise daaraan verbonde. Op uitgebreide skaal is dan in Waterberg van donkietransport gebruik gemaak. Ook is, waar moontlik, van motorvervoer gebruik gemaak, byvoorbeeld te Welkomschool in 1930 <sup>1)</sup>. Inspekteur Moerdyk het hom soos volg oor die saak van sentralisasie in Waterberg uitgelaat: Die gerief van die ouer word in aanmerking geneem, nie die welsyn van die kind nie <sup>2)</sup>. In weerwil van die feit dat die Waterbergse Skoolraad beperkte sentralisasie voorstaan, beveel inspekteur Moerdyk die volgende sentralisasieskemas aan <sup>3)</sup>:

(i) Van Wyksfontein, Donkerwater en Zwartwater, met Zwartwater as sentrum;

(ii) Zandpan, Bitterfontein, Haakdoornbosch, Grootfontein, Afgunst en Boompan, met Haakdoornbosch as sentrum;

(iii) Steenbokpan, Zoutpan, Bulgerivier en Haakdoornbosch, met Steenbokpan as middelpunt.

Teen 1929 was, wat sentralisasie betref, die heersende idee: „bring die skool na die klein kind toe, waar nodig, en bring die groot kind na die skool toe“ <sup>4)</sup>. Inspekteur Viljoen spreek die gedagte uit dat die klein skooltjie miskien grotendeels die oplossing sal wees vir die donkievervoersisteem, want geen kind behoort meer as 6 myl per dag per donkie te reis nie, d.w.s. 3 myl heen en 3 myl terug <sup>5)</sup>. In Waterberg was dit onteenseglik die geval dat kinders daagliks groot afstande onder alle weersomstandighede moes aflê om die skool te besoek.

Teen 1932 was die houding in Waterberg teenoor sentralisasie dat, waar nodig, gesentraliseer moes word slegs deur middel van vervoer.

(c) Die laaste fase van sentralisasie in die jare 1932-1950.

In 1932 het die gedagte aan sentralisasie van die onderwys onder

- 
1. Waterbergskoolraadsnotule, 30/4/1930.
  2. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1924; inspekteur Moerdyk se rapport.
  3. Ibid.
  4. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1929; inspekteur Viljoen se rapport.
  5. Ibid.

die druk van geldskaarste weer begin opleef <sup>1)</sup>. Op versoek van die Direkteur het die heer S.J. Botha, hoof van die Moffattinstituut op Seodin, die Transvaal besoek om aan onderwysers en ouers sy beskouings te gee ten opsigte van landbou-onderwys op die gewone skole en van die beheer van koshuise <sup>2)</sup>.

In 1934 het die heer S.P. Bekker Administrateur van Transvaal geword. Sedert 1934 is die beleid van sentralisasie met volle mag weer aangepak en uitgevoer <sup>3)</sup>. Die gevolg was 'n geweldige uitbreiding van vervoerskemas, beurse en koshuise, veral op die platteland, en van die stigting van „skoolplase” naas die gesentraliseerde „plaasskole” <sup>4)</sup>.

Die ontwikkeling van hierdie beleid is in die hand gewerk deur die volgende gebeurtenisse: In Februarie 1934 is in Kaapstad 'n belangrike konferensie gehou oor „Landelike Onderwys”. In Mei 1934 is op Rustenburg 'n goed bygewoonde kerklike kongres in verband met die opheffing van die versonke deel van die Afrikaanse volk gehou. In Junie 1934 het die Transvaalse Administrateur in 'n kragtige rede voor die Provinsiale Raad gepleit vir meer aandag aan die opvoeding van die plattelandse kind. In Julie 1934 is die saak van plaasskole en skoolplase met groot geesdrif behandel op die groot konferensie oor die Nuwe Onderwys <sup>5)</sup>.

In April 1936 het administrateur Bekker weer eens voor die Provinsiale Raad sterk gepleit vir die sentralisering van die onderwysgeriewe. In Mei 1936 het 'n konferensie van skoolraad-afgevaardigdes op Pretoria die beleid van sentralisasie in beginsel aanvaar <sup>6)</sup>. Die Departement van Onderwys het toe 'n sentralisasie-beampte, R.S. Ferreira, aangestel om die beleid prakties uit te voer.

Wat Waterberg gedurende hierdie jare betref, word vooraf eers die stand van skole met die personeel en die leerlinge vir die jaar 1932 gegee <sup>7)</sup>:

- 
1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 180.
  2. Departementele Omsendbrief Oktober 1934, Transvaalse Onderwysdepartement, verwys.
  3. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 186.
  4. Ibid.
  5. Ibid., 186, 187.
  6. Ibid., 187.
  7. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1932.



**Rustenburg.**



**Schoongelezen.**



**Pentonvilla.**

Graad	Skole	Personeel		Aantal leerlinge
	Getal	Sertifikate	Aantal	
IVB	37	OII	62	2,597
IVA	11	OII	54	
PIII	3	Voorlopige Lisensie	11	
PII	-	-	-	
PI	1			
Totaal	52		127	2,597

Die nypende tekort in die Administrasie as gevolg van die depressie in 1932 het die Departement verplig om hom met die sentralisasie en vervoerskemas te haas <sup>1)</sup>.

Met die oog op die sentralisasiebeleid is die volgende vervoerskemas gedurende 1935 in Waterberg ingestel <sup>2)</sup>:

Van Goedvooralles na Welkom;

van Donkerpoort na Nylstroom.

In die begin was daar baie leemtes in die motorvervoerskemas. Dit was nie 'n ongewone ervaring om 'n motorbus te kry wat 'n ompad van 15 tot 20 myl enkelreis volg om kinders optelaai wat met die reguit pad ongeveer 5 tot 6 myl van die skool af gewoon het nie. Die vermoeiingsfaktor laat hom in sulke gevalle sterk voel. Kinders moes vroeg opstaan en op 'n leë maag die namiddag tuis kom. Ten spyte hiervan is motorvervoer hoog aangeprys <sup>3)</sup>.

Ten einde die grootste mate van doeltreffendheid te verkry ten opsigte van die vervoerskemas was die Departement van voorneme om in die toekoms geen motorvervoerskemas toe te staan vir enkel afstande van meer as 10 myl nie, gemeet volgens direkte roetes <sup>4)</sup>.

In 1934 het die Waterbergse Skoolraad sentralisasie voorlopig tot twee skemas beperk, naamlik:

- i. Middelfontein, Doornfontein en Rietfontein 288;
- ii. Weltevreden, Zoutpan, Zyferbult en Steenbokpan, „totdat

---

1. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1932.  
 2. Ibid., 1935.  
 3. Ibid.  
 4. Ibid.

dit bekend is watter rigting die onderwys in die naaste toekoms gaan inslaan" <sup>1)</sup>.

In verband met die voorgestelde stigting van skoolplase op die Transvaalse platteland het die Waterbergse Skoolraad besluit om saam te stem met die stigting van skoolplase; maar wat die kleiner skemas van sentralisasie betref, het die Raad gevoel dat die tyd daarvoor nog nie ryp was nie <sup>2)</sup>. Die moontlikheid van die stigting van 'n skoolplaas te Swaershoek sou deur die Raad ondersoek word <sup>3)</sup>.

Na 'n hewige stryd of die Nylstroomse skool in 'n skoolplaas omgeskep moes word al dan nie, stel die Skoolraad die hele Waterbergse distrik, met die uitsondering van Nylstroom, aan die Administrasie beskikbaar vir die oprigting van skoolplase en beveel ook aan dat skoolplase gestig word te Warmbad, Swaershoek en 'n plek anderkant die Sandriviersberge <sup>4)</sup>.

Verdere sentralisasieskemas in die Waterbergse distrik word nou soos volg deur die Raad aanbeveel <sup>5)</sup>:

- i. Weltevreden, Zoutpan, Zyverbult en Steenbokpan, met Steenbokpan as sentrum;
- ii. in die Bosveld: Fourieskloof, Waterkloof, Hoornbosch, Rustenburg 517 en Johannesburg 861, waarby die plaaslike Boereverenigings aangesê is om vir hierdie skema die mees geskikte terrein aan te wys;
- iii. Zanddrift, Elandsfontein, Sterkfontein, Bulgerivier, Schoongelegen, Sterkstroom, Hartebeestpoort, Witfontein, Zandfontein, Palmietfontein en Naauwpoort, met Zanddrift as middelpunt;
- iv. Marolong, Crecy, Bekendvlei en Doornlaagte, wat weer op Marolong moes sentraliseer.

Gedurende 1936 het die here Mann en Ferreira Waterberg besoek en die beleid van die Administrateur in verband met sentrale koshuise verduidelik. Opnuut is deur die Skoolraad weer voorgestelde skemas

1. Waterbergskoolraadsnotule, 17/5/1934.
2. Ibid., 29/10/1934.
3. Ibid., 11/12/1934.
4. Ibid., 19/3/1935.
5. Ibid., 23/11/1935.



Alma.



Warmbad.  
(van agter gesien)



Doornfontein.

ontwerp, maar proteste hierteen het gou ingestroom<sup>1)</sup>. Die ingesetenes van Waterberg wou van sentralisasie deur middel van koshuise niks hoor nie.

Gedurende hierdie periode het daar in Waterberg die volgende sentrale skole, met koshuise daaraan verbonde, ontstaan:

- i. Alma-sentrale skool, op 18 Augustus 1936 geopen;
- ii. Waterkloof-sentrale skool, op 21 Januarie 1947 geopen.

Sedert 1922 tot 1946, toe Piet Potgietersrust as onafhanklike skoolraadsdistrik bestaan het, is daar in hierdie skoolraadsdistrik die volgende sentrale skole met koshuise daaraan verbonde, gestig: Unitas, Welgedacht, Naboomspruit en Stirum. Hierdie skole ressorteer weer onder die Waterbergse Skoolraad vanaf 1946, toe Piet Potgietersrustskoolraadsdistrik se bestaan beëindig is<sup>2)</sup>.

Aan die einde van die periode 1932 - 1950 was die sentralisasiegedagte in Waterberg sover gevorder dat die volgende vervoerskema in werking was<sup>3)</sup>:

Naam van vervoerskema	Mylafstand enkelroete	Aantal leerlinge
Alma-Boekenhoutkloof	13.2	54
Alma -Rankinspas	16.0	48
Bulgerivier-Uitval	16.7	30
Bysonderheid-Singapore	20.0	47
Crecy-Kalkfontein	10.6	26
Doornfontein-Driefontein	8.55	23
Doornfontein-Paardeplaas	10.0	24
Lisbon-Marcoelasfontein	10.8	29
Marken-Overyzel	21.0	26
Nylstroom-Donkerpoort	9.0	33
Nylstroom-Doorndraai	8.0	31
Nylstroom-Olifantspoort	12.3	54
Nylstroom-Vyeboomspoort	8.6	32
Nylstroom-Zandfontein	13.1	40
Palmietfontein-Naauwpoort	17.5	36
Rietfontein-Swartkloof	15.2	34
Rhenosterpoort-Elandsfontein	13.0	32
Vaalkop-Zuurvlei	10.7	30
Rustenburg-Spekulatie	10.3	26

1. Waterbergskoolraadsnotule, 7/5/1936.

2. Departementele Omsendbrief Nr. 2 van 1947, item 12. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1946.

3. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1950.



Melkrivier.



Palmietfontein.



Bekendvlei.



Naam van vervoerskema	Mylafstand enkelroete	Aantal leerlinge
Warmbad-Tweefontein	13.5	48
Waterkloof-Weltevrede	13.1	28
Welkom-Goedvooralles	16.7	25
Witfontein-Voorstandsfontein	13.0	24
Zanddrift-Vogelstruisfontein	13.5	28
Zanddrift-Vrede	13.1	52
Zandfontein-Blaaubank	15.3	38

Die volgende tabel toon weer die aantal koshuise in Waterberg teen die einde van 1950 aan <sup>1)</sup>:

Skool	Koshuis	Aantal leerlinge
<u>Provinsiale koshuise:</u>		
Nylstroomse hoërskool	Ons Hoop	146
	Pres. Steyn	128
Nylstroomse laerskool	Nylstroom Laer	48
Lord Milner Skoolplaas	Lord Milner	203
Alma	Alma	101
Marken	Marken	168
Naboomspruit	Naboomspruit	207
Stirum	Maria Schoeman	115
Unitas	Unitas	300
Waterkloof	Waterkloof	240
Welgedacht	Welgedacht	208
<u>Goedgekeurde koshuise:</u>		
Bulgerivier	Bulgerivier	45
Melkrivier	Melkrivier	52

In 1951 was die stand van skole in Waterberg soos volg <sup>2)</sup>:

	Laer- skole	Junior- hoërskole	Hoër- skole	Totaal
Aantal skole	34	3	2	39
Aantal leerlinge	4289	986	894	6169
Aantal onderwysers	150	37	44	231

1. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1950.
2. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1951; inspekteur Schoute-Vanneck se rapport.



Leeuwpoort.



Geelhoutkop.



Waterkloof.

## 2. Inspeksierapporte vanaf 1910 tot 1950.

### a. Gebrek aan kontinuïteit in die onderwys in Waterberg teen 1910.

Teen die einde van 1910 was een van die mees prominente verskynsels in Waterberg die gebrek aan kontinuïteit in die onderwys, wat toegeskryf moet word aan die vlottende onderwyskorps en leerlinge. Die wintertrek van die ouers was nog 'n jaarlikse instelling, sodat leerlinge se skoolbesoek baie daaronder gely het. So het inspekteur Mills dan ook tereg moes opmerk dat die trekgewoonte van die ouers 'n hindernis bly in die weg van bestendigheid in die onderwys <sup>1)</sup>. Die wisseling van die personeel van skole moet toegeskryf word aan die gebrek aan huisvesting en, indien verkrygbaar, die swak huisvesting vir onderwysers <sup>2)</sup> asook aan die ongesonde omgewing in malariastreke.

Wat die skoolvakke betref, kan dit kortliks gestel word dat die algehele vooruitgang in die onderwyspeil moeilik bespeurbaar was.

Uit die inspekteursrapporte van 1911 tot 1920 blyk verder dat die skoolgeboue in Waterberg oor die algemeen veel te wense oorgelaat het. Verskeie van die inspekteurs moes kla oor die swak instandhouding van die geboue <sup>3)</sup>. Teen 1920 kon gerapporteer word dat wat geboue betref, Waterberg in 'n gunstige posisie was <sup>4)</sup>.

Bywoning deur leerlinge het nog veel te wense oorgelaat. Meubels en uitrusting was voldoende.

### b. Stabiliteit in die onderwys, 1920 - 1950.

Vanaf 1920 het daar in die onderwys gaandeweg meer vastigheid en stabiliteit gekom. So kon inspekteur Moerdyk reeds in 1921 rapporteer dat die algemene peil van die ontwikkeling in die Waterbergse skole met bevoegde onderwyskragte langamerhand hoër word. Dit geld egter altyd nog meer die werktuiglike as die vormende deel van die onderwys. Die meeste onderwysers versier ook hulle klaskamers, en waar daar voldoende water is, word skooltuintjies aangelê <sup>5)</sup>.

---

1. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1911; inspekteur Mills se verslag.

2. Ibid.

3. Ibid., 1914; inspekteur Moerdyk se rapport.

4. Ibid., 1918; inspekteur Moerdyk se rapport.

5. Ibid., 1921; inspekteur Moerdyk se rapport.

Vanaf 1932 was die inspekteurs so sentralisasiebewus deur middel van koshuise en vervoerskemas dat hulle rapporte meer bevat het oor sentralisasieskemas en sentralisasie as oor die leervakke self.

In 1943 het inspekteur Malan verslag gedoen dat oor die algemeen bevredigende vordering gemaak is <sup>1)</sup>.

In 1947 het inspekteur Schoute-Vanneck gerapporteer dat die behaalde onderwyspeil in ongelukkig te veel gevalle nie opweeg teen die werkwyer wat aan die dag gelê is nie, te wyte aan die groot getal kleinere skooltjies in Waterberg <sup>2)</sup>.

Tog is die onderwys in Waterberg in 1929 in die openbare pers skerp gekritiseer. Daar is veral gekla oor die ondoeltreffendheid van die onderwys van Engels as tweede taal. Inspekteur Viljoen wys in hierdie verband daarop dat die peil van onderwys in Engels nie van swakker gehalte is as in die res van die provinsie nie, as in aanmerking geneem word dat die kinders nie met die tweede taal in lewende aanraking kom nie <sup>3)</sup>. Verdere kritiek het ook gehandel oor die gebrek aan fasiliteite vir Engelssprekende kinders in Waterberg. Hierdie kritiek was ongegrond, want daar het reeds Engelsmedium-klasse bestaan op Nylstroom, Warmbad, Leeuwpoort en Naboomspruit. Hierdie tegemoetkoming van die Departement geniet egter nie altyd die ondersteuning wat verwag kon word nie, terwyl getalle soms so laag was dat dit nouliks die ekstra uitgawe geregverdig het <sup>4)</sup>. Ook het die Departement die privaat Engelsmediumskool te Lleweni oorgeneem. Hier was ook 'n behoorlike koshuis, en dus was daar voldoende voorsiening vir Engelssprekendes in die distrik <sup>5)</sup>.

Uit die rapport van die inspekteurs in hierdie jare blyk dit baie duidelik dat daar twee sake was wat baie probleme geskep het. Dit was die kwessie van watervoorsiening en sanitasie. By baie skole was die toestand wat hierdie sake betref, uiters swak.

- 
1. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1943; inspekteur Malan se rapport.
  2. Ibid., 1947; inspekteur Schoute-Vanneck se rapport.
  3. Ibid., 1929; inspekteur Viljoen se rapport.
  4. Ibid.
  5. Ibid.

Gaandeweg het daar verbetering ingetree, sodat daar teen 1950 in Waterberg nie veel gekla kon word oor die skoolgeboue nie. Die meeste geboue is permanente goewermentsgeboue, en hulle is in 'n goeie toestand. Die paar privaatgeboue wat gehuur word, is nie na wens nie.

Wat watervoorsiening betref, is dit oor die algemeen goed, maar in die geval van Sterkfontein en Rustenburg is dit nie na wens nie.

Die posisie ten opsigte van meubels en uitrusting is goed. Genoegsaam en voldoende meubels is voorhande, terwyl die uitrusting ook voldoende is <sup>1)</sup>.

Ook wat betref akkommodasie van onderwysers, is Waterberg goed daaraan toe. In die distrik is daar tans nie minder as 33 woonhuise vir onderwysers nie <sup>2)</sup>.

Vandag is die onderwys in Waterberg kerngesond en staan op 'n goeie peil. Goeie werk word verrig deur 'n aantal opgeleide en pligsgetroue onderwysers, ook op die afgeleë plekke in die Waterbergse bosveld <sup>3)</sup>.

### 3. Hoër onderwys in Waterberg.

#### a. (i) Die Hoërskool van Nylstroom.

Reeds in 1908 het die Skoolraad by die Departement aansoek gedoen dat sekondêre onderwys ingestel sal word aan die Nylstroomse skool <sup>4)</sup>. Hiervan het egter niks tereggekom nie. Herhaaldelik is die aansoek weer gedoen en is gevra dat die graad van die Nylstroomse skool verhoog moes word sodat middelbare onderwys gegee kon word <sup>5)</sup>.

Gedurende die jare 1914 - 1918 het die saak van middelbare onderwys te Nylstroom niks kon vorder nie, maar in 1918 het die Raad weer daarop aangedring om aan die Nylstroomse skool 'n Matrikulasieklas te open aan die begin van 1919 met die oog op die voldoende aantal leerlinge <sup>6)</sup>.

- 
1. Meegedeel: Skoolraadsekretaris, Waterbergskoolraad.
  2. Ibid., mnr. S.P. Oosthuizen.
  3. Meegedeel: Inspekteur Böhmer, Waterberg-inspeksiekring.
  4. Waterbergskoolraadsnotule, 7/1/1908.
  5. Ibid., 24/9/1909.
  6. Ibid., 27/9/1918.



Nylstroom Laerskool.



Nylstroom Laerskool.  
(voorheen Hoërskool).



Klaskamers van die Nylstroom Hoërskool.

Om vir die nodige akkommodasie te sorg het die Raad op 1 Januarie 1920 te Nylstroom 'n koshuis geopen met 'n aansienlike aantal kosgangers. Hierdie gebou is van dr. Dekema gehuur teen £17. 10. - per maand <sup>1)</sup>.

Weer eens is in 1925 daarop aangedring dat Nylstroom 'n hoërskool moes kry, maar die Uitvoerende Komitee was nie bereid om dit goed te keur nie <sup>2)</sup>. Die saak het daarna so gebly tot in 1934, toe daar in Waterberg 'n hewige stryd losgebrand het met betrekking tot die hoërskool.

Met die voorgestelde stigting van skoolplase op die Transvaalse platteland in gedagte het die skoolkommissie van die Nylstroomse skool die Skoolraad genader met die versoek om 'n skoolplaas te stig aan die skool. Die Raad beveel by die Administrateur aan om aan die versoek te voldoen deur 'n skoolplaas te stig aan die Nylstroomse skool vir 'n proeftydperk van 4 jaar <sup>3)</sup>.

Die saak van 'n skoolplaas te Nylstroom is nog verder bevorder deur die Nylstroomse dorpsraad se aanbod aan die Administrasie van 30 morg grond en 2 morg grensende aan die suidwestelike kant van die seunskoshuis, asook weiding vir 40 stuks grootvee en 100 stuks kleinvee <sup>4)</sup>.

Ook die Skoolraad het besluit dat daar voortgegaan moes word met die oprigting van 'n skoolplaas te Nylstroom <sup>5)</sup>. Die saak is op 20 Februarie 1935 met die Administrateur bespreek <sup>6)</sup>.

Dit dien in hierdie verband en op hierdie tydstip daarop gelet te word dat ds. H.J. Venter, predikant van die Gereformeerde Kerk Waterberg en tewens ook lid van die Skoolraad, 'n leidende rol gespeel het in die teenstandspoging teen die oprigting van 'n skoolplaas te Nylstroom. Hy het die stigting van 'n suiwer hoërskool in plaas van 'n skoolplaas vurig bepleit. Dit is slegs deur sy toedoen dat die idee van 'n skoolplaas te Nylstroom verongeluk het <sup>7)</sup>.

1. Waterbergskoolraadsnotule, 27/9/1918.

2. Ibid., 24/9/1925; 29/10/1925.

3. Ibid., 16/10/1934.

4. Ibid., 19/12/1934.

5. Ibid., 9/2/1935.

6. Ibid., 19/2/35; 20/2/35.

7. Meegedeel: Mnr. J. Heystek. Vergelyk ook toespraak F.H. Odendaal, L.U.K., tydens opening van Hoërskool.



Pres. Steyn-huis.  
(meisieskoshuis)  
Nylstroom Hoërskool.



Nylstroom Hoërskool.  
(skuins van voor gesien).



Die stryd van Hoërskool vs. Skoolplaas het onverpoos voortgegaan, en die Waterbergers moes hulle tevrede stel met die mededeling van die Direkteur van Onderwys om te wag op die aanbevelings van die Onderwyskommissie (die Nicol-kommissie) insake die hoërskool te Nylstroom <sup>1)</sup>.

Eindelik het die blye dag vir Waterberg aangebreek dat kennis geneem is van die besluit van die Uitvoerende Komitee dat die Nylstroomse skool vanaf Januarie 1940 verdeel sal word in 'n hoërskool en 'n laerskool <sup>2)</sup>.

Die Nylstroomse hoërskool het vinnig vooruitgegaan. Die volgende tabel gee die posisie weer ten opsigte van inskrywing, personeel en st. X-uitslae vir 1940 en 1950 <sup>3)</sup>:

Jaar	Aantal personeellede	Leerling-inskrywing	Leerlinge wat st. X geslaag het
1940	14	327	20
1950	22	411	31

(ii) Buiteaktiwiteite van die Nylstroomse hoërskool.

Die Nylstroomse hoërskool bied sy leerlinge 'n ruime verskeidenheid van buiteaktiwiteite. Die leerlinge van die skool is verdeel in Trekke, naamlik die Potgieter-, die Trichardt- en die Van Rensburgtrek. Gesonde kompetisie tussen die Trekke sorg vir die nodige belangstelling.

Die leerlinge van die Hoërskool het gepresteer in die volgende sportsoorte: rugby, tennis, stoei, atletiek, korfbal, swem en boks. 'n Paar Springboksportmanne en -vroue het reeds uit die geledere van oud-skoliere van die Nylstroomse hoërskool te voorskyn getree <sup>4)</sup>.

Ook word gesorg vir die kulturele kant van die opvoeding deur middel van kunswedstryde, 'n debatsvereniging, volkspele en die Voortrekkerbeweging.

- 
1. Waterbergskoolraadsnotule, 15/9/1938.
  2. Ibid., 4/1/1940.
  3. Gegewens verstrek deur die hoof van Nylstroom—hoërskool.
  4. Mev. Julia Wipplinger (nee Thompson) - tennis; mnr. S.S. (Basie) Viviers - rugby; mnr. Manie van Zyl - stoei.

Die religieuse kant van die opvoeding geniet ook aandag en het 'n deel aan die buitemuurse aktiwiteite deur middel van die C.S.V.-vereniging en die Christelike Jongeliedevereniging, takke waarvan aan die skool bestaan <sup>1)</sup>.

(iii) Akkommodasie.

As gevolg van die gebrek aan koshuise sedert die jaar 1918 <sup>2)</sup>, toe die Nylstroomskool 'n laerskool met middelbare afdeling was, het die drie Afrikaanse Kerke te Nylstroom in die bresse getree <sup>3)</sup>. Om die finansies op 'n gesonde voet te hou is 'n stelsel van selfonderhoudende koshuise ingevoer. Van die Nylstroomse dorpsraad is ongeveer 60 morg grond aan die skool geskenk, nadat die dorpsraad die grond van die Unieverdedigingsmag verkry het. Op hierdie grond is die buiteaktiwiteite van die koshuis dan voortgesit. So het die Departement van Onderwys dan ook sy deel bygedra deur die verskaffing van vee, gereedskap ens. So goed het die stelsel van die selfonderhoudende koshuis gewerk, dat die Administrateur, die heer Simon Bekker, self besoek kom aflê het en informasie oor die stelsel ter plaatse kom inwin het <sup>4)</sup>.

As gevolg van hierdie stelsel van selfonderhoudende koshuise het die stryd van skoolplaas teen hoërskool in Waterberg ontstaan. Tot 1925 kon nie in die behoefte aan die nodige akkommodasie voorsien word nie. In hierdie jaar neem di. Venter en Alheit, van die Gereformeerde Kerk en die Nederduits Geref. Kerk respektiewelik, die voortou, en die drie Afrikaanse Kerke bou twee sierlike koshuise, naamlik „Ons Hoop” en „Ons Toekoms”, teen £16,000. Dit was in die jaar 1929. Die kerke het die geld verkry op 'n redempcieskema, en hulle was gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die skuld op die geboue <sup>5)</sup>.

In 1937/38 het die Administrasie van Transvaal die koshuise oorgeneem vir die skuld wat nog op die geboue was. ~~in Bedrag wat~~

1. Vgl. Jaarblaaie van die Nylstroomse hoërskool, 1940-54.
2. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwys Departement, 1918.
3. Meegedeel: Ds. H.J. Venter, Geref. Kerk, Nylstroom.
4. Meegedeel: Ds. H.J. Venter.
5. Ibid.



Administrasie-blok van die Nylstroom Hoërskool.



Pres. Kruger-huis.  
Nylstroom Hoërskool.



Ons Toekoms.  
(anneks by seunskoshuis: Nylstroom Hoërskool.

~~nog op die geboue was.~~ 'n Bedrag wat nog uitstaande was ten opsigte van beurse, is aangewend as hoërskoolbeurse as gevolg van 'n kerklike besluit <sup>1)</sup>.

Intussen het die koshuise te klein geword om die toenemende aantal leerlinge te huisves, sodat privaathuise gehuur moes word om in die behoefte te voorsien. So 'n toestand van sake was onbevredigend. In 1948 kon egter nuwe koshuise betrek word, wat opgerig is teen 'n koste van £61,000 <sup>2)</sup>, sodat die toestand wat betref akkommodasie, tydelik opgelos kon word.

b. Die Junior-hoërskool, Warmbad.

Die Waterbergse Skoolraad het hom reeds in 1937 sterk uitgespreek teen die wegneem van die st. V- en VI- klasse op die plaasskole <sup>3)</sup>. Daarom het die Raad aanbeveel dat op Warmbad en Springbok Flats st. VII-klasse ingestel word <sup>4)</sup>. 'n St. VII-klas is in 1936 te Warmbad in die lewe geroep in ooreenstemming met die beleid van die Departement van Onderwys <sup>5)</sup>, maar dit het reeds aan die einde van dieselfde jaar tot niet gegaan <sup>6)</sup>.

Die jaar 1938 was die jaar waarin die sogenaamde junior-hoërskool 'n gevestigde instelling van die Transvaalse onderwysstelsel geword het. Die Departement van Onderwys het in hierdie jaar nog nie finaal besluit of 'n skoolplaas te Warmbad of te Settlers opgerig moes word nie <sup>7)</sup>. In 1940 het die Departement besluit om die skoolplaas Lord Milner te Settlers te open <sup>8)</sup>.

Die Skoolraad van Waterberg het in 1941 weer eens sterk daarop aangedring om 'n junior-hoërskool te Warmbad in die lewe te roep <sup>9)</sup>.

- 
1. Meegedeel: ds. H.J. Venter.
  2. Direkteursverslag Transvaalse Onderwysdepartement, 1948.
  3. Waterbergskoolraadsnotule, 19 Januarie 1937.
  4. Ibid., 29 Augustus 1938.
  5. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1936.
  6. Ibid., 1937; inspekteur W.A. Visser se rapport.
  7. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1938.
  8. Ibid., 1940.
  9. Waterbergskoolraadsnotule, 23/1/41; 1/5/1941.

Hierop reageer die Departement deur mee te deel dat die st. VI- en VII-klasse te Warmbad nie afgeskaf sal word nie, en dat dit later selfs nodig mag word om 'n junior-hoërskool te stig <sup>1)</sup>.

Die junior-hoërskool te Warmbad het in 1945 'n voldonge feit geword, toe met die nuwe gebou begin was <sup>2)</sup>, wat in 1947 voltooi is <sup>3)</sup>.

Ook hier was koshuisakkommodasie 'n brandende vraagstuk, maar in 1947 is 'n sierlike koshuis opgerig <sup>4)</sup>, waarin leerlinge gerieflik gehuisves kon word.

c. Die Piet Potgieter-hoërskool, Potgietersrust.

In 1916 het die Waterbergse Skoolraad by die Departement aanbeveel dat middelbare onderwys te Piet Potgietersrust ingestel moes word <sup>5)</sup>. In 1918 was middelbare klasse daar in swang, waar leerlinge tot Matriek of „'t Eerste Deel van 't Derde klas Onderwysers-eksamen" kon leer <sup>6)</sup>. In 1919 was daar slegs 18 leerlinge in die middelbare afdeling <sup>7)</sup>, sodat die Skoolraad 'n afvaardiging na die Administrateur gestuur het rakende die kwessie van middelbare onderwys te Piet Potgietersrust <sup>8)</sup>. In 1920 kon van owerheidsweë die versekering verkry word dat st. VII- en VIII-klasse te Piet Potgietersrust sou bestaan <sup>9)</sup>. Die middelbare afdeling het geleidelik in leerlingaantal gegroei.

In 1938 is die junior-hoërskool in die Transvaalse onderwysstelsel in die lewe geroep. Die middelbare afdeling te Piet Potgietersrust het so gevorder dat in 1941 daaruit gebore is die Piet Potgietersrustse Junior-hoërskool <sup>10)</sup>. Net die volgende jaar is die Piet Potgieter-hoërskool se geboorte aanskou <sup>11)</sup>.

- 
1. Waterbergskoolraadsnotule, 7/8/1941.
  2. Ibid., 6/9/1945. Ook Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1945; inspekteur J.P. Malan se rapport.
  3. Ibid., 1947; inspekteur N.H. Schoute-Vanneck se rapport.
  4. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1947; bylae XI.
  5. Waterbergskoolraadsnotule, 28/1/1916.
  6. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1918; inspekteur J. Moerdyk se rapport.
  7. Ibid., 1919.
  8. Waterbergskoolraadsnotule, 3/10/1919.
  9. Ibid., 30/4/1920.
  10. Direkteursverslae, Transvaalse Onderwysdepartement, 1940 en 1941.
  11. Ibid., 1942.

In 1947 is nuwe skoolgeboue en aanbouings aan 'n meisieskoshuis, Elsie Maria, opgerig <sup>1)</sup> en die volgende jaar aanbouings aan die seunskoshuis <sup>2)</sup>. Die koste verbonde aan die bou van die skoolgeboue en koshuisaanbouings het £55,360 en £97,573 respektiewelik beloop <sup>3)</sup>.

d. Die Lord Milner-skoolplaas.

Die stryd tussen skoolplaas en hoërskool te Nylstroom, waarna vroeër verwys is, het die stigting van 'n skoolplaas in Waterberg vertraag.

Nadat die Nylstroomse hoërskool in 1940 gestig is, het die kwessie van 'n skoolplaas gelê tussen Warmbad en Settlers. Op laasgenoemde plek is reeds in 1937 gesentraliseer <sup>4)</sup>, dog teen 1938 kon die Departement nog nie finaal besluit of 'n skoolplaas op Settlers of op Warmbad gestig moes word nie <sup>5)</sup>.

Die Waterbergse Skoolraad beveel in hierdie jaar aan dat st. VII-klasse gestig moes word op Springbok Flats <sup>6)</sup>. Ook beveel die Skoolraad aan dat te Warmbad 'n junior-hoërskool in plaas van 'n skoolplaas gestig moes word <sup>7)</sup>.

Die kwessie is opgelos toe die Lord Milner-skoolplaas met klasse tot st. VIII in 1942 in die lewe geroep is <sup>8)</sup>.

4. Algemeen.

a. Skoolmediese dienste in Waterberg.

Skoolmediese dienste, ingestel in 1913, het waardevolle werk verrig in verband met voorligting en bestryding van siektes. Waterberg, met sy malaria en bilharzia, kon deur die skoolmediese dienste baie baat. Tot 1928 was die skoolmediese dienste in Waterberg egter maar baie karig. In 1920 is die eerste mediese besoek aan die Waterbergse skole gebring deur dr. Leipoldt, geneeskundige inspekteur van skole <sup>9)</sup>. Daarna is die besoeke eenvoudig links

- 
1. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1947.
  2. Ibid., 1947.
  3. Ibid., 1948.
  4. Ibid., 1937; inspekteur W.A. Visser se rapport.
  5. Ibid., 1938.
  6. Waterbergskoolraadsnotule, 29/8/1938.
  7. Ibid., 23/1/1941; 1/5/1941.
  8. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1942.
  9. Ibid., 1920.

laat lê totdat daar weer 'n besoek aan die Waterbergse skole plaasgevind het in 1928.

Die onderstaande tabel toon die persentasie defektiewe leerlinge in 1928 aan <sup>1)</sup>:

Skool besoek	Getal leerlinge ondersoek	Getal defektiewe leerlinge	% defektief	Opmerkings	
				Milt	Ondervoed
Alma	82	24	29.3	1.2	13.4
Buffelshoek	13	6	46.2	46.2	-
Bulgerivier	22	8	36.4	18.2	-
De Dam	14	12	85.7	78.6	-
Elandsfontein 695	45	26	57.8	-	26.7
Elandsfontein 2148	50	24	48.0	-	18.0
Gemsbokfontein	16	7	43.8	-	18.8
Grootfontein	19	14	73.7	52.6	-
Groothoek	14	3	21.4	-	14.3
Haakdoornboom	14	9	64.3	35.7	21.4
Hartebeesfontein 2326	27	9	33.3	-	3.7
Hartebeesfontein 1645	25	3	12.0	-	-
Hoornbosch	28	19	67.9	53.6	-
Kalkbult	42	18	42.9	-	21.4
Leeuwpoot	64	18	28.1	1.6	6.3
Libanon	26	9	34.6	11.5	-
Lisbon	74	19	25.7	-	4.1
Naaupoot	42	13	31.0	2.4	14.3
Nylstroom	226	71	31.4	0.9	7.1
Palmietfontein	39	17	43.6	5.1	10.3
Rhenosterhoekspuit	15	5	33.3	-	-
Rietfontein	94	33	35.1	3.2	5.3
Rustenburg	23	16	69.6	56.5	4.3
Steenbokpan	23	12	52.2	34.8	-
Sterkfontein	51	27	52.9	23.5	3.9
Tweefontein	46	16	34.8	-	4.3
Welkom	35	9	25.7	-	-
Weltevreden	35	16	45.7	28.6	5.7
Witfontein	29	13	44.8	6.9	17.2
Zandfontein	35	10	28.6	-	8.6
Zoutpan	40	26	65.0	45.0	5.0

1. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1928.

Om die mediese dienste verder uit te brei is in 1952 'n deeltydse tandheelkundige behandelingsentrum ingestel te Nylstroom <sup>1)</sup>.

Na sentralisasie het die mediese dienste verbeter. Waterberg het 'n vaste skoolverpleegster verkry met standplaas Pietersburg <sup>2)</sup>.

Gereeld word die skole besoek, en voorligting word gegee in die bestryding van veral malaria en bilharzia. In 1934 is 'n bilharzia-kamp te Nylstroom gehou, waar besmette leerlinge inspuitings en behandeling ontvang het <sup>3)</sup>. Ook is voorlesings gehou om aan te toon hoe bilharzia voorkom kan word, want feitlik al die riviere in Waterberg is daarmee besmet.

#### b. Vrywillige onderwysorganisasies in Waterberg.

In die onderwys in Waterberg is dit nie alleen die formele onderwys wat aandag geniet nie, maar ons tref daar ook verskeie organisasies aan wat tot die opvoeding en onderwys van die kinders meewerk. Hierdie organisasies is in die skole self saamgetrek en vorm deel van die pligte van die onderwysers, wat hierdie afdeling van die onderwys op vrywillige basis behartig.

##### (i) Die Spaarsaamheidsbeweging.

Reeds in 1918 het die Spaarsaamheidsbeweging in Waterberg die lig gesien, toe die Penniebank by verskillende skole aldaar gestig is <sup>4)</sup>. Later het die Spaarklubstelsel die Penniebank vervang. Byna al die skole in Waterberg het so 'n klub geopen, waar die leerlinge hulle spaargeld deponeer vir belegging in Unieleningssertifikate.

##### (ii) Jeugbewegings.

Aan verskeie skole in Waterberg is daar jeugbewegings verbonde, die vernaamste waarvan is die „Voortrekkerbeweging" en die „Boy Scouts" asook die „Girl Guides". Hierdie bewegings oefen verreikende invloed uit, veral ten opsigte van die gesonde kampelewe en die diensvaardigheid wat daarmee gepaard gaan. Ook kan die kulturele invloed wat van hierdie bewegings uitgaan, nie oorskat word nie.

- 
1. Transvaalse Onderwysdepartement, Omsendbrief Deel XVIII, Nr. 3 van 1952.
  2. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1935.
  3. Ibid., 1934.
  4. Ibid., 1918.



Daar bestaan ook in die Waterbergse hoërskole nog die Kerklike jeugverenigings, wat daadwerklike en prysenswaardige invloed uitoefen op die jeug van Waterberg in die middelbare onderwys.

(iii) Die Kadetafdeling.

Die kadetafdeling aan die Mylstroomse hoërskool is in 1919 gestig <sup>1)</sup>. Die afdeling handhaaf 'n hoë standaard. Dit vorm ook 'n deel van die dissiplinêre opleiding van die seuns en bied hulle geleentheid om vertrouwd te raak met militêre dissipliné en ander opvoedkundige en maatskaplike aspekte daarvan.

(iv) Sportorganisasies.

Die sportaktiwiteite neem 'n belangrike plek in die buitemuurse aktiwiteite van die skole in Waterberg in. Nie alleen word skool-sportbyeenkomste gereël nie, maar ook word die leerlinge die kans gebied om op gesonde wyse op die interskoolsportbyeenkomste met ander leerlinge te kompeteer. Daar is selfs geleentheid om op 'n streeksbasis met ander streke van die Transvaal te kompeteer.

(v) Skoolfunksies en kermisse.

Die Waterbergse skole beywer hulle om ook reg te laat geskied aan die kulturele ontwikkeling van die leerlinge aan hulle sorg toevertrou. Gereeld word daar skoolkonserte gehou wat prikkelend en leersaam is. Skoolkermisse word gehou, waar die leerlinge ook hulle deel moet bydra.

-----

---

1. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1919.

HOOFSTUK VII.SAMEVATTING EN SLOT.1. Onderwys onder die Z.A. Republiek, 1850 - 1900.a. Die eerste jare in Waterberg, 1850 - 1872.

Op die noordelike voorposte van die Z.A. Republiek het die Waterbergers met godsvertroue en vasberadenheid op hulle ingeslane weg voortgegaan, nieteenstaande die gevaar van vyandige inboorlingstamme teen wie die pioniers huis en haard moes verdedig.

Getrou aan hulle opvattinge is die kinders onderrig na Gods Woord. Die onderwys van die kinders was 'n onafskeidbare deel van die ouerplig. Die groot doel van die onderwys was om die kind te bekwaam om lidmaat van die kerk te word, terwyl dit tradisie was dat die kerk geen lidmaat sou aanneem wat nie kon lees en skryf nie.

Onder moeilike omstandighede en sonder onderwysers tot hulle beskikking moes die ouers self die onderwys van die kinders behartig. Die ouerlike plig teenoor die kinders wat betref die onderwys, was voorwaar groot. Sonder 'n georganiseerde onderwysstelsel, sonder hulpmiddels, sonder geboue en uitrusting, sonder meubels en sonder handboeke het die ouers probeer om die kinders te bewaar teen sedelike en verstandelike agteruitgang. Die patriargale lewenspatroon het meegebring dat die kinders opgevoed is in gehoorsaamheid en eerbied vir gesag, liefde vir volk en vaderland maar, bo alles, in die vrees van God. Die opvoeding het gepas by die lewensomstandighede, het voldoen aan die eise van die tyd en was gebaseer op die lewensopvatting en lewenshouding van die Boerepionier.

Die staat was nie verantwoordelik vir die opvoeding van die kind nie. Dit het lank geduur voor die staat hierdie verantwoordelikheid aanvaar het, omdat die ouers beskou is as die aangewese gesag wat die verantwoordelikheid van die onderwys en opvoeding moes dra.

Verskeie faktore het die onderwys en opvoeding van die kinders, wat die skoolse betref, in die eerste jare in Waterberg dan ook baie beïnvloed. Nie alleen is die lewe bemoeilik deur vyandige kafferstamme nie, maar Waterberg was ook bekend as 'n ongesonde streek

as gevolg van malaria. 'n Gedurige wintertrek was die gewoonte, omdat Waterberg bekend was as 'n jagtersparadys. Verder het gebrek aan plaasarbeiders die ouers genoop om die kinders uit die skool te neem om op die plase behulpzaam te wees. Onder sulke omstandighede was daar in die vroegste jare in Waterberg geen sprake van skole as onderwysinrigtings nie.

b. Ontwaking op die gebied van die onderwys.

(i) Onder president Burgers.

Met sy ampsaanvaarding as President van die Z.A. Republiek het president Burgers dadelik ingesien dat die onderwys in die Republiek hervorming nodig het. Hy het 'n staatstelsel van onderwys in die lewe geroep wat onpartydig was met betrekking tot die godsdiensonderwys.

Die ouers in Waterberg was te arm om onderwysers te verkry op die subsidiestelsel volgens die Burgerswet van 1874, met die gevolg dat hulle nog self die onderwys van hulle kinders behartig het. Daar is slegs te Nylstroom en Rhenosterpoort gebruik gemaak van Burgers se onderwysstelsel en onderwyssubsidie.

Alhoewel die onderwysstelsel van Burgers in Waterberg nie op groot skaal toegepas is nie, het dit tog 'n voordeel gehad, en dit was om tog ingang by die mense te vind en hulle te laat ontwaak ten opsigte van die onderwys.

(ii) Oplewing en belangstelling in die onderwys

onder ds. S.J. du Toit.

Ds. Du Toit het as Superintendent van Onderwys van die Z.A. Republiek nuwe idees in die onderwys van die Republiek toegepas. Wet Nr. 1 van 1881 het 'n stelsel van staatsondersteunde skole in die lewe geroep waar die onderwys Christelik-nasionaal moes wees, alhoewel die leerstellige deel van die onderwys aan die kerke oorgelaat was.

Die Du Toit-wet het gepas by die volksaard en -tradisies van die Boere, terwyl die mense se belangstelling gaande gemaak is

deur die stelsel van staatsondersteunde skole op Christelike en nasionale grondslag. Die onderwysstelsel het nou ook gepas by die gees, rigting en behoeftes van die volk, wat deur die stelsel van Du Toit in staat gestel is om deur privaat onderneming in die onderwysbehoeftes te voorsien.

Met ywer is die onderwys in Waterberg nou aangepak en georganiseer. Aansoeke om staatsondersteunde skole te stig, het ingestroom; skoollokale is beskikbaar gestel; skoolkommissies is in die lewe geroep, en skole is gestig, maar ongelukkig was daar nog baie ouers wat nie van die geleentheid wat die wet hulle gebied het om vir hulle kinders onderwys te verskaf, gebruik gemaak het nie. Skoolinspeksie het egter agterweë gebly.

Die invloed van die skool op die kinders was van verbygaande aard, aangesien die meeste skole slegs 'n kort tydjie bestaan het. Sodra die leerlinge belydenis van geloof afgelê het, het hulle die skool verlaat. President Kruger het die saak duidelik gestel deur te beweer dat die mense nie wetenskaplike onderwys wou hê nie. Die Bybel was vir hulle genoeg. By gebrek aan die nodige middele vir en belangstelling in wetenskaplike onderwys aan die kant van die ouers was die vordering maar gering.

Tog het hierdie tydperk vir Waterberg waarde getoon deur aan die ouers dit tuis te bring dat die staat die onderwys van die kinders van groot belang ag. Die ouers wie se kinders die skole nie besoek het nie, sou mettertyd die erns van die saak insien, sodat groter ontwikkeling kon intree op die gebied van die onderwys.

Een van die kenmerke van die Du Toit-stelsel was dat dit gelyke kanse gebied het aan skole in die dorpe en skole op die plase. Die gevolg hiervan was dat klein skooltjies oral op die plase in die distrik ontstaan het, en oral waar kinders onder 'n onderwyser byeengebring is, is subsidie betaal. Omdat die ouers by die stelsel kon aanpas, het hulle lewendige belangstelling in die onderwys begin openbaar, sodat selfs in die verafgeleë dele van die Waterbergse bosveld die gedagte van skoolopvoeding posgevat het.

(iii) Reorganisasie van die onderwys onder Mansvelt.(a) Hervormings op onderwysgebied.

Mansvelt het voortgebou op die Du Toit-stelsel. Hy het egter die administrasie herorganiseer en op doeltreffende grondslag geplaas. Deur sy Onderwyswet van 1892 is die standaard van onderwys ook verhoog.

'n Algemene leerplan is vasgestel waarin die eise vir die verskillende standers vasgestel is. Hierdeur is ook die onderwys in Waterberg op 'n hoër en meer uniforme peil gebring. Om dit te kon bewerkstellig is ook voorsiening gemaak vir die nodige skoolboeke. De Schoolgids het noukeurige aanwysings en instruksies met betrekking tot die uitbetaling van subsidies verstrek asook ten opsigte van die invul van registers, state, die stigting van nuwe skole, sodat die skoolstatistiek vollediger en betroubaarder kon wees.

(b) Leermetodes en inspeksies.

Onder Mansvelt is moderner leermetodes in die skole ingevoer. By leesonderrig, byvoorbeeld, moes die spelmetode plek maak vir die klankmetode. Meer aanskouingslesse in Natuurkennis, Aardrykskunde en Geskiedenis is ingevoer.

Inspeksies is gereelder gehou, wat die onderwys ten goede gekom het. Hierdeur is die onderwys op 'n hoër peil geplaas, en meer eenvormigheid as vroeër kon bewerkstellig word. Die gereelde inspeksies en oorplasing van leerlinge deur die inspekteur was dan ook 'n spoorslag vir kinders, onderwysers en skoolkommissies tot groter belangstelling in die onderwys.

Die inspeksierapporte uit hierdie jare gee 'n duidelike beeld van die onderwystoestande, veral in die buitelandse distrikte. Skoolgeboue en ameublement was in die meeste gevalle maar swak, maar tog getuig die rapporte van goeie werk wat daar verrig is.

(c) Groei en ontwikkeling.

Kragtens Wet Nr. 8 van 1892 is die laerskole verdeel in twee groepe, naamlik laerskole met klasse tot st. III en middelbare

skole tot en met st. VI.

Die meeste kinders het slegs die laerskoolkursus deurloop, omdat die meeste ouers in Waterberg dit nie kon bekostig om die kinders voortgesette onderwys te laat ontvang nie.

Nogtans het die aantal leerlinge in die Waterbergse skole toegeneem, soos onderstaande tabel aantoon:

1892 ... .. 178 leerlinge

1898 ... .. 388 leerlinge

Vir Waterberg, met sy ylverspreide bevolking is hierdie syfers gunstig, in aanmerking nemende die feit dat die distrik sedert die tagtiger jare gebruik begin maak het van die georganiseerde onderwysstelsel. 'n Ander faktor was die arbeidstekort op die plase. Verder dien daarop gelet te word dat die aantal bevoegde onderwysers slegs met die grootste inspanning vermeerder kon word.

## 2. Die naoorlogse periode van onderwysreëlings, 1902 - 1950.

### a. Die onderwysstelsel van lord Milner.

Die Britse oorheersers wou die Boerevolk hervorm en op Britse lees skoei. Wat nie met die wapen gedoen kon word nie, moes deur die onderwys bewerkstellig word. 'n Nuwe, suiwer Britse onderwysbeleid het nou die onderwyswêreld in die Transvaal beheer. Britse amptenare het die ou Republikeinse vervang. Die anglisasieproses moes die Boerevolk denasionaliseer, wat die beste ten uitvoer gebring kon word deur middel van die onderwys. Die burokratiese onderwysstelsel se hoofdoel was om die verowerde Republiek so spoedig moontlik te verengels. Proklamasie Nr. 9 van 1902 het alle skoolkommissies en gesubsidieerde skole onder die kontrole van die Direkteur van Onderwys geplaas, sodat plaaslike beheer verdwyn het.

### b. Die C.N.O.-skole.

Die Boerevolk kon maar nie aanpas by die Engelse onderwysstelsel

nie. Daar het by hulle 'n gees van ontevredenheid ontstaan teenoor die nuwe. Daarom het hulle die eie onderwysstelsel gefundeer op Christelik-nasionale grondslag, na 1902 in die lewe geroep.

Ook in Waterberg was die gevoel vir die eie onderwys sterk, maar weens gebrek aan materiële middele, kon in hierdie distrik nie veel aan C.N.O. gedoen word nie.

'n Verarmde volk kon nie meeding met die vry Engelse skoolstelsel nie, sodat vroeg in 1908, na die inwerkingtreding van die Smutswet, die C.N.O. roemloos begrawe is.

Na inwerkingtreding van die Smutswet het 'n nuwe onderwysstelsel begin vorm aanneem, 'n stelsel geskoei op Britse lees, want die Selborne-onderwyswet van 1905 het as gids vir die samestelling van die onderwyswet van 1907 gedien.

c. Die periode van aanpassing, 1907 - 1950.

(i) Veranderinge op onderwysgebied.

Die Smutswet het belangrike veranderinge in die onderwys teweeggebring. Skoolrade en skoolkommissies is in die lewe geroep om die inspekteurs en die Departement in adviserende hoedanigheid by te staan. Verpligte onderwys tussen die leeftye 7 tot 14 jaar is ingestel. Die boonste leeftydsgrens is in 1916 verhoog tot 15 jaar. In 1933 het verdere verandering gekom, toe 16 jaar of st. VIII die boonste grens van verpligte onderwys geword het.

Die Smutswet het verder bepaal dat die onderwys op godsdienstige basis sou berus, nie op 'n leerstellige nie.

Wat betref die taalkwessie, is Hollands en Engels na 1912 op gelyke voet geplaas, maar dit was eers na 1918 dat Hollands deur Afrikaans as voertaal vervang is.

(ii) Nuwe aanpassings.

(a) Konsentrasie op onderwysgebied.

Die moeilikhede om die verspreide bevolking van Waterberg te voorsien van goeie onderwysgeleenthede was baie groot. Oral het die Transvaalse platteland sterk aangedring op beter en meer

fasiliteite vir plattelandse skole. Die groot vraag wat deur die owerhede beantwoord moes word, was: moes onderwys gebring word tot voor elkeen se deur, of moes eenmanskole afgeskaf word? Dit wil sê, moes daar gesentraliseer of gedesentraliseer word?

Die stelsel van konsentrasie is deur die Administrasie aanvaar, en jaar vir jaar is groter geldelike bydraes gelewer om aan hierdie beleid uitvoering te gee, veral wat betref vervoer- en losiesaanleentheid.

Die vervoer van leerlinge, eers deur middel van die skool-donkie, het ontwikkel in die moderne vervoer van leerlinge per motorbus. Eenvoudige, ontoereikende skoolkoshuise uit die oue dae het in Waterberg plek gemaak vir sierlike en gerieflike skoolkoshuise op verskeie plekke. In die plek van eenmanskooltjies het daar sierlike sentrale skole ontstaan, dog in Waterberg was dit die uitsondering. Konsentrasie deur middel van vervoer is in Waterberg die populêre middel tot sentralisasie.

(b) Nuwe skole geopen.

Na Unifikasie het die onderwys op die platteland meer aandag begin geniet. 'n Spesiale leerplan met 'n sterk landboukundige strekking is in werking gestel.

In 1914 is die stelsel van vry onderwys uitgebrei na die middelbare skole, terwyl skoolboeke gratis aan leerlinge in die laerskole verskaf is.

Teen 1918/19 het die Waterbergse Skoolraad sterk aangedring op uitbreiding van die onderwysfasiliteite in die distrik, hoofsaaklik in die rigting van hoër onderwys. Hulle pogings is eers in 1940 met sukses bekroon, toe die Hylstroomse hoërskool geopen is.

(c) Inspeksie.

Die inspeksiestelsel van die Republikeinse dae, en ook lank na die oorlog van 1899 tot 1902, was gebaseer op individuele inspeksie van leerlinge, wat vir die bevordering van standerd tot standerd die aangewese metode was.



Namate die akademiese en professionele kwalifikasies van onderwysers verhoog is en die peil van die onderwys verbeter is, het die metode van individuele inspeksie plek moes maak vir klasinspeksie, sodat hoofde van skole nou verantwoordelik was vir die bevordering van leerlinge. Hierdie verantwoordelikheid van die hoof van die skool is verder uitgebrei toe in 1935 aan hoofde opdrag gegee is om aan die kringinspekteur rapport uit te bring oor die werk van die assistente.

(d) Skoolmediese dienste.

Skoolmediese dienste, in 1913 in die Transvaal ingestel, het waardevolle dienste gelewer ten opsigte van voorligting en bestryding van siektes. Veral Waterberg, met sy byna epidemiese voorkoms van malaria en bilharzia, het baie gebaat by hierdie dienste. Deeltydse tandheelkundige dienste is in die distrik ingestel. Hierdie dienste behoort, veral op die verafgeleë bosveldstreke, nog meer uitgebrei te word, sodat meer leerlinge hiervan voordeel kan trek. In Waterberg veral is die tandheelkundige diens ontoereikend.

3. Slot.

a. Die stand van onderwys in Waterberg, 1950.

(i) Stand van skole.

Teen 1949 was daar in Waterberg 32 skole wat onder die skoolraad geressorteer het, terwyl die hoërskool en die skoolplaas onderskeidelik beheer is deur 'n beherende liggaam en 'n adviserende raad <sup>1)</sup>. Van hierdie 32 skole is die grootste meerderheid klein skole met grade PE en PF. Dit blyk dat in Waterberg nog baie klein skooltjies bestaan. In verband met hierdie klein skooltjies is beweer „dat die kleinere skool, met sy gemiddelde van 20.1 leerlinge per leerkrag, na verhouding seker wel 'n taanlike geldelike las op die Provinsie plaas. Ook gebeur dit dikwels dat die nodige onderwysers vir hierdie tipe inrigting nie beskikbaar is nie" <sup>2)</sup>.

---

1. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1949.  
2. Ibid.; inspekteur N.H. Schoute-Vanneck se rapport.

In die laerskole in Waterberg was teen Desember 1949 128 onderwysers en 3,393 leerlinge <sup>1)</sup>.

(ii) Die peil van die onderwys in Waterberg teen 1949.

Teen 1900 was die peil van die onderwys in Waterberg, ten spyte van goeie vordering wat op onderwysgebied gemaak is, nie wat dit behoort te gewees het nie. In vergelyking hiermee was die onderwyspeil in Waterberg teen 1949 bepaald van hoër gehalte. Die oorgrote meerderheid van onderwysers(esse) het hulle met geesdrif, ywer en erns van hul taak gekwyt <sup>2)</sup>, maar tog het daar gevalle voorgekom waar „in baie gevalle, die behaalde standaard nie op (weeg) teen die werkwyer wat daar aan die dag gelê word nie“ <sup>3)</sup>. Hierdie leemte is gewyt aan die groot getal kleinere skole wat oor hierdie uitgestrekte gebied versprei is, en ook aan die gedurige wisseling van skool wat plaasvind.

(iii) Leerkragte, hulle leermiddels en leermetodes.

Teen 1949 was die skole in Waterberg bedien deur opgeleide en bekwame leerkragte, wat hulle met ywer en erns van hul taak gekwyt het. Behalwe die gewone skoolwerk is baie aandag ook bestee aan die estetiese, liggaamlike en ander aspekte van die kind se ontwikkeling om van die kind 'n goeie burger te kon maak, sodat hy sy plek in die samelewing kon volstaan. Met onbaatsugtige ywer is skoolfunksies, kunswedstryde, atletiek- en sportbyeenkomste ens., ten bate van die leerlinge gered.

Wat die leermiddels betref, is vooruitgang bespeur op die gebied van skoolbiblioteke en die aanskaffing van moderne hulpmiddels. Leerkragte besef al meer en meer die waarde van hierdie hulpmiddels.

Die daarstelling van 'n besliste opvoedkundige atmosfeer in klaskamers word terdeë besef <sup>4)</sup>, en verdienstelike werk is in hierdie opsig gedoen.

1. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1949; Bylae III.
2. Ibid.; inspekteur Schoute-Vanneck se rapport.
3. Ibid.
4. Ibid.

Aan skoolmateriaal en uitrusting is teen 1949 geen noemenswaardige tekorte ondervind nie.

Die leerkrigte in Waterberg volg die moderne leermetodes in die onderrig van die leerlinge aan hul sorg toevertrou.

(iv) Geboue en terreine.

Die geboue in Waterberg is, op 'n paar uitsonderings na, goewermentseiendom. Herstel- en opknappingswerk was teen 1949 egter by heelparty geboue nodig <sup>1)</sup>. 'n Hele aantal geboue was in aanbou of is in 1949 voltooi, sodat Waterberg vir getuime tyd oor voldoende akkommodasie sal beskik <sup>2)</sup>.

Wat skoolterreine betref, meen inspekteur Schoute-Vanneck dat veel meer tot stand gebring kon word. In die meeste gevalle sien die terreine daar onaantreklik uit. Die belangstelling in hierdie baie noodsaaklike opvoedkundige aspek het teen 1949 gaandeweg begin toeneem <sup>3)</sup>.

b. Konsentrasie in die onderwys teen 1950.

(i) Koshuise.

Alhoewel daar 13 provinsiale koshuise asook 2 goedgekeurde koshuise in die inspeksiekring was, kon hierdie koshuisfasiliteite nie as geheel en al toereikend beskou word nie, aangesien daar nog van privaatlosies gebruik gemaak is. In die nabye toekoms sal reëlins getref moet word om op die koshuisfasiliteite, soos dit teen 1949 bestaan het, uit te brei.

(ii) Vervoerskemas.

„Hoe jammer tog dat hierdie manier om 'n skool by te woon blykbaar bo die daarstelling van sentrale skole met koshuisgeriewe verkies word" <sup>4)</sup>. Dit tipeer die houding van die ouers in Waterberg baie goed ten opsigte van konsentrasie in die onderwys. Busvervoerskemas is in Waterberg die populêre manier van sentralisasie.

- 
1. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1949; inspekteur Schoute-Vanneck se rapport.
  2. Ibid.
  3. Ibid.
  4. Ibid.

Teen 1949 was in Waterberg 22 busvervoerskemas in werking <sup>1)</sup>. Hierdie skemas het die ou donkievervoer vervang. Ondanks die gewildheid van die vervoerskemas, het dit tog nadele daaraan verbonde. In Waterberg is die roetes meestal lank. Leerlinge wat van sulke vervoerskemas gebruik maak, is gewoonlik van die voorregte van alle nas'koolse bedrywighede verstoke.

(iii) Sentrale skole.

Die beleid om deur middel van sentrale skole te sentraliseer, word in Waterberg algaande met meer en meer te'sinnigheid bejeën <sup>2)</sup>, en daarom kan verwag word dat min vooruitgang op hierdie gebied gemaak sal word. Waar daar in Waterberg sentrale skole bestaan, staan hierdie geboue as sierade, en word goed gebruik.

c. Die toestand in Waterberg in 1950 gesien teenoor toestande in 1850.

Waar Waterberg in 1850 op die gebied van die onderwys nog niks kon aanbied nie, is daar teen 1950 baie groot vordering te sien. Sierlike en goed toegeruste skoolgeboue en koshuise, motorvervoerskemas, die groot aantal leerlinge (beide op laer- en hoërskole), die gekwalifiseerde en opgeleide onderwyserskorps, die buite-aktiwiteite en skoolbedrywighede getuig almal van die groot vooruitgang wat in die bestek van 100 jaar plaasgevind het. Die onderwys in Waterberg is vandag kerngesond en vergelyk gunstig met die van die res van Transvaal <sup>3)</sup>.

Op die gebied van die kultuur word teen 1950 in Waterberg gevind dat ook hier baie groot vordering gemaak is sedert 1850.

Vervoerfasiliteite is vandag baie goed in vergelyking met die toestande teen 1850. Toentertyd was daar feitlik 'n gebrek aan paaie; vandag is Waterberg voorsien van 'n netwerk van provinsiale en nasionale paaie.

1. Direkteursverslag, Transvaalse Onderwysdepartement, 1949; Bylae X.
2. Ibid.; inspekteur Schout-Vanneck se rapport.
3. Meegedeel: Inspekteur Bömer.

Verder is ook op mediese gebied, die gebied van die handel, op landbougebied, trouens op alle gebiede van die samelewing geweldig vooruitgang gemaak sedert 1850.

Hierdie vooruitgang sal in die toekoms nog invloed uitoefen op die onderwys in Waterberg.

---

AANHANGSEL A.HARTINGSBURG <sup>1)</sup>.

„Die bestaande dorp Warmbad, op die plaas „Het Bad“, deur president Burgers aangekoop in 1873, is nie die oorspronklike dorp nie wat in verband met Warmbad staan. Die oorspronklike dorp was Hartingsburg, geleë op die aanliggende goewermentsplaas Roodepoort, dog te ver van die Bron, om geskik te wees vir die doel. Dit het dus 'n natuurlik dood gesterf.

Hartingsburg het tot stand gekom op 11 Desember 1882 onder proklamasie van president Kruger namens die Driemanskap, ingevolge Volksraadsbesluit nr. 310 van 8/6/82 ten effekte dat die eersvolgende aan te lê dorp in die Transvaal genoem sou word na die „so waardige prof. Harting“ <sup>2)</sup>.

1. Byskrif by portret van prof. Harting in Argief deur J. de V. Roos, 12/4/33.

2. Ridder van die Orde van die Nederlandse Leeu, en skrywer van talle van geleerde boeke. Prof. Pieter Harting, gebore 27/2/1812 en oorlede op 2/12/1885, is 'n besonder liefvallige man gewees, altyd strydende as 'n reus ten behoeve van die verdruktes van die wêreld. Eers was dit die Israeliete van Europa, en toe was dit vir die Transvaalse Burgers in hul stryd vir die onafhanklikheid in die oorlog van 1880 - 1881.

In sy kampanje vir die Transvaal het hy die simpatie van Holland so opgewek, dat bydraes so oorvloedig ingekom het, dat dit nie alleen genoegsaam was vir die Boere-gewondes en weduwees en wese van die gevallenes nie, maar nog 'n oorskot gelewer het wat vir die openbare opvoeding in die Republiek bestee is.

Die Boere-deputasie na Europa van 1884 het spesiaal 'n besoek van hulde en dankbaarheid aan die waardige grysaard te Amersfoort in Holland gebring. Hy is daar oorlede in die volgende jaar en in die kerkhof begrawe met 'n suil en marmer urn met die opskrif: „Pieter Harting, 1812-1885. Hij had de natuur lief .... zij ontbloot hem hare schatten. Hij had de menschen lief .... zij loonden hem met wederliefde.“

Na sy dood is daar 'n vereniging onder die studente van die Universiteit van Amsterdam opgerig onder die naam van „Harting“ met Latynse sinspreuk: „Hominibus Augustus Reverentiam Tribuere Illustris Nationis Gloria.“

(Die roem van 'n vermaarde volk bestaan daarin om eer te bewys aan sy grote seuns.)

Sy graf te Amsterdam is nog 'n heiligdom vir Transvalers wat Holland besoek.

AANKUNGSSEL B.

HUISHOUDELIKE BEPALINGE VAN DIE GOEWERMENSKOOL TE TWEE-  
FONTEIN, dist. WATERBERG, WYK NYLSTROOM, vasgestel  
20 OKTOBER 1887<sup>1)</sup>:

Artikel 1: Op die plaas Tweefontein word 'n goewermentskool  
opgerig, te begin op 1 November 1867.

Artikel 2: Tot onderwyser word aangestel A. Penning.

Artikel 3: Die skoolkommissie bestaan uit J. du Plessis  
de Beer, voorsitter, J.C. de Beer en D.L. de Beer.

Artikel 4: Skoolure word soos volg vasgestel: Voormiddae van  
9 tot 12, namiddae van 1 tot 4.

Artikel 5: Vakansiedae sal wees van 1 tot 3 Januarie; 1 tot  
3 Maart; 1 tot 3 Mei, ens.: om die twee maande  
drie dae vakansie.

Artikel 6: Skool word gehou van Maandagoggend tot Vrydagmiddag.

Artikel 7: Goewermentsubsidie „bedoeld by de wet" sal aan die  
onderwyser uitgekeer word.

Artikel 8: Onderwys word gegee in die Hollandse taal in die  
volgende vakke: Lees, Skryf, Rekene, Sang, Aard-  
rykskunde. Engels sal onderwys word. Sondae  
sal die onderwyser  $1\frac{1}{2}$  uur onderwys gee in die  
Gereformeerde godsdien.

Artikel 9: Die voorsitter van die skoolkommissie kan, op aanvraag  
van die onderwyser, nog ander vakansiedae verleen,  
ander as bedoel in artikel 5.

Artikel 10: Tot tesourier van die skool word benoem die  
onderwyser.

Artikel 11: Die skool word geopen met 14 leerlinge.

(Geteken:) J. du P. de Beer.  
J.C. de Beer.  
D.L. de Beer.

AANHANGSEL C.

SKOOLWETTE VAN BAKORENSKRANSGOEWERMENTSKOOL <sup>1)</sup>.

- Artikel 1: Die skoolkommissie bestaan uit A.D. Niemand,  
voorsitter, I.I. van Staden, tesourier, F.S.  
Lensly, N.H. Pienaar, D. Erasmus, F.D. Lensly.
- Artikel 2: Hermann Alexander Albrecht sal aangestel word as  
onderwyser.
- Artikel 3: Die skool sal geopen word op 30 Desember 1887  
met 25 kinders.
- Artikel 4: Die skoolkommissie sal vir 'n behoorlike skoolgebou  
sorg en dit onderhou.
- Artikel 5: Die skoolkommissie sal die ouers aanspreeklik hou  
om die kinders te voorsien van die nodige skool-  
boeke ensovoorts.
- Artikel 6: Die heer Albrecht sal vir sy werk as onderwyser  
ontvang: a. subsidie van die goewerment;  
b. behalwe die subsidie, van ouers van leer-  
linge 2/6d. vir elke leerling per maand.
- Artikel 7: Die skoolkommissie het die reg om verandering aan  
te bring indien die onderwyser nie voldoen aan  
die vereistes van die skoolwette nie.
- Artikel 8: Vakansiedae sal wees die laaste 14 dae van elke  
kwartaal.

---

1. O.D. 4/2: Nr. 341.



AANHANGSEL D.

HUISHOUDELIKE REELS VAN PIET POTGIETERSRUSTSE  
PUBLIEKE CRISTELIKE SKOOL, OPGESTEL 7/9/90<sup>1)</sup>.

- Artikel 1: Die skool sal wees onder 'n bestuur van 9 lede, 7 van wie 'n kworum sal uitmaak.
- Artikel 2: Die bestuur kies 'n voorsitter, sekretaris, vise-voorsitter en 'n penningmeester.
- Artikel 3: Die voorsitter het 'n stem en 'n beslissende stem. In sy afwesigheid neem die vise-voorsitter sy plek in.
- Artikel 4: Die sekretaris is belas met die hou van notule en bewaring van dokumente behorende aan die skool.
- Artikel 5: In geval van sy afwesigheid word dit aan die kommissie oorgelaat om 'n waarnemende sekretaris aan te stel.
- Artikel 6: Die penningmeester is belas met die invordering van skoolgeld en alle uitbetalinge onder toesig van die kommissie van waaksaamheid.
- Artikel 7: Die boeke van die penningmeester word elke drie maande geouditeer deur 'n kommissie deur die bestuur gekies.
- Artikel 8: Die bestuur vergader een maal elke drie maande, maar die kommissie van waaksaamheid het die reg om, wanneer nodig, 'n vergadering van die bestuur te belê, met twee dae vooraf kennisgewing van die spesiale vergadering.
- Artikel 9: Verwag word van die lede van die bestuur om elke vergadering by te woon. Die meer as twee maal sonder kennisgewing afwesig is, hou op om lid te wees.
- Artikel 10: Uit die bestuur word 'n waaksaamheidskomitee gekies, waarvan die meerderheid besluit en van tyd tot tyd rapport doen na bevind van sake.
- Artikel 11: Wanneer 'n bestuurslid wil bedank, gee hy die voorsitter kennis daarvan, en laasgenoemde doen dadelik stappe om 'n plaasvervanger te benoem.

---

1. O.D. 7/2: Skoolbestuur aan Superintendent, 7/9/90.

Artikel 12: Jaarliks in die maand Junie word 'n bestuur verkies op 'n vergadering van belanghebbendes. Aftredende lede is herkiesbaar.

VIR DIE OUERS.

Artikel 1: Ouers wat begerig is hulle kinders in die skool te sit, doen aansoek by die sekretaris, wat daarvan aantekening hou, en die onderwyser kan die penningmeester hiervan kennis gee.

Artikel 2: Geen kind sal vir 'n korter tyd as een jaar opgeneem word nie. Ouers wat kinders wil uitneem, gee minstens drie maande voor die einde van die jaar kennis aan die sekretaris.

Artikel 3: Skoolgelde word kwartaalliks vooruit betaal.

VIR DIE ONDERWYSER.

Artikel 1: Die onderwyser of onderwyseres moet die kwalifikasie besit om onderwys te gee in die laer, middelbare en hoër onderwys.

Artikel 2: Die onderwyser moet van goeie sedelike gedrag wees en lidmaat van 'n Protestantse kerkgenootskap.

Artikel 3: Hy moet in staat wees om onderwys te gee in Hollands sowel as in die Engelse taal.

Artikel 4: Sangkuns moet onderwys word, en as leidraad moet gebruik word die musiek van die Psalms en Gesange, terwyl Sankey en die Kinderharp toegelaat word.

Artikel 5: Minstens een uur per dag moet afgesonder word vir Bybelonderwys. Leidraad is die Kinderbybel.

Artikel 6: Skoolure word deur die onderwyser gereël in medewerking met die waaksaamheidskomitee.

Artikel 7 : Die skool word elke dag geopen en gesluit met gebed.

(vi)

AANHANGSEL E.

KWARTAALREKENING VIR SUBSIDIE AAN SKOLE IN DIE Z.A. REPUBLIEK <sup>1)</sup>.

REKENING.

De Regering der Z.A. Republiek aan \_\_\_\_\_ (1)  
zynde subsidie voor de ondersteunde School te . \_\_\_\_\_ (2)  
voor het kwartaal van \_\_\_\_\_ tot \_\_\_\_\_ 188 \_\_\_\_\_

Aantal leerlingen gedurende de	Maanden (3)	(3)	(3)	Totaal maanden (4)	Bedrag £. s. d.
-----------------------------------	----------------	-----	-----	--------------------------	--------------------

Lager Onderwys:  
Gewone leerlingen  
tegen 5/- p.m.

Niet-betalende  
leerlingen tegen  
10/- per maand

Middelbare Onderwys:  
Gewone leerlingen  
tegen 8/4 per maand

Niet betalende  
leerlingen tegen  
16/8 per maand.

De ondergeteekenden certificeren hierby, dat bovenstaande rekening correct is, en dat de niet-betalende leerlingen kinderen zijn van werkelijk onvermogene ouders of voogden.

\_\_\_\_\_  
ONDERWIJZER.

\_\_\_\_\_  
SCHOOLBESTUURDER.

TER EXPLICATIE.

1. Deze ruimte in te vullen met den naam van den Thesaurier van het schoolbestuur.
2. Naam der plaats, wyk of dorp en het distrik.
3. Naam van ieder der maanden van het kwartaal.
4. Totaal aantal leerlingen van elk der drie maande.

AANHANGSEL F.

Inspectie gehouden door H. Visscher, Wd. Inspecteur van Scholen, gedurende het derde Kwt. 1897 <sup>1)</sup>.

School te RHENOSTERFONTEIN, wijk Zwagershoek, distrik Waterberg.

Geopend: 1 Februari 1897.

Geïnspecteerd: 23 Juli 1897.

Laatste Inspectie: zie boven.

Hoofd der school: J.P. Jurrius, sedert opening.

Kw. Assistent: Mej. E.P. Eloff.

Lokaal: geschikt voor ongeveer 40 leerlingen.

Meubelen: vrij goed. (Zie opm.)

Leermiddelen: goed.

Schoolregister: in orde.

Registers: in orde.

Roosters van werkzaamheden: in orde.

Aantal leerlingen: 32; afwezig wegens ziekte: 1; wegens arbeid: 0; om andere redenen: 0; aantal gratis leerlingen: 9; aantal klasafdeelingen: 4. Ben.St. 0 II.

In Std. I zijn 2 klasafdeelingen met 16 leerlingen; in Std. II zijn 10 leerlingen; in Std. III zijn 6 leerlingen.

Korte Opmerkingen: Het onderwijs werd bijgewoond volgens rooster van werkzaamheden in de volgende vakken: Bijbelse Geschiedenis, Rekenen, Lezen, Schrijven, Aanschouwings onderwijs en Recitatie. In één woord kan gezegd worden: alle onderwijs word degelijk gegeven. De leerlingen in Std. II zijn zwak in lezen en schrijven. Dit ligt echter niet aan het hoofd der school, die in beide vakken grondig onderwijs geeft.

De kweekelinge, mej. E.P. Eloff, leerd onder de leiding van het hoofd der school methodisch werken.

Er zijn op 't oogenblik niet genoeg banken en tafels voor het aantal leerlingen. Hierin zal ten spoedigste voorzien moeten worden.

De orde is zeer goed en de toon van het onderwijs opgewekt.

---

L. Verslag van de Schoolinspectiën, gehouden gedurende het Derde Kwartaal 1897, gepubliceerd door den Superintendent van Onderwijs van de Zuid Afr. Republiek, overeenkomstig Volksraadbesluit, d.d. 6 Mei 1892.

AANKOMSTEL G.

VERKLARENDE LYS VAN AFKORTINGS VAN ONDERWYSSTERTIFIKATE.


O	=	Ongesertifiseerd.
IIe kl.	=	Onderwijzerssertifikaat IIe klasse, Z.A.R.
IIIe kl.	=	Onderwijzerssertifikaat IIIe klasse, Z.A.R.
V. & O.	=	Akte Vrije en Orde-oefeningen Gymnasium, Nederland.
H.,N.	=	Hoofdacte, Nederland.
O.,N.	=	Onderwijzerssertifikaat, Nederland.
S.H., K.K.	=	School Higher Certificate, Kaapkolonie.
E.T., K.K.	=	Elementary Teacher's Certificate, Kaapkolonie.
M., K.K.	=	Matriculation Certificate, Kaapkolonie.
M.T., K.K.	=	Middle Class, Teacher's Certificate, Kaapkolonie.
Eng.	=	Engelsch L.O., Nederland.
Fr.	=	Fransch L.O., Nederland.

-----

AANHANGSEL II.

KAART AANTONENDE DIE LIGGING VAN SKOLE IN DIE  
WATERBERGSE SKOOLRAAD GEDURENDE 1955.

(Kaart verkry van die Waterbergse Skoolraad).



BRONNELYS.

A. ARGIEFSTUKKE.

1. O.D.-Bande: 1 - 14; Uniegebou, Pretoria.
2. VRN.: Volksraadsnotule 1859 - 1891.
3. VRB.: Volksraadsbesluite 1859 - 1899.
4. R.-stukke: Staatsekretaris tot 1899.
5. URB.: Uitvoerende Raadsbesluite, 1859 - 1899.
6. Notules van skoolkommissies en skooljoernale.
7. S.A. Argiefstukke, Tvl., Deel I - V.

B. ONGEPUBLISEERDE DOKUMENTE.

1. Notule Waterbergse Skoolraad 1907 - 1950.
2. Notule Gereformeerde Gemeente van Nylstroom (Waterberg).
3. Notule Algemene Vergadering van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, 1886.
4. Jaarboek van die Gefed. Ned. Geref. Kerke, 1952.

C. ONGEPUBLISEERDE VERHANDELINGE.

1. Oosthuizen, J.H.: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys vir blankes in Middelburg-distrik. M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Potchefstroom, 1946.
2. Van der Merwe, J.L.: Geskiedenis van die ontwikkeling van die onderwys in Rustenburg, 1840 tot 1945. M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Potchefstroom, 1948.
3. Van Zyl, J.A.: Die onderwysgeskiedenis van Lydenburg en distrik voor 1900. M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Potchefstroom, 1947.
4. Snyman, J.J.: 'n Histories-kritiese studie oor die ontwikkeling van die onderwys van blankes in die distrik Marico, Transvaal, 1848 - 1948. M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Potchefstroom, 1948.

D. GEPUBLISEERDE BRONNE.

1. Onderwysverslae, Transvaal.
  - a. Report on the Educational needs of the Transvaal Colony, 1901.
  - b. Transvaal Education Department: Report for the School Year - Jan. - Dec., 1903 - 1908.
  - c. Superintendentsverslae in die Zuid-Afrikaanse Republiek, 1878 - 1898.
  - d. Jaarverslae van die Transvaalse Direkteur van Onderwys, 1900 - 1950.
  - e. Lyle, dr. J. Vacy: Verslag over den toestand van het Onderwijs in de Transvaal, d.d. Pretoria, 16 November 1878.

D. 2. Omsendbriewe en briewe.

Transvaalse Onderwysdepartement: Sirkulêres, Minute.

3. Wette, koerante, tydskrifte, brosjures ens.

- a. De Locale Wetten der Z.A.R., 1858 - 1899.
- b. De Schoolgids - De Superintendent van Onderwys in de Z.A. Republiek, 1892.
- c. De Staatscourant, 1856 - 1877: 1881 - 1900.
- d. Die Kerkblad van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.
- e. Het Kerkblad der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 1877 - 1908.

E. GEPUBLISEERDE WERKE: BOEKE.

- 1. Bot, A.K.: Honderd jaar Onderwys in Transvaal, 1836 - 1936. Staatsdrukker, Pretoria, 1936.
- 2. Coetzee, J. Chris :
  - a. Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 1838 - 1938. Afr. Pers Bpk., Bloemfontein, s.j.
  - b. Onderwys in Transvaal, 1838 - 1937. Van Schaik, Pretoria, 1941.
  - c. Die Gereformeerde beginsel en die onderwys in die Transvaal, 1858 - 1937, Nas. Pers Bpk., Bloemfontein.
- 3. Jeppe, Carl: The caleidoscopic Transvaal, 2nd. edition. Chapman & Hill, London, 1906.
- 4. Lugtenburg, A.H.: Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836 - 1900. J.L. van Schaik, Pretoria, 1925.
- 5. Malherbe, E.G.: Education in South Africa, 1652 - 1922. Juta & Co., Ltd., Cape Town & Johannesburg, 1925.
- 6. V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek. J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1918.
- 7. Walker, Eric A.: A history of South Africa. Longmans Green & Co., London, 1928.
- 8. Stuart, J.: De Hollandsche Afrikanen en hun Republiek. G.W. Tielkemeyer, Amsterdam, 1854.
- 9. Ploeger, J.: Onderwys en onderwysbeleid in die S.A.R. onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt, 1881 - 1900. Argiefjaarboek, 1952.
- 10. Malan, J.H.: Die opkoms van 'n Republiek. Nas. Pers Bpk., Bloemfontein, 1929.
- 11. Potgieter, C., en Theunissen, N.H.: Hendrik Potgieter. Afr. Pers Bpk., Johannesburg, 1937.
- 12. Oosthuizen, A.J.G.: Algemene en Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis, 4e druk. Uitgegee deur die Raad vir Jeugwerk, 1952.
- 13. Du Toit, S.: Handleiding vir die studie van die kerkgeskiedenis, 2e hersiene uitgawe. Uitgegee deur die Calvin-Jubileum-Boekefonds, 1945.



14. Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, 2e hersiene uitgawe. J.H. de Bussy, Pretoria, 1935.
15. Engelbrecht, S.P.: Euufees-album, Ned. Herv. Kerk van Afrika, 1842 - 1942. Pretoria, 1942.
16. Euufees-album Piet Potgietersrust.
17. Pont, A.D.: Nicolaas Jacobus van Warmelo, 1835 - 1892. Kemink en Loon, Utrecht.
18. Die Transvaalse offisiële gids. Staatsdrukker, 1955.
19. Wichmann, F.A.A.: Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838 - 1860. Cape Times Ltd., Kaapstad, 1941.
20. Pelzer, A.N.: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I. Balkema, Kaapstad. 1950.

F. DEPONENTE.

De Ridder, A.	: Dullstroom.
Engelbrecht, S.P.	: Pretoria.
Grobler, C.S. van H.	: Warmbad.
Heystek, J.	: Nylstroom.
Horak, ds. M.H.	: Nylstroom.
McCord, sen. J.J.	: Warmbad.
Snyman, ds. G.	: Nylstroom.
Ströth, A.C. van W.	: Nylstroom.
Tamsen, komdt. A.	: Warmbad.
Tamsen, E.	: Nylstroom.
Venter, ds. H.J.	: Nylstroom.

---